

KLEURLINGBEHUISING IN EERSTERUST, PRETORIA :
'N SOSIOLOGIESE ONTLEDING MET BESONDERE VER-
WYSING NA ONWENSLIKE BEHUISINGSTOESTANDE EN
DIE HOUDING VAN DIE KLEURLINGE TEN OPSIGTE
VAN HUL BEHUISINGSOMSTANDIGHEDE

deur

Tj. van der Walt
B A. (Hons)

Voorgelê ter voldoening aan die vereistes
vir 'n M.A.-graad in die Sosiologie.

Universiteit van Pretoria, 1966.

VOORWOORD

Graag maak die ondersoeker van hierdie geleentheid gebruik en 'n woord van dank en erkenning te rig aan een en almal wat hierdie ondersoek moontlik gemaak het.

Allereers dank en erkenning aan die Allerhoogste vir die vermoë en geleentheid om die ondersoek te kon doen.

'n Woord van dank en erkenning aan my promotor, Prof. dr. J.E. Pieterse, en mede-promotor, Dr. N.J. Rhodie. Hul leiding en vriendelik samewerking het veel vir my beteken.

Baie dankie ook aan die Afdeling Nie-Blanke Sake van die Pretoriase Stadsraad, in die besonder aan Mnr. Kellerman verbonde aan die kantoor van die Pretoriase Stadsraad in Eersterust. Die ondersoeker vertrou dat die gegewens wat in hierdie verhandeling vervat is, vir hulle van waarde mag wees en tot die welsyn en voordeel van Eersterust se inwoners aangewend sal kan word.

Verder wens ek ook 'n woord van dank uit te spreek teenoor die Kleurlinge van Eersterust wat my so vriendelik ontvang het en so geredelik hul samewerking verleen het. Hier word veral gedink aan Mnr. H. Coverdale wat baie moeite gedoen het om vir die ondersoeker gegewens oor die ontstaan en ontwikkeling van Eersterust in te samel.

Aan my ouers, my dank en erkenning.

'n Besondere woord van dank aan my vrou, Shirley, vir haar volgehoue aanmoediging, daadwerklike hulp met die verwerking van die gegewens en die tik van hierdie verhandeling. Sonder haar bystand en vele opofferinge sou die ondersoek net nie moontlik kon gewees het nie.

Ten slotte dra ek graag hierdie verhandeling op aan my twee kinders, Michelle en „Guns“, met die vertroue dat ook hul opofferinge, onder andere om hulle uit die voete te maak en stil te bly as Pappa wil werk, nie tovergeefs was nie.

Tjaart van der Walt

Pretoria

November 1966

INHOUD

	Bladsy
HOOFSTUK 1 : INLEIDING	
1. Die keuse van die vraagstuk	1
2. Uitgangspunt en aannames	5
3. Afbakening van die ondersoek	7
4. Aanbieding van die gegewens	8
5. Die steekproef	10
6. Die navorsingsprosedure en -metodes	14
7. Die wyse waarop, en die kriteria ingevolge waarvan die behuisings-toestande beoordeel is	16
8. Onskrywing van begrippe	18
HOOFSTUK II : KLEURLINGBEHUISING	
1. Inleiding	19
2. Bevindinge en uitsprake met betrekking tot behuisingstoestande van Kleurlinge	19
3. Behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge	23
4. Sekere probleme in die formulering en implementering van 'n behuisingsbeleid ten opsigte van die Kleurlingbevolking	27
HOOFSTUK III : KLEURLINGBEHUISING IN EERSTERUST	
1. Inleiding	31
2. Die ligging, ontstaan en ontwikkeling van Eersterust	31
3. Behuisingsvoorsiening in Eersterust	37
(a) Ekonomiese wonings	37
(b) Sub-ekonomiese wonings	40
HOOFSTUK IV : BEHUISINGSTOESTANDE IN DIE EKONOMIESE WONINGS	
1. Inleiding	43
2. Die bewoners	44
3. Woonvertrekke	45
4. Slaapvertrekke	47
5. Die getal slaapvertrekke in die ekonomiese wonings benodig	52

6.	Die wyse waarop die slaapvertrekke bewoon word	54
(a)	Slaapvertrek nr. 1	55
(b)	Slaapvertrek nr. 2	58
(c)	Slaapvertrek nr. 3	59
(d)	Slaapvertrek nr. 4	61
(e)	Gesamentlike beoordeling van die slaapvertrekke	61
HOOFSTUK V : BEHUISINGSTOESTANDE IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS		
1.	Inleiding	67
2.	Die bewoners	67
3.	Woonvertrekke	69
4.	Slaapvertrekke	70
5.	Die getal slaapvertrekke in die sub-ekonomiese wonings benedig	74
6.	Die wyse waarop die slaapvertrekke bewoon word	75
(a)	Slaapvertrek nr. 1	75
(b)	Slaapvertrek nr. 2	77
(c)	Slaapvertrek nr. 3	79
(d)	Slaapvertrek nr. 4	80
(e)	Gesamentlike beoordeling van die slaapvertrekke	80
HOOFSTUK VI : DIE HOUDING GEOPENBAAR TEN OPSIGTE VAN DIE BEHUISING WAT IN EERSTERUST VOORSIEN WORD		
1.	Inleiding	86
2.	Tevredenheid met huisvesting	87
3.	Die huidige woning in vergelyking met die woning wat bewoon is net voor koms na Eersterust	92
4.	Besondere besware ten opsigte van behuising ontvang	96
HOOFSTUK VII : SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING		
1.	Samevatting	99
2.	Gevolgtrekking	104
BRONNEELS		108
GRONDPLAN VAN DIE EKONOMIESE WONINGS		38
GRONDPLAN VAN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS		41

LYS VAN TABELLE

TABEL NR.		Bladsy
1	DIE TOTALE GETAL WONINGS, EN ONDERSKEIDELIK EKONOMIESE EN SUB-EKONOMIESE WONINGS OP 1 JUNIE 1966 IN EERSTERUST, TEENOOR DIE TOTALE GETAL WONINGS EN ONDERSKEIDELIK EKONOMIESE EN SUB-EKONOMIESE WONINGS IN DIE WOONBUURT WAARIN BEHUISINGSTOESTANDE ONDERSOEK IS	10
2	HUWELIKSTAAT, GESLAG EN OUDERDOM VAN DIE BETROKKE KLEURLINGE VOLGENS DIE SOORT WONING INGEDEEL	12
3	DIE KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE EKONOMIESE WONINGS VOLGENS HUL HUWELIKSTAAT, GESLAG EN OUDERDOM INGEDEEL	44
4	DIE GETAL KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE EKONOMIESE WONINGS	45
5	DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK IN DIE EKONOMIESE WONINGS	46
6	DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE EKONOMIESE WONINGS	48
7	DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK IN DIE EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK IN DIE WONINGS INGEDEEL	50
8	DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE IN DIE EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER BESKIKBARE SLAAPVERTREK IN DIE WONINGS INGEDEEL	51
9	DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE EKONOMIESE WONINGS BENODIG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS	53
10	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE SLAAPVERTREK BENODIG	56
11	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE EKONOMIESE WONINGS	57
12	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE SLAAPVERTREK BENODIG	58
13	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE EKONOMIESE WONINGS	59

TABEL NR.		Bladsy
14	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGS- VERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE EKONOMIESE WO- NINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAP- VERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG	60
15	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUG- VOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE EKONOMIESE WONINGS	61
16	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGS- VERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREKKE IN DIE BETROKKE EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE VOORKOMS VAN DIÉ TOESTANDE IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVER- TREKKE IN DIE WONINGS	62
17	DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWO- NERS VAN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE EKONOMIESE WONINGS BENODIG, INGE- DEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ONDERSKEIE SLAAPVER- TREKKE IN DIE WONINGS BENODIG	63
18	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVO- LUME IN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE INGEDEEL VOLGENS DIE BENODIGDE VLOEROPPER- VLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE	64
19	DIE SLAAPVERTREKKE WAT IN DIE EKONOMIESE WONINGS GEBRUIK WORD EN DIE BESKIKBARE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIÉ SLAAPVERTREKKE VOLGENS DIE VLOEROPPER- VLAKTE EN LUGVOLUME IN DIÉ SLAAPVERTREK- KE BENODIG, INGEDEEL	65
20	DIE KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE SUB-EKO- NOMIESE WONINGS VOLGENS HUL HUWELIKSTAAT, GESLAG EN OUDERDOM INGEDEEL	67
21	DIE GETAL KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS	68
22	DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOON- VERTREK IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS	69
23	DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE SUB- EKONOMIESE WONINGS	70
24	DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAP- VERTREK IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK IN DIÉ WONINGS INGEDEEL	72
25	DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAP- VERTREK IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER BESKIKBARE SLAAPVERTREK IN DIÉ WO- NINGS INGEDEEL	73

TABEL NR.		Bladsy
26	DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS BENODIG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS	74
27	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGS-VERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG	76
28	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS	77
29	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGS-VERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREKKE BENODIG	77
30	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS	78
31	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGS-VERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG	79
32	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS	80
33	DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGS-VERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREKKE IN DIE BETROKKE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE VOORKOMS VAN DIÉ TOESTANDE IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS	81
34	DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS BENODIG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE IN DIÉ WONINGS BENODIG	81
35	DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE INGEDEEL VOLGENS DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE	82
36	DIE SLAAPVERTREKKE WAT IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS GEBRUIK WORD EN DIE BESKIKBARE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAPVERTREKKE VOLGENS DIE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAPVERTREKKE BENODIG, INGEDEEL	84

TABEL NR.		Bladsy
37	AANVANKLIKE TELEURSTELLING MET HUIS-VESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS SOORT WONING	87
38	HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUIS-VESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS SOORT WONING	88
39	AANVANKLIKE TEVREDENHEID MET HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS HUIDIGE TEVREDENHEID DAARMEE	88
40	VRYWILLIGE OF GEDWONGE VERHUISING NA EERSTERUST INGEDEEL VOLGENS HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN DIE WOONBUURT	89
41	HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE WONING	90
42	HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK IN DIE WONING	90
43	HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK IN DIE WONING	91
44	HOUDING TEN OPSIGTE VAN ENERSE FISIESE VOORKOMS VAN WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING	91
45	'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN BOUMATERIAAL GEBRUIK EN AFWERKING, INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING	93
46	'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN ALGEMENE VOORKOMS INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING	93
47	'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN DIE BESKIKBAARHEID VAN MODERNE FASILITEITE IN DIE WONING INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING	94
48	'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN DIE BESKIKBARE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WONING INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING	95
49	'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN DIE GROOTTE VAN DIE ERF OF STANDPLAAS INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING	96
50	BESONDERE KLAGTES MET BETREKKING TOT HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING	97

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. DIE KEUSE VAN DIE VRAAGSTUK

„Die Republiek van Suid-Afrika kan met reg trots wees op die skouspelagtige vordering wat die Staat en ander instansies gemaak het met die voorsiening van Staatsondersteunde behuising vir sy groot verskeidenheid van bevolkingsgroepe ... die gehalte van die behuising vergelyk ook goed met wat elders in die wêreld gevind word. Trouens, die Republiek se lae koste-wonings vir Nie-Blankes kan nie in gehalte en prys oortref word nie ...

„Weens die skouspelagtige vordering wat met Bantoe-behuising gemaak is, was hierdie aspek van die land se behuisingsprogram in die afgelope jare gewoonlik baie prominent ...

„Tans val die klem ... merendeel op Kleurlingbehuising en selfs in 'n aansienlike mate ook op Indiërbehuising. In hierdie gevalle word hoofsaaklik op slumopruiings gekonsentreer en die algemene opheffing van hierdie twee volksgroepe" (16, bl. 3).

Aansprake soos dié hierbo, en daarteenoor, dikwels teenstrydige menings in die openbare pers oor die behuising wat deur die Staat aan die nie-blanke bevolkingsgroepe voorsien word, en veral die wyse waarop hierdie behuisingsvoorsiening geskied, het die gedagte laat ontstaan dat 'n ondersoek na die behuisingsstoestande van 'n groep mense aan wie behuising voorsien is, en van hierdie mense se houding ten opsigte van die behuising wat hulle aangebied is, gewens is.

Die bevindinge van die onderhawige ondersoek word in hierdie verslag geboekstaaf en voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir 'n M.A.-graad in die Sosiologie.

Dit is dus gepas om allereers te bepaal of 'n ondersoek na die behuisingsomstandighede van 'n groep mense en van dié mense se houding ten opsigte van hul behuising, vir die Sosiologie van belang is en in die studiegebied van dié vak tuishoort.

Die Sosiologie word gedefinieer as „die wetenskaplike studie en kennis van ordelikheid, waar ordelikheid verwys na die onderliggende reëlmatigheid in die wyses waarop mense hulle teenoor mekaar gedra" (3, bl. 2).

Die omstandighede waaronder mense gehuisves is, vorm 'n onafskeidbare deel van hul fisiese omgewing. Cilliers en Joubert verwys na die fisiese omgewing as "... 'n tweede belangrike nie-maatskaplike aspek wat ook verband hou met maatskaplike ordelikheid en maatskaplike verhoudings ..." (3, bl. 75) en wys daarop dat sekere maatskaplike en kulturele kenmerke van die mens fisies-ruimtelik gepatroneerd is, asook dat hierdie patrone belangrike implikasies het vir die aard en moontlike verandering van maatskaplike verhoudings (3, bl. 75).

Dat die behuisingsomstandighede van mense maatskaplike implikasies het, kan nie ontken en ook nie oorbeklemtoon word nie. Benewens die genoemde twee skrywers wat duidelik laat blyk dat die fisiese omgewing van mense, en dus ook hul behuisingstoestande, vir die Sosiologie van belang is, het verskeie ander ondersoekers en deskundiges al daarop gewys dat behuisingsomstandighede, en veral ongunstige behuisingsomstandighede, verreikende gevolge het wat die lewe van die individu, dié van die huisgesin, en dié van die breë samelewing raak. Uit al hierdie ondersoekers en deskundiges se uitsprake ten opsigte van die rol wat behuisingstoestande speel, blyk een gemeenskaplike standpunt, naamlik dat die omstandighede waaronder mense woon, die „ordelikheid“ in die samelewing, dit waarom dit in die Sosiologie gaan, aanraak.

„Waar die huisgesinne in enige gemeenskap die selle is waaruit die liggaam van die maatskappy opgebou word, is dit nodig om vas te stel wat die belangrikste faktore is wat die geluk of welsyn van die huisgesin bepaal. Een van die belangrikste faktore is ongetwyfeld behuising“, aldus I.D. du Plessis (4, bl. 102). Genoemde skrywer het ook daarop gewys dat: „Bad living conditions and overcrowding create so many social problems and evils that the provision of sufficient housing for the people forms one of the most urgent needs of the nation (5, bl. 24).

R.W.A. Yeld verklaar die volgende met betrekking tot die belangrikheid van bevredigende behuisingstoestande: „... the fact remains that the family is a fundamental feature of our society and that normal, healthy family life is necessary for the development of a contented community. And once we accept this contention, it follows that the housing of the family becomes an important aspect of our national economy ... in the national interest, every family should be properly housed ... the achievement of this ideal will result in standards of living being promoted; in health

conditions being improved in the root causes of many social ills being removed and, eventually, in the creation of a contented community" (11, bl. 173).

In sy antwoord op die vraag "Why Housing is Important?", verklaar D.M. Calderwood dat "... next to the provision of a sufficiency of proper food, the most important necessity is shelter. Man, from an early age, has found these two requirements demanding his greatest attention, and, eventually, neither could be detached from the social and economic background of society. In fact, any housing problem is actually a social crisis" (1, bl. 10). Calderwood vervolg en wys daarop dat "... proper housing ... will establish family groups who will have to shoulder their responsibilities and will create a better national economy. A properly housed community will cost the taxpayer less; health, crime and productivity in industry will all be affected" (1, bl. 11).

In die voorgaande paragrawe is onder andere aangetoon dat die omstandighede waaronder mense lewe, met ander woorde ook hul behuisingsomstandighede, vir die Sosiologie as vak van belang is. Daar is aangetoon dat, volgens deskundiges, veral swak en onbevredigende behuisingsomstandighede die ordelikheid in die samelewing kan versteur, terwyl gunstige behuisingsomstandighede daarenteen, kan bydra tot die skepping van 'n gelukkige en tevrede gemeenskap.

In hierdie ondersoek gaan dit nie slegs om die bestudering van die behuisingsomstandighede van 'n besondere groep mense, in hierdie geval die Kleurlinge woonagtig in Eersterust, Pretoria, as sodanig nie. Daar word ook gelet op die houding wat die betrokke Kleurlinge ten opsigte van hul behuising openbaar. Die laasgenoemde aspek is, veral in die lig daarvan dat die betrokke Kleurlinge hul behuising en ook die woonbuurt waarin hulle woon, nie self kon kies nie, van besondere belang.

In die definisie van die Sosiologie hierbo, is aangedui dat dié vak die onderlinge reëlmatigheid in die wyse waarop mense hulle teenoor mekaar gedra, as studie-objek het. "Dit beteken ... die sosiologie ... bestudeer ... daardie handeling (van mense) wat in verband staan met, of geskied met inagneming van ander mense" (3, bl. 20). Hierdie teenoormekaar handeling van mense wat maatskaplike handeling genoem word, en die basiese materiaal vorm vir sosiologiese analise, hou verband met en vloei voort uit, onder andere, die houdinge wat daar in die gemeenskap heers. Ook die houding wat die betrokke Kleurlinge openbaar ten opsigte

van hul behuising, is dus, veral omdat hulle in die keuse van hul fisiese omgewing (met sy maatskaplike implikasies) geen aandeel gehad het nie, vir die Sosiologie van belang.

Benewens die feit dat die ondersoeker van mening is dat 'n ondersoek soos die onderhawige gewens is, is daar ook verdere redes waarom hierdie ondersoek, en nie 'n ander nie, onderneem is. Die eerste van dié redes is belangstelling in die onderwerp. Aanvanklik, as 'n proefbeampte in die diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, en later as sosiologiese navorser verbonde aan die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, het die ondersoeker tot die besef gekom dat die fisiese omgewing waarin mense hulle bevind, en in die besonder hul behuisingsomstandighede as 'n onafskeidbare deel van hierdie fisiese omgewing, 'n uiters belangrike rol speel in die lewe van die enkeling, dié van die huisgesin, en dié van die breë volkshuishouding. Hierdie besef en die wete dat diegene wat na die nuutontwikkelde afsonderlike woonbuurtes verskuif is, gewoonlik in hul vorige woonplekke onder ongunstige behuisingsomstandighede verkeer het, het die ondersoeker se belangstelling in die nuwe woonbuurtes, en in die besonder in die behuisingstoestande in dié woonbuurtes, geprikkel.

Vervolgens het die ondersoeker, omdat hy besef dat die fisiese omgewing maatskaplike implikasies het, en veral omdat die fisiese omgewing in die geval van diegene wat na die nuwe woonbuurtes verskuif word, in die meerderheid gevalle op die betrokke mense afgedwing word, gevoel dat 'n ondersoek soos hierdie beslis noodsaaklik is. Sover aan die ondersoeker bekend, is daar nog nie 'n ondersoek gedoen na die behuisingstoestande in 'n nuutontwikkelde afsonderlike woonbuurt nie en dié wete het, omdat 'n sodanige ondersoek as noodsaaklik geag word, grootliks bygedra tot die keuse van die vraagstuk.

Die ondersoeker het voorts gevoel dat hy deur middel van hierdie ondersoek, eerstens, andere kan stimuleer tot soortgelyke ondersoeke, en, tweedens, die feit na vore kan bring dat die beleid van woonbuurtskeiding as 'n integreerende deel en logiese uitvloei van die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling, veel meer inhou as slegs die blote afsondering van onderskeie groepe mense in bepaalde afsonderlike woonbuurtes.

Ten slotte het die ondersoeker, wat daarvan oortuig is dat die mens in sy doen en late voortdurend daarna moet strewe om die welsyn van sy medemens te bevorder, in hier-

die ondersoek die geleentheid gesien om iets van waarde te lewer. Die ondersoeker glo dan ook dat die gegewens wat in hierdie verslag aangebied word, van waarde mag wees vir veral die owerhede wat met die hervestiging van groot getalle mense van uiteenlopende etniese identiteit gemoeid is. Hy vertrou dat hierdie poging hulle in hul groot en dikwels ondankbare taak tot hulp mag wees.

Graag wil die ondersoeker dit beklemtoon dat hy gepoog het om 'n positiewe bydrae te lewer. Waar hy op sekere leemtes wys, moet dit nie gesien word as blote negatiewe en afbrekende kritiek nie. Die einddoel bly steeds die bevordering van die welsyn en vreedsame naastestaan van een en almal.

2. UITGANGSPUNT EN AANNAMES

Dit is reeds duidelik dat die fisiese omgewing waarin mense hulle bevind, sekere maatskaplike implikasies het. Die fisiese omgewing van mense kan bydra tot òf die totstandkoming en instandhouding van 'n tevrede gemeenskap òf 'n versteuring van die maatskaplike ordelikheid.

Vervolgens word daar gewys op sekere maatskaplike implikasies wat die besondere fisiese omgewing van die Kleurlinge in Eersterust, of dié van enige groep mense wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede ¹⁾ na 'n bepaalde woonbuurt verskuif is, kan hê.

Die Kleurlinge van Eersterust kon, deurdat hulle ingevolge die genoemde wet na dié woonbuurt verskuif is, hul behuising of die buurt waarin hulle tans woon (en dus hul fisiese omgewing wat 'n invloed uitoefen op hul houdinge en op die wyses waarop hulle teenoor mekaar en teenoor andere optree), nie self kies nie. Veral vanweë dié feit, is dit moontlik, en indien daar binne die besondere fisiese omgewing waarin hulle hul bevind en moet aanbly, sekere omstandighede voorkom wat tot 'n algemene ontevredenheid aanleiding kan gee, waarskynlik dat die maatskaplike ordelikheid en maatskaplike verhoudinge van die betrokke Kleurlinge gevaar loop om versteur te word.

Swak, onbevredigende en ondoeltreffende behuisingsomstandighede is, soos tereg uit die voorgaande geblyk het, een van die vele faktore wat tot 'n algemene gevoel van ontevredenheid in 'n woonbuurt aanleiding kan gee. Indien gebrekkige behuisingsomstandighede voorkom in 'n afsonderlike woonbuurt waarin mense verplig word om te woon, is

1) Wet Nr. 77 van 1957, soos gewysig.

dit moontlik, en teweens ook waarskynlik, dat dié toestande, in samehang met die groot aantal faktore wat die maatskaplike verhoudings beïnvloed en in die maatskaplike ordelikheid 'n rol speel (en as 'n integrerende deel van die fisiese omgewing met sy belangrike implikasies vir die maatskaplike ordelikheid en maatskaplike verhoudings), verreikende gevolge en 'n besliste risiko vir die breë samelewing inhou. Dit is vanselfsprekend dat, indien onder andere gebrekkige behuisings toestande die maatskaplike verhoudinge en die maatskaplike ordelikheid in 'n afsonderlike woonbuurt sou versteur, die maatskaplike implikasies van 'n sodanige moontlike versteuring van die ordelikheid nie noodwendig slegs tot die betrokke woonbuurt beperk sal wees nie.

Dit kan gevolglik aanvaar word dat afsonderlike groepsgebied-woonbuurtes wat daargestel is en ontwikkel word om rass spanning, rasse wrywing en rasse konflik te vermy (23, bl.), onder sekere omstandighede (en die voorkoms van onbevredigende behuisings toestande is een van dié omstandighede) juis tot rass spanning, rasse wrywing en rasse konflik aanleiding kan gee. Indien toegelaat sou word dat, onder andere, ongunstige behuisings toestande in 'n afsonderlike groepsgebied-woonbuurt ontwikkel, kan verwag word, en is dit teweens hoogs waarskynlik, dat die effek van die daarstelling en ontwikkeling van so 'n afsonderlike woonbuurt presies net die teenoorgestelde sal wees as wat met die daarstelling en ontwikkeling van die woonbuurt beoog is.

In die lig van die voorgaande kan die volgende algemene voorveronderstelling gemaak word ten opsigte van dit wat uit die ondersoek sal blyk:

Daar sal 'n beduidende verskil wees in die houding wat geopenbaar sal word ten opsigte van die behuisings toestande en ook in 'n vergelyking van die huidige behuisingsomstandighede met dié waarvoor beskik is net voordat daar na Eersterust verskuif is:

eerstens tussen die Kleurlinge wat vrywillig na Eersterust getrek het en diegene wat „aangesê” is om na dié woonbuurt te trek en,

tweedens tussen die Kleurlinge wie se behuisingsomstandighede as bevredigend bevind word en Kleurlinge wie se behuisingsomstandighede ongunstig is.

3. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

In 'n voorgaande afdeling is verwys na die aansprake dat daar in die verlede reeds veel bereik is in die voorsiening van huisvesting aan Nie-Blankes deur die Staat. Onderzoek toon dat soveel as 310,262 wonings in 'n bestek van vyftien jaar teen 'n koste van R313,004,135 deur die Staat opgerig is (16, bl. 3) en dat hiervan 39,462 wonings teen 'n koste van R37,015,898 tot die beskikking van Kleurlinge gestel is (16, bl. 7). Derduisende mense is dus al in hul lewenswyse geraak deur die behuisingsprogramme wat die Staat aangepak het.

Die daarstelling van afsonderlike woonbuurtes vir die onderskeie bevolkingsgroepe, die ontwikkeling van hierdie woonbuurtes, en die voorsiening van huisvesting aan die inwoners van hierdie woonbuurtes deur grootskaalse behuisingskemas, het in alle dele van die Republiek geskied. Feitlik in elke dorp en stad het die munisipale of ander plaaslike owerheid, deur die toedoen en bystand van die Sentrale Regering, dergelyke skemas aangedurf en deurgevoer.

Dit spreek vanself dat hierdie ondersoek afgebaken moes word tot 'n bepaalde geografiese gebied, en verder ook tot 'n bepaalde woonbuurt, veral omdat binne die bepaalde geografiese gebiede gewoonlik reeds afsonderlike woonbuurtes daargestel en ontwikkel is vir al vier die onderskeie bevolkingsgroepe. 'n Landswye ondersoek na die voorsiening van behuising deur die Staat in die afsonderlike groepsgebied-woonbuurtes sou nie net fisies onmoontlik gewees het nie, maar ook prakties onuitvoerbaar omdat die voorsiening van behuising aan die onderskeie bevolkingsgroepe nie in alle opsigte op dieselfde wyse geskied nie, en ook die soorte behuising wat aan die onderskeie bevolkingsgroepe voorsien word, verskil en dus onvergelykbaar is (15, bls. 5-7).

Hoofsaaklik vanweë praktiese oorweginge, is besluit om die onderhawige ondersoek tot die munisipale gebied van Pretoria te beperk. Die ondersoeker woon en werk in dié munisipale gebied. Verder is daar ook besluit om die ondersoek te beperk tot die woonbuurt wat in dié munisipale gebied vir die Kleurlingbevolking geproklameer is en ontwikkel word, naamlik Eersterust. Die redes vir hierdie besluit is hoofsaaklik tweërlei van aard: Eerstens omdat die aansprake en kritiek ten opsigte van die Staat se behuisingsprogramme, waarna daar in 'n voorgaande afdeling verwys is, en waaroor daar in hierdie ondersoek gepoog sal

word om duidelikheid te verkry, gewoonlik gaan oor, en in 'n noue verband staan met die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling. Tweedens is daar op die Kleurlingwoonbuurt besluit omdat die ondersoeker in sy daaglikse arbeid as sosiologiese navorser hoofsaaklik te doen het met navorsing ten opsigte van die maatskaplike posisie van die Kleurlingbevolking en gevolglik redelik goed bekend is met die algemene behuisingstoestande en -behoefte van die lede van dié bevolkingsgroep.

Weer eens hoofsaaklik vanweë praktiese oorweginge, was dit nodig om die ondersoek in 'n nog verdere mate af te baken. Die ondersoeker het die ondersoek alleen en in sy vryetyd moes doen en het dit gevolglik nie moontlik gevind om al die Kleurlinge in die betrokke woonbuurt te betrek nie. Hy was genoodsaak om 'n steekproef te maak en het na oorweging van alle moontlikhede in hierdie verband tot die gevolgtrekking gekom dat dit vir sy doeleinde voldoende sou wees om ewekansig die bewoners van een uit elke drie van sowel die ekonomiese as die sub-ekonomiese wonings in die betrokke woonbuurt in die ondersoek te betrek. Hierdie ondersoek is dus eerstens beperk tot die munisipale gebied van Pretoria; tweedens tot Eersterust, die woonbuurt wat in dié stad vir die uitsluitlike gebruik van Kleurlinge daargestel is en ontwikkel word; derdens tot 'n ewekansige steekproef van die bewoners van een derde van die wonings wat in die betrokke woonbuurt aan Kleurlinge voorsien is.

4. AANBIEDING VAN DIE GEGEWENS

In hierdie afdeling word kortliks 'n oorsig gegee van die veld wat deur die onderhawige ondersoek gedek is en van die wyse waarop die gegewens in hierdie verslag aangebied word.

Verdere afdelings in hierdie hoofstuk handel oor, eerstens, die steekproef en die kenmerke van diegene wie se behuisingsomstandighede ondersoek is. Tweedens word die wyse waarop die gegewens versamel en verwerk is, met ander woorde die navorsingsprosedure en -metodes, bespreek en, derdens die wyse waarop, en die kriteria ingevolge waarvan die behuisingstoestande in Eersterust beoordeel is. Vierdens en laastens word enkele begrippe waarvan daar in hierdie verslag gebruik gemaak word, nader omskrywe.

Hoofstuk 11 handel oor Kleurlingbehuising in die algemeen. Daar word eerstens verwys na die bevindinge en gevolgtrekkings van ondersoekers ten opsigte van die be-

huisingstoestande van Kleurlinge in Suid-Afrika, en in Pretoria in die besonder. Tweedens word die voorsiening van behuising aan Kleurlinge deur die Staat bespreek. Daar word ook gewys op sekere probleme waarvoor daar te staan gekom word in die formulering en implementering van 'n beleid ten aansien van die behuising van dié besondere bevolkingsgroep.

In Hoofstuk III word Kleurlingbehuising in Eersterust bespreek. Daar word gelet op die ontstaan en ontwikkeling van dié woonbuurt as afsonderlike groepsgebied-woonbuurt vir die Kleurlinge van Pretoria. Verder word die behuising wat in dié woonbuurt aan Kleurlinge voorsien word, bespreek en daar word gelet op die fisiese kenmerke van wonings wat aldaar opgerig word. Die bouplanne van die wonings word bespreek en as sodanig aangetoon. Voorts word daar gelet op die voorsiening van sekere fasiliteite in die wonings, byvoorbeeld elektriese krag.

In hoofstukke IV en V word eerstens 'n ontleding aangetoon van die bewoners van die betrokke wonings, en tweedens die wyse waarop hierdie persone die wonings bewoon. Met betrekking tot die laasgenoemde word daar veral gelet op die voorkoms van sekere behuisingsomstandighede wat, omdat sodanige omstandighede in onder andere die Slums-wet ¹⁾ as onwenslik geag word, as „slumtoestande” beskryf kan word. Hoofstukke IV en V handel oor onder andere die ekonomiese en die sub-ekonomiese wonings in Eersterust.

Die voorlaaste hoofstuk, Hoofstuk VI, toon 'n ontleding van die houding wat die betrokke Kleurlinge ten opsigte van die behuising wat hulle in Eersterust aangebied is, openbaar. Daar word onder andere aangetoon hoe die Kleurlinge in Eersterust hul huidige behuisingsomstandighede sien in vergelyking met die behuisingstoestande waaronder hulle verkeer het net voordat hulle na dié woonbuurt verskuif is, wat hulle houding is met betrekking tot die oerse fisiese voorkoms van die wonings, en wat hul besondere klagtes is met betrekking tot spesifiek hul behuisingsomstandighede.

Hoofstuk VII bevat 'n samevatting van die gegewens, asook sekere gevolgtrekkings en enkele aanbevelings. In dié hoofstuk word veral gelet op die vraag of die behuisingsomstandighede van die Kleurlinge in Eersterust in ooreenstemming is met die behuisingsvoorskrifte en -vereistes wat die Staat in wetgewing vervat het, asook die vraag of dit waarskynlik is dat die besondere behuisingsomstandighede waaronder dié Kleurlinge hulle bevind, aan-

1) Wet Nr. 53 van 1934, soos gewysig.

leiding kan gee tot 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid en verhoudings van dié groep mense.

5. DIE STEEKPROEF

Daar is reeds vermeld dat besluit is om slegs die bewoners van een derde van die totale getal wonings en van onderskeidelik die ekonomiese en sub-ekonomiese wonings in Eersterust, in die ondersoek te betrek.

Tabel 1 toon die totale getal wonings, en onderskeidelik die getal ekonomiese en sub-ekonomiese wonings wat tydens die veldondersoek (die veldwerk is op 1 Junie 1966 aangepak) reeds in Eersterust opgerig was. Daarteenoor word aangetoon hoeveel ekonomiese en sub-ekonomiese wonings, en hoeveel wonings in totaal, in die ondersoek betrek is om die behuisingstoestande van die bewoners daarvan te ontleed.

TABEL 1

DIE TOTALE GETAL WONINGS, EN ONDERSKEIDELIK EKONOMIESE EN SUB-EKONOMIESE WONINGS OP 1 JUNIE 1966 IN EERSTERUST, TEEN-OOR DIE TOTALE GETAL WONINGS EN ONDERSKEIDELIK EKONOMIESE EN SUB-EKONOMIESE WONINGS IN DIE WOONBUURT WAARIN BEHUISINGS-TOESTANDE ONDERSOEK IS

	Eersterust		Ondersoekgroep	
	G ⁺	%	G	%
Ekonomiese wonings	250	32.3	85	32.7
Sub-ekonomiese wonings	524	67.7	175	67.3
TOTAAL	774	100.0	260	100.0

+ „G“ beteken getal.

Die tabel toon dat die verspreiding van ekonomiese en sub-ekonomiese wonings onder die wonings wat ondersoek is, ooreenstem met die verspreiding van dié soorte wonings in Eersterust. Vervolgens toon die getalle ten opsigte van die wonings wat in die ondersoek ingesluit is, hoewel dit nie as sodanig uit die tabel blyk nie, dat die bewoners van ietwat meer as een derde van die totale getal wonings (33.6%) en van die ekonomiese wonings (34.0%), en dié van ietwat minder as een derde van die sub-ekonomiese wonings (33.2%) in die ondersoek betrek is.

Nadat besluit is op die getal wonings waarvan die bewoners in die ondersoek betrek sou word, het die ondersoeker in die geval van sowel die ekonomiese as die sub-ekonomiese wonings ewekansig 'n beginpunt gekies. Daar is besluit om vanaf hierdie ewekansig gekose beginpunte die eerste twee wonings oor te slaan en die bewoners van die derde in te

sluit. Hierna sou telkens twee wonings oorgeslaan word en oor die derde gegewens ingewin word.

Tydens die veldondersoek het dit nodig geblyk om ietwat van dié beoogde prosedure af te wyk omdat sekere van die wonings wat ingesluit moes word, in so 'n mate verbou is dat hulle nie meer met die ander wonings in die woonbuurt vergelykbaar is nie. In gevalle waar slegs 'n buitestoeple aangebou is of slegs 'n binnemuur uitgebreek is, en die basiese opset van die woning nie gewysig is nie, was dit nie nodig om die bewoners van dié wonings uit te sluit nie.¹⁾

Waar dit nodig was om vanweë 'n radikale strukturele verandering aan die woning die bewoners van 'n besondere woning van die ondersoek uit te sluit, is die eersvolgende woning net langs die betrokke woning ingesluit en vandaar slegs een woning oorgeslaan ten einde weer uit te kom by 'n woning wat aanvanklik vir **insluiting** gekies is.

Dit moet onthou word dat dit in 'n ondersoek na die behuisingsomstandighede van 'n groep mense allereers gaan om die mense wat onder die besondere omstandighede lewe, en nie om die behuisingstoestande as sodanig nie. Dit is dus gepas om vervolgens te let op die mense wat by die ondersoek betrek is.

Tabel 2 toon 'n ontleding van die huwelikstaat, geslag en ouderdom van die Kleurlinge wie se behuisingsomstandighede ondersoek is, volgens die soort woning waarin hulle woon.

Dié ontleding sal die leser oriënteer ten opsigte van die groep Kleurlinge wie se behuisingstoestande in hierdie verslag bespreek word.

1) Die ondersoeker besef dat die uitsluit van die bewoners van wonings wat dermate verander is dat hulle nie meer vergelykbaar is met die ander wonings in die **woonbuurt** nie, die moontlikheid skep vir kritiek dat daar selektief te werk gegaan is. Sodanige kritiek kan gebaseer word op die feit dat slegs Kleurlinge wat hul wonings aangekoop het, toestemming verkry om hul wonings te verbou, en in die lig daarvan dat sodanige verbouings kapitale uitgawes verg en dat dié wonings dus waarskynlik aan die meer gegoede Kleurlinge behoort, is dié kritiek heeltemal geregverdig. Soos later sal blyk, was dié seleksie, ten einde die onderskeie wonings met mekaar te kan vergelyk, egter nodig. Hierbenewens is dit die doel van die ondersoek om die behuising soos deur die Staat voorsien, te beoordeel.

TABEL 2

 HUWELIKSTAAT, GESLAG EN OUDERDOM VAN DIE BETROKKE KLEURLINGE
 VOLGENS DIE SOORT WONING INGEDEEL

Huwelikstaat, geslag en ouderdom	Soort woning					
	Ekonomiese		Sub-ekonomiese		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Getroude mans	82	13.1	133	12.3	215	12.6 ⁺
Getroude vroue	82	13.1	133	12.3	215	12.6 ⁺
Ander mans, 12 jaar en ouer	84	13.4	167	15.4	251	14.7
Ander vroue, 12 jaar en ouer	116	18.5	218	20.1	334	19.5
Seuns, 10-11 jaar	23	3.7	38	3.5	61	3.6
Dogters, 10-11 jaar	23	3.7	31	2.9	54	3.2
Seuns, 2-9 jaar	84	13.4	155	14.3	239	14.0
Dogters, 2-9 jaar	88	14.0	138	12.7	226	13.2
Seuns, jonger as 2 jaar	23	3.7	34	3.1	57	3.3
Dogters, jonger as 2 jaar	22	3.5	37	3.4	59	3.4
TOTAAL	627	100.0⁺⁺	1,084	100.0	1,711	100.0

+ Aangesien slegs mans en vroue wat as man en vrou saamlewe as getroudes beskou is, is daar ewe veel getroude mans en vroue. Getroude mans of vroue wat weg van hul huweliksmaat woon, is ingedeel by òf „Ander mans, 12 jaar en ouer“ òf „Ander vroue, 12 jaar en ouer“.

++ Vanweë die benadering van die desimale punt, kom die som van die persentasies nie deurgaans op presies 100.0 te staan nie.

Volgens tabel 2 handel hierdie verslag oor die behuisings-toestande van 1,711 Kleurlinge waarvan onderskeidelik 627 (36.6%) en 1,084 (63.4%) in ekonomiese en sub-ekonomiese wonings woonagtig is. Die ekonomiese wonings het, na verhouding tot hul voorkoms onder die wonings wat ondersoek is, relatief meer bewoners as die sub-ekonomiese wonings (onderskeidelik 32.7% wonings teenoor 36.6% inwoners en 67.3% wonings teenoor 63.4% inwoners).

Nagenoeg 'n kwart van die totale getal Kleurlinge is getroude mans en vroue. Veertien punt sewe persent van die betrokkenes is manspersone ouer as 12 jaar; 19.5 persent vroue 12 jaar en ouer. Onderskeidelik 3.6 en 3.2 persent is seuns of dogters 10 tot 11 jaar oud, en onderskeidelik 14.0 en 13.2 persent seuns of dogters van 2 tot 9 jaar. Drie punt drie persent van diegene wie se behuisingsomstandighede ondersoek is, is seuns wat jonger is as 2 jaar, en 3.4 persent dogters wat nog nie 2 jaar oud is nie.

Die tabel toon nie enige beduidende verskille in die voorkoms van getroudes, mans en vroue, en persone behorende tot die onderskeie ouderdomsgroepe in die ekonomiese en sub-ekonomiese wonings nie.

Die woonbuurtowerhede van Eersterust beskik nie oor enige gegewens met betrekking tot die getal persone wat in dié woonbuurt woon, hul huwelikstaat, hul geslags- en hul ouderdomsverspreiding nie. Volgens 'n raming deur dié owerhede het daar op 1 Junie 1966, toe daar met die veldwerk aan hierdie ondersoek verbonde 'n aanvang gemaak is, 'n totaal van nagenoeg 3,948 Kleurlinge in Eersterust gewoon. ¹⁾ Aangesien daar tydens hierdie ondersoek in 'n ewekansige steekproef van een derde van die wonings in die betrokke woonbuurt soveel as 1,711 persone aangetref is, skyn dit asof die raming van die woonbuurtowerhede beslis konserwatief is en asof dit veel meer moontlik is dat ten minste 5,000 Kleurlinge reeds in Eersterust woonagtig is.

Die feit dat die sub-ekonomiese wonings bykans twee derdes van die betrokke Kleurlinge in die ondersoekgroep opgelewer het, is daaraan toe te skryf dat meer as twee derdes van die wonings wat ondersoek is, sub-ekonomiese wonings is. Die laasgenoemde volg daarop dat soveel as 524 van die 774 wonings in Eersterust tot dié soort wonings behoort en dit val saam met die bevinding van H.L. Watts dat "... the largest single proportion of Coloureds must be housed as cheaply as possible" (24, bl. 22).

Vervolgens word, waar moontlik, die kenmerke van die ondersoekgroep wat uit tabel 2 blyk, vergelyk met ooreenstemmende kenmerke van die totale Kleurlingbevolking van die Republiek in 1960, en dié van die Kleurlingbevolking van Pretoria in dié jaar. Uit die vergelyking sal blyk of die steekproef verteenwoordigend is van die Kleurlingbevolking, in die besonder dié van Pretoria.

Eerstens die huwelikstaat: Vyf-en-twintig punt twee persent van al die betrokke Kleurlinge, en onderskeidelik 26.2 en 24.6 persent van dié wat in ekonomiese en in sub-ekonomiese wonings aangetref is, is getroud. ²⁾ Hierdie persentasie wyk nie veel af van die 27.7 persent van die totale Kleurlingbevolking van die Republiek wat in 1960

1) Hierdie gegewens is goedgunstiglik deur die kantoor van die Afdeling Nie-Blanke Sake van die Pretoriase Stasraad in Eersterust aan die ondersoeker verstrekk.

2) Wettig getroudes, en ook persone wat buite-egtelik as man en vrou saamlewe, is as "getroud" ingedeel.

wettig getroud was of buite-egtelik saamgelewe het nie (9, bl. 22).

Onderskeidelik 48.1 en 51.9 persent van die Kleurlinge wat in 1960 in Pretoria woonagtig was, was mans of vroue (12, bl. 30). Presies ooreenstemmende persentasies van die Kleurlinge woonagtig in die wonings wat in die ondersoek betrek is, is mans en vroue.

As gevolg van die wyse waarop die gegewens ingedeel is, kan, wat ouderdom betref, slegs gelet word op diegene jonger as 10 jaar. Dertig punt drie persent van die Kleurlinge wat in 1960 in Pretoria gewoon het, was jonger as 10 jaar (12, bl. 30). In die geval van die huidige ondersoekgroep, is 33.9 persent nog nie 10 jaar oud nie.

Die voorgaande paragrawe toon dat die lede van die ondersoekgroep nie ten opsigte van hul kenmerke opsigtelik van die totale Kleurlingbevolking van die Republiek, of van die Kleurlingbevolking van Pretoria in 1960 afwyk nie. Dié feit bring mee dat aanvaar kan word dat die wyse waarop die betrokke Kleurlinge hul wonings bewoon, en daarmee ook die voorkoms van bepaalde behuisingsstoestande wat uit hierdie ondersoek blyk, verteenwoordigend is van die wyse waarop die algemene Kleurlingbevolking van Eersterust hul wonings bewoon en van die voorkoms van bepaalde behuisingsstoestande in dié woonbuurt.

In aansluiting hierby, kan ook aanvaar word dat die houding wat die betrokke Kleurlinge ten opsigte van hul behuisingsomstandighede openbaar, verteenwoordigend is van die algemene houding wat in dié verband in Eersterust heers.

6. DIE NAVORSINGSPROSEDURE EN -METODES

Alvorens 'n ondersoeker hom op 'n bepaalde terrein kan begewe, is dit nodig dat hy die veld wat hy wil betree, eers vooraf sal verken. In die geval van die onderhawige ondersoek is dié verkenning gedoen deur middel van 'n literatuurstudie, besoeke en onderhoude.

In die aanvangsfase van die ondersoek is 'n studie gemaak van literatuur waarin verwys word na die behuisingsstoestande van Kleurlinge, asook van werke wat die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling, en in die besonder woonbuurtskeiding as integrerende deel van dié beleid, tot onderwerp het. Daar is ook 'n studie gemaak van die behuisingsbeleid van die Staat ten opsigte van veral die voorsiening van behuising

aan Kleurlinge. Wetlike voorskrifte wat hiermee en met behuising in die algemeen verband hou, is ook bestudeer. Hierna is 'n besoek gebring aan Eersterust ten einde die omvang wat die ondersoek moes aanneem, te bepaal. Aldaar is onderhoude gevoer met sowel die woonbuurtowerhede as sekere Kleurlinge wat in dié woonbuurt woonagtig is.

Gewapen met hierdie voorkennis van die veld wat betree sou word, en met die doel van die ondersoek steeds in gedagte, het die ondersoeker hierna 'n vraelys opgestel. Die vraelys is gestruktureer en vooraf gekodifiseer.

Vervolgens is besluit wanneer die ondersoek gedoen sou word. Met die aanvang van die ondersoek was die jongste fase in die behuisingsprogram ten opsigte van Eersterust nog nie afgehandel nie. Aangesien daar in dié tydperk feitlik daaglik wonings voltooi is en deur nuwe intrekkers in die woonbuurt betrek is, is besluit om met die veldondersoek te wag totdat die jongste fase in die behuisingsprogram voltooi is en die trek van die steekproef geen probleme sou oplewer nie. Die behuisingsprogram is teen die einde van Mei 1966 afgehandel en op 1 Junie 1966 kon daar met die veldwerk 'n aanvang gemaak word.

Daar is in 'n vorige afdeling reeds gewys op die prosedure wat beoog is en op die prosedure wat uiteindelik gevolg is om te bepaal watter van die wonings in die woonbuurt vir ondersoek ingesluit sou word. In die geval van elk van die wonings wat by die ondersoek betrek is, is daar soos volg te werk gegaan:

Nadat die doel van die ondersoek aan die hoof van die huishouding, gewoonlik die huiseienaar of -huurder, en/of sy eggenote verduidelik is en dié persone om hul samewerking gevra is ¹⁾, is die vrae aan hulle gestel en die vraelyste voltooi.

Ten einde die onderskeie slaapvertrekke met mekaar te kon vergelyk, is die vertrekke in die geval van sowel die ekonomiese as die sub-ekonomiese wonings, genommer. Om te verseker dat die huisbewoners sou weet van watter vertrek op 'n bepaalde tydstop gepraat word, is 'n sketsplan van

1) Geeneen van die Kleurlinge wat daartoe versoek is, het geweier om hul samewerking te gee nie. Dit was intendeel soms moeilik om aan Kleurlinge wie se wonings nie besoek is nie, en wat van die ondersoek verneem het, te verduidelik waarom nie ook hulle wonings besoek is nie.

hul wonings aan hulle getoon waarop die onderskeie vertrekke genommer is. Hierdie werkwyse het meegebring, eerstens, dat die proefpersone nie deurmekaar kon raak nie, en, tweedens, dat wanneer daar in hierdie verslag na 'n bepaalde vertrek verwys word, dié vertrek in al die betrokke wonings, ekonomies of sub-ekonomies, bedoel word.

Die onderhoude het gemiddeld sowat tien tot vyftien minute elk geduur en die grootste deel hiervan is daaraan bestee om te verduidelik waaroor die ondersoek gaan. In die meeste gevalle is die hoof van die huishouding en/of sy eggenote tuis aangetref. Waar geeneen van dié twee tuis was nie, is by die kinders, of as hulle ook nie tuis was nie, by die bure verneem wanneer dié persone tuis sou wees. Hierdie persone is dan later, gewoonlik nadat hulle van hul werkplekke teruggekeer het, besoek. In sommige gevalle waar die hoof van die huishouding, of sy vrou, nie tuis was nie, kon 'n kind die gegewens met betrekking tot die wyse waarop die woning bewoon word, verstrek. Wanneer die ouer tuis was, is hierdie inligting gekontroleer en is die vrae wat oor hul houding handel, aan hulle gestel.

Nadat al die gegewens versamel is, is die gegewens verwerk deur die antwoorde op die onderskeie vrae met mekaar in verband te bring. Dié verwerking kon ongelukkig nie meganies geskied nie en het heelwat tyd in beslag geneem.

7. DIE WYSE WAAROP, EN DIE KRITERIA INGEVOLGE WAARVAN DIE BEHUISINGSTOESTANDE BEOORDEEL IS

Wanneer 'n ondersoeker bepaalde toestande ondersoek en hom dit onder andere ten doel stel om dié toestande te beoordeel, is dit wenslik, en tewens ook noodsaaklik, dat hy, indien hy objektief en wetenskaplik te werk wil gaan, hom sal losmaak van alle persoonlike opvattinge en houdinge ten opsigte van die toestande wat hy wil beoordeel en hom in sy beoordeling sal hou by 'n voorafopgestelde vaste kriterium of norm. Sodoende verseker hy die hoogste mate van objektiwiteit, 'n noodsaaklike voorvereiste vir wetenskaplikheid, en 'n kontinuïteit in sy beoordeling wat 'n vergelyking van dit wat hy beoordeel en wat op meer as een plek voorkom, moontlik maak.

Die ondersoeker het besluit om hom in hierdie ondersoek te laat lei deur voorskrifte met betrekking tot die

bewoning van slaapvertreke, en ook ander voorskrifte met betrekking tot die wyse waarop 'n woning bewoon mag word en die vereistes waaraan 'n woning moet voldoen, wat in onder andere, die Tweede Bylae tot die Slumswet vervat is. Aan die hand van dié voorskrifte is die kriteria ingevolge waarvan die behuisingstoestande in die betrokke wonings beoordeel is, opgestel. Hierdeur het die ondersoeker hom daarvan gevrywaar dat sy persoonlike indrukke en opvattinge, wat baie maklik beïnvloed kon word deur slegs die blote voorkoms van die woning, die nette of slordige toestand in die woning, die voorkoms van die proefpersoon, of die houding wat die laasgenoemde teenoor hom openbaar, sy oordeel kon vertroebel.

Die kriteria het eerstens betrekking op bepaalde toestande wat in 'n slaapvertrek mag voorkom, byvoorbeeld 'n onwenslike vermenging tussen persone behorende tot die onderskeie geslagte, en oorbewoning, en tweedens die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat in 'n slaapvertrek beskikbaar moet wees vir elke bewoner daarvan.

Ingevolge die kriteria kom 'n onwenslike geslagsvermenging voor indien 'n getroude paar ¹⁾ hul slaapvertrek deel met enige iemand ouer as 2 jaar ²⁾, of indien persone behorende tot die onderskeie geslagte wat nie met mekaar getroud is of as man en vrou saamleef nie en ouer is as 12 jaar, in dieselfde vertrek slaap.

In gevalle waar meer as drie persone ouer as 2 jaar, of altesaam meer as vyf persone ³⁾ in dieselfde vertrek slaap, is die slaapvertrek as oorbewoon ingedeel.

Slaapvertreke waarin sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as oorbewoning voorkom, is as sodanig ingedeel, terwyl alle slaapvertreke waarin daar aan die vereistes voldoen word en waarin geeneen van die toestande soos in die voorgaande paragrawe beskryf, voorkom nie, as gunstig beskou is.

1) Persone wat buite-egtelik as man en vrou saamlewe, is ook as „getroud” beskou.

2) Dit word as onwenslik geag dat kinders hul slaapvertrek met hul ouers deel. H.J. Venter wys byvoorbeeld daarop dat „daar nie genoeg privaatheid in so 'n huis (bestaan) nie ... die intieme sy van die lewe word te veel blootgestel. Geslagtelike wangedrag tussen lede van dieselfde gesin is in sulke omstandighede nie uitgesluit nie” (10, bl. 133).

3) Die Slumswet bepaal nie die maksimum toelaatbare getal persone wat 'n slaapvertrek mag deel nie. Dié getal is vir die doeleindes van hierdie ondersoek op vyf gestel en is arbitrêr bepaal.

Wat betref die vloeroppervlakte en lugvolume wat in 'n slaapvertrek beskikbaar moet wees, bepaal die genoemde bylae tot die Slumswet dat daar in die slaapvertrek ten minste 20 vierkante voet vloeroppervlakte en ten minste 200 kubieke voet lugvolume benodig word vir elke persoon jonger as 10 jaar, en vir elke bewoner ten minste tien jaar oud, onderskeidelik minstens 40 vierkante voet vloeroppervlakte en minstens 400 kubieke voet lugvolume (22, bl. 593). Dié vereistes is ook in die kriteria vervat.

Vervolgens word daar ook in die genoemde wetlike voorskrifte bepaal dat die woning oor 'n aparte vertrek vir die voorbereiding van voedsel sal beskik (22, bl. 593) en dat daar 'n latrine in die woning sal wees vir elke 12 persone wat daarin woon (22, bl. 593).

8. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Ten slotte word enkele begrippe wat in hierdie verslag gebruik word, nader omskrywe.

Met 'n „Kleurling" word bedoel 'n persoon wat ingevolge die Wet op Bevolkingsregistrasie, Wet Nr. 30 van 1950, as 'n Kleurling geklassifiseer is.

'n „Woning", „huis" of „wooneenheid" beteken 'n woning wat vir die gebruik van 'n enkele huishouding opgerig is of later vir dié doel ingerig is, terwyl met „woonbuurt" bedoel word 'n groepsgebied-woonbuurt, in die besonder die woonbuurt waaroor hierdie verslag handel, naamlik Eersterust.

Wanneer verwys word na „onwenslike geslagsvermenging" en/of „oorbewoning" word daarmee bedoel toestande wat voorkom in slaapvertreke, soos in die voorgaande afdeling omskryf. Met die laasgenoemde, naamlik „slaapvertreke" word bedoel alle vertreke wat vir slaapdoeleindes aangewend word, dus ook kombuise, gange en/of badkamers waarin iemand slaap, maar nie slaapkamers waarin niemand slaap nie. Die laasgenoemde is ingedeel onder „woonvertreke" waarmee bedoel word alle slaapkamers behalwe dié waarin voedsel voorberei word, sit- en eetkamers. Kombuise, gange en badkamers is nie as woonvertreke ingedeel nie.

Daar word ook gewag gemaak van „leefbaarheid" en daarmee word bedoel die vermoë of potensiaal van die besondere fisiese omgewing om te voldoen aan die materiële en/of geestelike behoeftes van diegene wat hulle in dié fisiese omgewing bevind.

Waar verdere begrippe in die verslag 'n nadere omskrywing vereis, sal dié begrippe deur middel van voetnote toegelig word.

HOOFSTUK 11

KLEURLINGBEHUISING

1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor Kleurlingbehuising in die algemeen. Eerstens word die bevindinge en uitsprake van ondersoekers en ander deskundiges ten opsigte van die behuisingstoestande van Kleurlinge in die Republiek, en in Pretoria in die besonder, aangetoon.

'n Tweede afdeling van hierdie hoofstuk het die voorsiening van huisvesting aan Kleurlinge as onderwerp. In aansluiting hierby word 'n oorsig gegee van wat reeds van owerheidsweë gedoen is om behoorlike huisvesting aan die Kleurlingbevolking van die Republiek te voorsien.

Ten slotte word daar in die laaste afdeling gewys op sekere van die probleme waarvoor daar in die formulering en implementering van 'n behuisingsbeleid ten opsigte van die Kleurlingbevolking te staan gekom word.

2. BEVINDINGE EN UITSPRAKE MET BETREKKING TOT BEHUISINGSTOESTANDE VAN KLEURLINGE

Dit is algemeen bekend dat die Kleurlingbevolking van die Republiek, hoofsaaklik vanweë hul sosio-ekonomiese posisie, oor die algemeen onder ongunstige behuisingsomstandighede verkeer. Verskeie ondersoekers het reeds na die behuisingsomstandighede van Kleurlinge verwys en al hul uitsprake toon dié feit duidelik aan.

Die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie verklaar in 1937 die volgende met betrekking tot die behuisingstoestande van die Kleurlingbevolking: „Die behuisingstoestande, as 'n geheel geneem, waaronder die Kleurlinggemeenskappe vandag dwarsdeur die Unie lewe, kan slegs as betreurenswaardig beskou word. As aangeneem kan word dat ten einde te verseker dat daar nie te veel mense in die huise is nie en ten einde aan die gewone fatsoenlike gedragswyses van die lewe te voldoen, dit in die geval van 'n gesin met opgegroeide kinders van albei geslagte nodig is om 'n huis van drie kamers bo en behalwe 'n woonkamer en 'n kombuis te hê, dan is daar na die mening van die Kommissie slegs ongeveer 5 persent van sodanige Kleurlinggesinne in die Unie wat bevredigend gehuisves is ... Die oorgrote meerderheid (van die Kleurlinge) woon ... in huise van een of twee kamers met te veel mense daarin; in die eergste gevalle, met meer as een gesin in 'n huis" (21, bl. 115).

Veral vanweë die snelle toename in die getalsterkte van die Kleurlingbevolking in die afgelope aantal jare, kan die bostaande uitspraak dat die oorgrote meerderheid van die Kleurlinge onder ongunstige omstandighede verkeer, ten spyte van wat reeds van owerheidsweë gedoen is om die behuisingsposisie van die Kleurlingbevolking te verbeter, met veiligheid ook op die huidige van toepassing gemaak word.

I.D. du Plessis wys daarop dat die na-oorlogse jare gekenmerk is deur 'n behuisingsnood soos wat in die geskiedenis van die wêreld nog nie bekend was nie en verklaar: „Hierdie akute vraagstuk het ook die Kleurlingbevolking met al sy implikasies getref" (4, bl. 102).

In 'n bespreking van die behuisingstoestande waaronder die Kleurlingbevolking verkeer, wys S.P. Cilliers so onlangs as 1962 daarop dat „a large section of the urban Coloured population are still in need of more adequate housing facilities. On the basis of nationwide investigations, it can be confidently stated that a minimum number of approximately 45,000 housing units need to be provided for urban Coloureds in the immediate future" (2, bl. 32).

Ook die Sekretaris van Behuising wys op die tekort aan huise vir Kleurlinge. Hy stel die getal wooneenhede wat kortkom om in die behoeftes van die Kleurlingbevolking te voorsien op nagenoeg 50,000 (9, bl. 97), en dit ten spyte daarvan dat soos in die vorige hoofstuk daarop gewys is, daar in 'n bestek van 15 jaar reeds sowat 40,000 wonings vir Kleurlinge opgerig is. „Die huisloses (diegene in wie se behoefte aan huisvesting nog nie voorsien is nie) het ... òf geen onderdak nie, oorbewoon saam met ander of woon in pondokke of krotte. Die land se slumgeboue word tot 'n baie groot hoogte deur Kleurlinge bewoon", aldus die Sekretaris van Behuising (9, bl. 97).

In 1962 bevind H.L. Watts dat ten minste een derde van alle Kleurlinggesinne in die stede en in die dorpe van Wes-Kaapland onbevredigend gehuisves is (24, bl. 44).

Hoewel nie so resent as sommige van dié waarna in die voorgaande paragrafe verwys is nie, is daar ook gegewens bekend wat handel oor spesifiek die behuisingstoestande van Kleurlinge in Pretoria. Dié gegewens is vervat in die verslag van die genoemde Kommissie van Onderzoek wat in 1937 gepubliseer is. Meer resente gegewens oor die behuisingsomstandighede van die Pretoriase Kleurlinge, kon ongelukkig nie bekom word nie. Sover aan die ondersoeker bekend, is daar nie sedert die ondersoek van die genoemde Kommissie, ondersoek gedoen na die behuisingsomstandighede van die

Kleurlinge in Pretoria nie.

Volgens dié verslag was daar in 1936 3,351 Kleurlinge woonagtig in Pretoria en Voorstede en 2,783 in die munisipale gebied van dié stad. Van laasgenoemde groep het slegs 'n klein gedeelte onder bevredigende behuisingsomstandighede verkeer. Pretoriase Kleurlinge was destyds veral woonagtig in die woonbuurt wat bekend gestaan het as die lokasie van Kaapse Kleurlinge (ook bekend as Kaap Lokasie en Marabastad), en ook in Lady Selborne, Claremont, Daspoortwyk, Silverton en Eerste Rust (die laasgenoemde is tans die huidige Eersterust Kleurlingwoonbuurt).

Die meeste geboue in die lokasie was van hout en sink gebou en vir die standplase is 'n huur van 10/- (R1.00) per maand betaal. Dié huurgeld het water en sanitêre dienste gedek. Verder was daar in dié woonbuurt enkele steengeboue, asook 20 munisipale driekamerwonings met mure van gewapende beton, betonvloere en geen plafonne nie. Die Kommissie het bevind dat te veel mense die huise in die lokasie bewoon het. Daar was 'n dringende behoefte aan beter behuisingstoestande.

Die verslag meld voorts dat die gemiddelde huur £1 (R2.00) per kamer was en dat wonings van gesinne gewoonlik uit een kamer en 'n kombuis bestaan het. Gevalle is aange-tref waar 'n hele gesin 'n enkele kamer bewoon het. Die huur vir die munisipale huise het op £1.16.0 (R3.60) per maand te staan gekom en van die huurder is verwag om die huis in orde te hou. Voorts kon Kleurlinge in sekere dele van Pretoria, as hulle die prys kon betaal, eiendomsreg verkry (21, bl. 127).

Verdere gegewens met betrekking tot die behuisingstoestande van Kleurlinge in 1937 in Pretoria, en in die besonder gegewens met betrekking tot die voorkoms van slumtoestande in wonings wat deur onder andere die Kleurlinge bewoon is, is vervat in 'n verslag van die mediese gesondheidsbeampte van Pretoria in dié jaar. Die verslag is as 'n by-lae gevoeg by die verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie.

Die mediese gesondheidsbeampte het gerapporteer dat 54 Eurafrikaan- (of Kleurling-) gesinne uit 'n totaal van 141 nie-blanke gesinne in Pretoria op 'n onbevredigende wyse gehuisves was. 'n Verdere sewe Kleurlinggesinne bestaande uit 27 volwassenes en 24 kinders was woonagtig in wonings in die munisipale gebied van Pretoria, maar buite die lokasie in dié stad, wat nie as geskik beskou is om

ingevolge die Slumswet behandel te word nie. 'n Ontleding van die destydse behuisingstoestande in die lokasie van Pretoria toon voorts dat „die lokasiebevolking (Naturelle en Eurafrikane) 'n gemiddelde van 9.9 persone per huis oplewer wat selfs erger is as die syfer wat in Junie 1930 deur die Departement bereken is en wat 7.8 persone per huis opgelewer het. Dit beteken dat die oorbewoning vandag slegter is en dat die aanbou van huise nie tred gehou het met die vereistes wat teweeggebring is deur die - (a) afbraak van onbevredigende persele; (b) vermeerdering van die bevolking - (i) deur toestroming, en (ii) deur natuurlike aanwas" (21, Bylae 38, bl. 326).

In haar ondersoek oor die rolle van die man en die vrou in die Kaapse Kleurlinggesin, let Anna F. Steyn ook op die behuisingssomstandighede van haar ondersoekgroep en toets sy dié behuisingstoestande aan 'n minimum standaard wat deur D.M. Calderwood en P.H. Connell opgestel is.¹⁾ Volgens dié standaard is die maksimum toelaatbare getal persone per woonvertrek 2.5. Steyn bevind in die „hoogste stand" gemiddeld 1.45 persone per woonvertrek, en in die „laagste stand" woonagtig in sink- en houthuise en in huise van steen, onderskeidelik 8.3 en 4.1 persone per woonvertrek (8, bls. 149-153).

Ook W.L. Steenkamp het in sy ondersoek gelet op behuisingstoestande. Hy vind in sy ondersoek, waarby 1,239 skoolgaande Kleurlingkinders betrek is, onderskeidelik minder as 1.9, 2 tot 3.9 en 4 en meer kinders in die gesinne waartoe 390, 549 en 300 kinders in sy ondersoekgroep behoort en kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n verband bestaan tussen die aard van die behuising en die intelligensieprestasie van die kind: „Waar daar minder persone per vertrek is, presteer die leerlinge beter en omgekeerd, waar die behuising swak is, is die kind dikwels vertraagd" (7, bl. 24).

In die voorgaande paragrawe is aangetoon dat ten spyte van wat reeds van owerheidsweë vermog is om die behuisingssituasie van die Kleurlinge te verbeter, die behuisingstoestande waaronder 'n groot deel van die lede van dié bevolkingsgroep hulle bevind, ongunstig is. Selfs betreklik onlangse ondersoeke toon ongunstige behuisingstoestande aan en deskundiges wys op 'n onmiddellike tekort van nagenoeg

1) Calderwood, D.M. en Connell, P.H.: Minimum Standards of Accommodation for the Housing of non-Europeans in South Africa, (Herdruk uit Bulletin Nr. 8 van die Nasionale Bounavorsingsinstituut, Junie 1952).

45,000 tot 50,000 wooneenhede vir Kleurlinge. Hierdie tans nog ongunstige behuisingsposisie van die Kleurlingbevolking staan in 'n direkte verband met die voorkoms van sekere demografiese verskynsels onder die lede van dié bevolkingsgroep, onder andere hul volgehoue hoë geboortesifer (13, bl. B-4). Dit ly geen twyfel nie dat die groot kindertal van die Kleurlingbevolking direk tot 'n oorvolheid van die wonings aanleiding gee en dat dié toestande in die wonings sekerlik bydra tot die ontstaan en ook die voortbestaan van sekere maatskaplike en ander probleme wat 'n groot deel van dié bevolkingsgroep kenmerk, byvoorbeeld drankmisbruik (9, bl. 108) en 'n hoë buiteegtelikheidsifer (9, bl. 13). Verskeie van die maatskaplike probleme waarmee die Kleurlingbevolking te kampe het, kan teruggevoer word na die swak behuisingstoestande waaronder 'n aansienlike persentasie van die Kleurlingbevolking verkeer, en dié behuisingstoestande op hulle beurt weer na, onder andere, die tot nog toe volgehoue hoë geboortesifer van die Kleurlingbevolking.

3. BEHUISINGSVOORSIENING AAN KLEURLINGE

Die Staat se behuisingsbeleid het in 1920 sy beslag gekry met Wet Nr. 35 van 1920. Hoewel daarna telkens gewysig, het dié wet vir 'n tydperk van 37 jaar die grondslag gevorm van die wyse waarop die Staat, direk of indirek, 'n bydrae gelewer het tot behuisingsvoorsiening.

Fondse vir die voorsiening van huisvesting aan die laer inkomstegroepe, en derhalwe ook aan 'n groot persentasie van die Kleurlingbevolking, is ingevolge die genoemde wet vir die eerste keer beskikbaar gestel.

Op 'n aanbeveling van die Woningraad - 'n liggaam wat spesiaal in die lewe geroep is om die Provinsiale Administrasies met betrekking tot behuisingsvoorsiening te adviseer - kon dié administrasies aansoeke om lenings vir behuisingskemas goedkeur. In die betrokke wetgewing is ook nutsmaatskappye en ander nie-winsgewende organisasies erken wat behuisingsvoorsiening aan laagbesoldiges nagestreef het en kon dié instansies deur hul plaaslike owerhede behuisingslenings verkry (9, bl. 98).

Hoofsaaklik vanweë die behuisingsnood wat met die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, is die Woningraad ingevolge die bepaling van Wet Nr. 49 van 1944 ontbind en vervang deur die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie (19, bl. 154). Hierdie liggaam het oor veel wyer magte as die vroeëre Woningraad beskik en kon ook namens die Staat self

behuisingsprogramme onderneem.

Die aanvanklike en later gewysigde behuisingsbeleid van die Staat was nie sonder gebreke nie. Die fondse wat die Staat deur die Provinsiale Administrasies beskikbaar gestel het, was leningsgelde en moes met rente terugbetaal word. Hierdie toedrag van sake het meegebring dat diegene wat van huisvesting voorsien is, 'n hoë huur moes betaal ten einde die kapitale uitgawes te kon delg en die rente op die lenings te kon verhaal. In die genoemde wet in 1920 is bepaal dat die rentekoers op die gelde wat voorsien is, 5% sou beloop. Hierdie rentekoers het spoedig geblyk in sommige gevalle te hoog te wees. Die Staat was gevolglik verplig om, ten einde in hul behuisingsbehoefte te kan voorsien, diegene in die laagste inkomstegroep te ontmoet te kom deur 'n verlaging van die rentekoers. Die aanvanklike 5%-rentekoers is eers verlaag na 3%, later na 2%, en in 1936 na $\frac{3}{4}$ %.

Die rentekoersverlagings in die geval van die laagbesoldigde inkomstegroepe het vanselfsprekend verliese meegebring. Aanvanklik moes die plaaslike owerhede, wat lenings vir behuising van diegene in die $\frac{3}{4}$ %-rentekoersgroep aangegaan het, self 'n $1\frac{1}{4}$ % verlies ly op sodanige skemas. Tans word alle rentekoersverliese op skemas wat ingevolge die $\frac{3}{4}$ %-skema, ook bekend as die sub-ekonomiese skema, aangepak word, teen die Behuisingsfonds gedebiteer, en ly slegs die Staat self 'n verlies (9, bl. 99). Hierdie verlies moet gesien word as die Staat se direkte bydrae tot die voorsiening van huisvesting aan diegene in die laagste inkomstegroep.

In 1957 is alle bestaande behuisingswetgewing gekonsolideer in die Behuisingswet, Wet Nr. 10 van 1957. Dié konsolidasie was 'n besliste voorwaartse stap in behuisingsvoorsiening deur die Staat. Ingevolge die genoemde wet, beskik slegs die Nasionale Behuisingskommissie oor die magtiging om lenings goed te keur uit 'n fonds bekend as die Behuisingsfonds. Dié fonds staan onder die beheer van die Sekretaris van Behuising. Die nuwe behuisingsbeleid het die aandeel van Provinsiale Administrasies in behuisingsvoorsiening uitgeskakel, asook omslagtighele wat voorheen onnodige verdragings in behuisingsprogramme meegebring het (9, bls. 98-99).

„Kragtens hierdie Wet is daar onder andere die skemas deur die Kommissie bestuur, naamlik (i) die Kommissie se eie bouprogram, (ii) regstreekse lenings van 90 persent

aan individue, en (iii) die gekombineerde Kommissie- en bouverenigingleningskema van 90 persent. Die uitvoering van hierdie skemas geskied op 'n ekonomiese grondslag, dit wil sê, die Staat dra geen verlies op die gelde wat hy voorskiet nie" (19, bl. 155).

Hoewel nie so direk ter sake nie, is dit tog betekenisvol om daarop te let dat in die tydperk 1 Junie 1957 tot 31 Desember 1958 lenings ten bedrae van R2,156,800 vir 607 wonings aan Kleurlinge en Maleiers toegestaan is onder die skema van regstreekse 90% lenings aan individue (19, bl. 155). Gedurende dieselfde tydperk is ingevolge die gekombineerde Kommissie- en bouverenigingleningskema van 90% 'n bedrag van R24,800 vir 19 wonings aan Kleurlinge voorsien (19, bl. 155).

Vervolgens word daar slegs gelet op twee van die leningskemas wat onder die Nasionale Behuisingskommissie ressorteer, naamlik dié vir die voorsiening van ekonomiese behuising, en dié vir die voorsiening van sub-ekonomiese behuising.

Ten einde ekonomiese behuising te kan voorsien, ontvang plaaslike owerhede voorskotte uit die Behuisingsfonds. Woningen wat ingevolge ekonomiese behuisingskemas opgerig word, kan deur die plaaslike owerhede òf verkoop òf verhuur word. Dié owerhede kan verder ook die voorskotte vir ekonomiese behuising aanwend as woningboulenings aan goedgekeurde individue, of dit tot die beskikking stel van nutsmaatskappye, nie-winsgewende verenigings en/of geregistreerde welsynorganisasies wat met behuisingsvoorsiening gemoeid is. In die tydperk 1 Junie 1957 tot 31 Desember 1958 is onder hierdie skema lenings ten bedrae van R12,086,000 vir 11,759 wonings vir Kleurlinge goedgekeur (19, bl. 155).

Tot 30 Junie 1963 was die maksimum inkomste vir Kleurlinggesinne om vir ekonomiese behuising te kwalifiseer, R140 per maand. Vanaf 1 Julie 1963 is die maksimum inkomsteperk verhoog na R180 per maand. Woningen word met kapitaal uit die Behuisingsfonds teen volle ekonomiese rentekoerse gebou en aan die Kleurlinggesinne verhuur of verkoop. In gevalle waar Kleurlinggesinne reeds die eienaars van persele is, „kan hulle 90% lenings uit die oprigtingskoste en prys van die perseel gesamentlik kry; inderdaad 100% boulenings" (9, bl. 100).

Wat sub-ekonomiese behuising betref, stel die Nasionale Behuisingskommissie lenings uit die Behuisingsfonds, wat teen $\frac{3}{4}\%$ rente oor 'n tydperk van hoogstens 40 jaar terugbetaalbaar is, tot die beskikking van die plaaslike owerhede (19, bl. 156). Sub-ekonomiese wonings word slegs aan Kleurlinggesinne verhuur en nie aan hulle verkoop nie. Die maksimum inkomsteperk vir 'n Kleurlinggesin om vir sub-ekonomiese behuising in aanmerking te kom, was tot 30 Junie 1963 R40 per maand. Op 1 Julie 1963 is dié maksimum inkomsteperk verhoog na R50 per maand (9, bl. 100).

In die tydperk 1 Junie 1957 tot 31 Desember 1958 is onder die sub-ekonomiese $\frac{3}{4}\%$ -skema lenings ten bedrae van R20,956,200 vir 19,508 wonings vir Kleurlinge goedgekeur (19, bl. 156).

Die verhoging in die maksimum inkomsteperk om vir sowel ekonomiese as sub-ekonomiese behuising te kwalifiseer, het ongetwyfeld meegebring dat veel meer Kleurlinge as wat voorheen die geval was, na 1 Julie 1963 in aanmerking kon kom vir die huisvesting wat van owerheidsweë aan die Kleurlingbevolking voorsien word.

Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat veral in die onlangse verlede, daar goeie vordering gemaak is met die voorsiening van huisvesting aan Kleurlinge. Daar is reeds aangetoon dat in die bestek van die 15 jaar na 1948 sowat 40,000 wonings teen 'n koste van nagenoeg R37,000,000 vir Kleurlinge opgerig is. Dié vordering, wat in 'n noue verband staan met die ontwikkeling van afsonderlike groepsgebiedwoonbuurtes as onderdeel van die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling wat in 1948 sy beslag gekry het, vertoon indrukwekkend, veral wanneer daarop gelet word dat in die tydperk 1920 tot 1948 relatief veel minder bereik is met die voorsiening van huisvesting aan Kleurlinge. In dié tydperk is 3,000 ekonomiese en 16,000 sub-ekonomiese wooneenhede teen 'n koste van nagenoeg R20,000,000 vir Kleurlinge opgerig (9, bl. 100). Die vordering wat daar in die onlangse verlede gemaak is met behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge, volg waarskynlik ook op 'n toenemende besef van die belangrikheid van bevredigende behuising, asook op die ekonomiese opbloei wat die Republiek die afgelope aantal jare belewe het. Die ontwikkeling van nuwe boutegniese het waarskynlik in hierdie verband ook geen geringe rol gespeel nie.

Die daadwerklike stappe wat die Staat die afgelope jare geneem het om 'n verbetering in die behuisingsomstandighede

van Kleurlinge te bewerkstellig, blyk ook uit die volgende:

„Die Afdeling Kleurlingsake (tans die Departement van Kleurlingsake) voer reeds sedert sy ontstaan 'n inspeksie-program uit ten einde vas te stel wat die behuisingsbehoef-tes is van die Kleurlinggemeenskappe, waar hulle hulle ookal oor die lengte en breedte van ons land bevind, en om in skakel-
hoedanigheid behulpsaam te wees om voorsiening in hierdie op-
sig te laat maak. In oorleg met plaaslike owerhede, asook die betrokke Staatsdepartemente, soos bv. die Nasionale Be-
huisingskantoor, die Groepsgebiedraad, ens., beywer die Afde-
ling hom om sover moontlik geskikte en voldoende behuising op die nees higiëniese en ekonomiese basis vir Kleurlinge be-
skikbaar te kry, waar die behoefte ookal bestaan" (4, bls. 102-103).

„In 1959, following on the work done on Bantu housing and low-cost housing for Europeans, a survey was undertaken by the National Institute for Personnel Research to determine the housing needs of Coloured families in towns of the Western Cape Province. The results of this survey became available in March 1960, confirming that the problem is very acute, mainly because of extensive poverty within this group. Plans of suitable houses were prepared taking into consideration the needs of the people and their living preferences as determined from the survey" (18, bl. 10).

In 1961 verklaar T.L. Webb en S.J. Richards die volgende: „Until recently the provision of housing for the Asiatic and Coloured people was based on a pattern similar to that which applied to housing for Whites. However, the relatively low economic status of large numbers of these people made it obvious that far greater and more positive assistance was re-
quired in providing valid housing for them. This task has now been accepted by the Government and the planning and con-
struction of new townships and housing estates is progressing on an increasing scale. An intensive housing survey recently completed by the Government will, it is hoped, speed up pro-
vision for the needs of the Coloured and Asian communities within the near future" (25, bl. 8).

4. SEKERE PROBLEME IN DIE FORMULERING EN IMPLEMENTERING VAN 'N BEHUISINGSBELEID TEN OPSIGTE VAN DIE KLEURLINGBEVOLKING

C.J. Roos wys op 'n baie belangrike probleem met betrek-
king tot die voorsiening van behuising aan Kleurlinge wat
veral geld in daardie dele van die Republiek waarin die Kleur-
lingbevolking relatief nie baie sterk gekonsentreer is nie:

„Behuising is beslis 'n probleem wat dringende aandag verdien, maar in die beplanning daarvan moet veral klem gelê word op die behoud van die identiteit van die Kleurlinge as gemeenskap. Myns insiens moet dit sover as moontlik op streeksbasis geskied, sodat die gemeenskap groot genoeg kan wees om die vernaamste openbare dienste en geriewe moontlik te maak. As elke plaaslike bestuur sy eie klein groepie Kleurlinge moet huisves, sal dit onmoontlik wees om sulke dinge soos skole, handels- en gemeenskapssentrums, ontspanning en dies meer te voorsien, en dit sou beteken dat hulle weer op die Indiërgemeenskappe aangewys is vir hierdie dienste, met die gevolglike verlies van identiteit" (6, bl. 16).

Die vestiging van relatief klein groepies Kleurlinge in afsonderlike woonbuurtes en die daarmee gepaardgaande gebrek aan voldoende fasiliteite, hou nie slegs die gevaar van 'n identiteitsverlies vir die betrokke Kleurlinge in nie. Dit kan ook daartoe lei dat ontevredenheid weens die gebreke in die leefbaarheid van die woonbuurt kan ontwikkel en sodoende meebring dat die doelstellings met die vestiging van die besondere groep mense in 'n afsonderlike woonbuurt verydel word.

Wat die voorsiening van behuising aan Kleurlinge as sodanig betref, bestaan daar ook besondere probleme. Die belangrikste van hierdie probleme word vervolgens bespreek.

Soos reeds onder andere uit die voorgaande geblyk het, en soos algemeen bekend is, bevind 'n groot persentasie van die Kleurlingbevolking hulle in swak ekonomiese omstandighede. Vandaar dat ten spyte van dit wat alreeds met behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge deur die Staat bereik is, daar tans nog so 'n groot tekort bestaan aan wonings vir die lede van dié bevolkingsgroep.

H.L. Watts verwys na die ekonomiese posisie van die Kleurlinge betrokke by sy ondersoek en verklaar: „An estimated 47% of the population concerned has a negative rent margin ... theoretically these households are too poor to be able to afford any rent at all. This ... emphasises the need to provide housing at the lowest possible cost. An estimated 56% of the population of households cannot pay as much as R2 rent a week, while 51% cannot pay as much as R1 a week" (24, bls. 21-22).

Teenoor die swak ekonomiese omstandighede waarin 'n groot persentasie van die Kleurlingbevolking verkeer, staan 'n verdere faktor waarmee daar in die formulering en implementering van 'n behuisingsbeleid ten opsigte van

die Kleurlingbevolking wel deeglik rekening gehou moet word, naamlik die hoë gemiddelde gesinsyfer van dié bevolkingsgroep.

„Daar is ... vir diegene wat met woningbou vir dié bevolkingsgroep te doen kry, twee moontlike alternatiewe. Die eerste is om een- of tweevertrek huise, waarvan die huur binne die betaalvermoë van die inwoners is, te bou. Die tweede alternatief is om huise te ontwerp en op te rig wat aan die woonbehoefte van die gemiddelde Kleurlinggesin sal voldoen, maar waarvan die huur deur staatsubsidiëring binne hulle betaalvermoë gebring word" (9, bls. 101-102).

Oor die keuse tussen die twee moontlike alternatiewe bestaan daar uiteraard uiteenlopende en dikwels teenstrydige opvattinge.

R.W.A. Yeld is van mening dat die laasgenoemde van die twee alternatiewe die wenslike is: „Standards of accommodation such as two-roomed units for larger families which must militate against proper family life - the omission of essential items which actually reduce existing living standards - all result in the main objects of housing being defeated" (11, bl. 181).

H.L. Watts daarenteen, is die teenoorgestelde standpunt toegedaan: „Is it wise to build low-cost small houses, at the same time producing over-crowding? Neither high rents nor overcrowding are desirable. However, it is considered that high rents, (which can drastically lower the quantity and quality of food intake of a household) are more damaging to a household than overcrowding. Therefore, if the policy decision has to be made whether to build larger houses which will reduce overcrowding, or low-cost small houses which will produce overcrowding, the latter course is undoubtedly the lesser of the two evils to choose" (24, bl. 30).

'n Verdere belangrike probleem waarmee die beleidsformuleerders en -implementeerders ten opsigte van Kleurlingbehuising dikwels te doen kry en wat ten slotte kortliks aangedui word, is die maatskaplike probleemgesinne onder die Kleurlingbevolking. Theron en Swart bespreek die moontlike oorsake vir die ontstaan van hierdie onbehuisbare gesinne wat in omvang en intensiteit veel meer by die Kleurlinge as by Blankes voorkom, asook moontlike metodes om hierdie gesinne, afkomstig uit die laagste sosio-ekonomiese

groep in die samelewing, wat òf uit behuisingskemas gesit word òf nie huisvesting in dergelike skemas kan bekom nie, te rehabiliteer (9, bls. 104-105).

HOOFSTUK 111

KLEURLINGBEHUISING IN EERSTERUST

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die behuising wat van owerheidsweë in Eersterust tot die beskikking van Kleurlinge gestel word, bespreek.

Ten einde die oningeligte leser tot die betrokke woonbuurt te oriënteer, word daar vooraf aandag geskenk aan aspekte soos die ligging van die betrokke woonbuurt, die ontstaan en die ontwikkeling van Eersterust, wie die vroeëre inwoners van hierdie woonbuurt was, en welke toestande aldaar geheers het voordat dié woonbuurt ingevolge die Wet op Groepsgebiede as 'n woonbuurt vir Kleurlinge geproklameer is. Aandag word ook geskenk aan die ontwikkeling in Eersterust sedert die datum van proklamering, asook aan toekonsplanne met hierdie woonbuurt.

In die afdeling wat spesifiek oor behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge in Eersterust handel, word gelet op die wonings wat in die woonbuurt tot die beskikking van Kleurlinge gestel word. Die bouplanne van die onderskeie soorte wonings word as sodanig aangetoon en kortliks bespreek. Verder word gelet op die voorsiening van sekere fasiliteite in die wonings en word aangetoon op welke wyse en onder watter voorwaardes Kleurlinge huisvesting in Eersterust kan bekom.

2. DIE LIGGING, ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN EERSTERUST

Die Kleurlingwoonbuurt Eersterust is geleë in die gebied wat as 'n groepsgebied vir die Kleurlinge van Pretoria geproklameer is. Hierdie geproklameerde gebied word volledig omskrywe in 'n bylae tot Proklamasie Nr. 150/1958 ingevolge waarvan die voorskrifte vervat in artikels 20 en 23 van die Wet op Groepsgebiede, op die betrokke gebied van toepassing gemaak is. Proklamasie Nr. 150/1958 is op 6 Junie 1958 in Buitengewone Staatskoerant Nr. 6067 gepubliseer en die bepalinge daarvan het op die datum van publikasie in werking getree.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling kan daarmee volstaan word dat die gebied wat vir die Kleurlinge van Pretoria afgesonder is, 'n deel vorm van die plaas Derdepoort Nr. 469 wat noord-oos van Pretoria geleë is.

Die totale oppervlakte van die geproklameerde gebied beslaan 778.0257 morg en hiervan word 136 morg in beslag geneem deur die woonbuurt waarin die onderhawige ondersoek gedoen is en wat bekend staan as Eersterust Uitbreiding Nr. 2.

Eersterust is sowat agt myl noord-oos van die middestad van Pretoria geleë en is maklik met die pad en per spoor bereikbaar. Dit is oos van die Blanke woonbuurtes East Lynne en Riverside geleë, noord-oos van Silverton en die Koedoespoortse Spoorwegwerkwinkels, noord van Despatchdorp, en wes van die Bantowoonbuurt Mamelodi.

In die nabye omgewing is die nuwe Watloo-nywerheidsdorp wat deur die Pretoriase Stadsraad ontwikkel word en waar, onder meer, 'n nuwe fabriek van 'n motororganisasie opgerig word. „Die fabriek sal meer as R25 miljoen kos en verwag word dat dit werk sal verskaf aan 'n groot aantal van Eersterust se inwoners. Hierdie mense sal sonder moeite van hul tuiste na die nabygeleë fabriek kan beweeg" (17, bl. 17).

Die huidige Eersterust Kleurling woonbuurt het sedert die proklamering van die betrokke gebied op presies dieselfde plek ontwikkel as waar Eersterust Uitbreiding Nr. 1 geleë was. Die laasgenoemde woonbuurt het bekend gestaan as Eerste Rust en die Kleurlinge woonagtig in die huidige Eersterust, ver wys daarna as Ou Eersterust.

Eerste Rust (Eersterust Uitbreiding Nr. 1) het in ongeveer 1905 ontstaan. Hierdie woonbuurt is aangelê toe die destydse eienaar van die betrokke plaas, 'n mnr. Wolmarans, 'n deel van sy grond in woonerwe verdeel het en die woonerwe te koop aangebied het. Ondersoeker het daarin geslaag om 'n dogter van dié mnr. Wolmarans op te spoor. Sy is 'n dr. Van Ginkel en is 'n mediese praktisyn in Pretoria. Dr. Van Ginkel deel mee dat haar vader die woonbuurt ontwikkel het met die doel dat Kleurlinge daar sou woon. Die woonerwe wat hy te koop aangebied het, is egter deur hoofsaaklik Bantoes aangekoop. Mnr. H. Coverdale, 'n vooraanstaande inwoner van die huidige Eersterust wat goed bekend is met die ontstaan en ontwikkeling van dié woonbuurt, verklaar dat hierdie Bantoes hoofsaaklik afkomstig was vanaf Cullinan en Premiernyn.

Volgens Dr. Van Ginkel het die benaming Eerste Rust sy ontstaan by haar vader gehad. Sy deel mee dat haar vader 'n idealis was en in die ontwikkeling van die woonbuurt die moontlikheid gesien het om, soos sy dit stel, 'n eerste rusplek in die Transvaal te bied aan, „the descendants of the

slaves". Of Dr. Van Ginkel in hierdie opsig korrek is, is nie seker nie. Onder die Kleurlinge tans woonagtig in die betrokke woonbuurt, word algemeen aanvaar dat die plek waar hul woonbuurt aangelê is, die eerste rusplek was van die poskoetse wat aan die einde van die vorige eeu vanaf Pretoria na Lydenburg gegaan het. Volgens die Kleurlinge het die gebruik om daar te rus, aanleiding gegee tot die naam Eerste Rust. Sommige Kleurlinge vertel ook dat die Republikeinse burgers wat met die Britse inname van Pretoria gedurende die Driejarige Oorlog uit Pretoria gewyk het, by die plek waar Eersterust aangelê is, versamel het en aldaar gerus het voordat hulle die stryd verder gevoer het.

Waar die betrokke woonbuurt presies sy naam vandaan kry, is nie bekend nie. Navrae het getoon dat ook die Pleknamekomitee van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap nie oor enige gegewens met betrekking tot die presiese oorsprong van die benaming Eerste Rust beskik nie.

Oor die aanvanklike ontwikkeling van Eerste Rust is nie veel bekend nie. Dr. Van Ginkel verklaar dat sy as kind die betrokke woonbuurt dikwels saam met haar vader besoek het. Sy kan egter nie onthou hoedanig toestande destyds in dié woonbuurt was nie. In die dertigerjare het sy na voltooiing van haar studies 'n mediese kliniek in Eerste Rust geopen en met die lewering van mediese dienste in die woonbuurt volgehou tot met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Sy verklaar dat behuisings-toestande in dié jare uiters swak in die woonbuurt was. Daar was geen sanitêre voorsiening nie, siektetoestande was haglik en veral die kindersterftesyfer was ontsettend hoog.

'n Komitee van Onderzoek onder voorsitterskap van Sir. E.M. Thornton verwys in sy verslag, wat in 1938 gepubliseer is, en na aanleiding waarvan die Gesondheidsraad vir Buite-stedelike Gebiede tot stand gekom het, na toestande wat in die jare 1936 tot 1938 in Eerste Rust voorgekom het:

„Die dorp Eerste Rust (insluitende Despatchdorp, 'n latere uitbreiding van hierdie dorp) is ... in 1905 aangelê en die persele is byna almal die eiendom van naturelle, wat nog toegelaat word om grond in hierdie dorp te verkry. In 1936 was die aantal naturellehouers 235, vergeleke met 2 Kleurlingeienaars en 1 blanke. Hier het ... blykbaar ... onreëlmatige onderverdeling sonder opmeting voorgekom, en

daar was 'n opmerklike vermeerdering in die naturellebevolking in die twee jaar tussen Augustus 1936 en September 1938, nl. van 1,713 tot tussen 4,000 en 5,000" (, bl. 54).

Dit spreek vanself dat so 'n snelle aanwas in die getal bewoners van 'n woonbuurt waarin daar geen beheer was nie, tot allerlei wantoestande aanleiding sou gee. Geen wonder nie dat die genoemde Komitee van Onderzoek as volg oor toestande in Eerste Rust verslag doen: „Sanitêre toestande (in Eerste Rust) is ontsettend en weersinwekkend ... Die sanitêre toestande ... is ... 'n ernstige gevaar vir die openbare gesondheid, en 'n epidemie van ingewandskoors in die nabye toekoms kan voorspel word" (20, bl. 55).

Volgens Dr. Van Ginkel, en ook 'n Indiërhandelaar wat reeds sedert 1929 op die betrokke plaas woon, was Eerste Rust in dié jare nie veel meer as 'n plakkersdorp nie. Die wonings was hoofsaaklik sink- en modderhuise. Kleurlinge met wie daar tydens hierdie ondersoek onderhoude gevoer is en wat goed bekend is met die destydse toestande in Eerste Rust, verklaar dat misdaad, en veral die onwettige brouery van sterk drank, hoogty gevier het in dié woonbuurt. 'n Mnr. Cohen, wat Dr. Van Ginkel se eiendom in Eerste Rust (wat sy van haar vader geërf het) gekoop het, en later ook die eiendomme van verskeie Bantoe-grondbesitters in die woonbuurt aangekoop het, deel mee dat behuisingstoestande in Eerste Rust voor die proklamering van die betrokke gebied uiters swak was. Dit het dikwels gebeur dat persone wat 'n woonerf by hom gehuur het, 'n hele aantal woningstrukture op die enkele perseel opgerig het en hierdie „wonings" aan andere onderverhuur het.

Na van die woonbuurtowerhede van die huidige Eersterust verneem word, het die swak toestande hierbo beskryf nog in 1958, met die proklamering van die betrokke woonbuurt, voorgekom. Bewoners van die woonbuurt, hoofsaaklik Bantoes maar ook Indiërs en Kleurlinge, het in ou en vervalde wonings gewoon. Daar was feitlik geen sanitêre voorsiening nie en die wonings was van so 'n gehalte dat almal gesloop moes word en nie herstel of behou kon word nie.

Met die proklamering van die gedeelte van die plaas Derdepoort Nr. 469 as 'n groepsgebied vir die Kleurlinge van Pretoria, is die woonbuurtes in dié stad waarin die Kleurlinge hoofsaaklik gewoon het, ingevolge dieselfde proklamasie tot groepsgebiede vir Blankes verklaar, onder andere Lady Selbornedorp, Eastwooddorp, Highlandsdorp,

Claremont-Booysens, en die Cape Coloured Location. Hierdie proklamasie wat ook in Buitengewone Staatskoerant 6067 van 6 Junie 1958 verskyn, het die owerhede in staat gestel om op te tree en 'n aanvang te maak met die ontwikkeling van Eersterust as 'n woonbuurt vir die uitsluitlike gebruik van die Kleurlinge van Pretoria.

Eerste Rust (Eersterust Uitbreiding Nr. 1) is opnuut in woonerwe verdeel nadat die eiendomme van die vorige eienaars van grond in die woonbuurt onteien is. Sedert die heropmeting van die woonbuurt staan dit bekend as Eersterust Uitbreiding Nr. 2. Namate die nie-Kleurling inwoners van die woonbuurt in ander woonbuurtes hervestig is, is die ou wonings gesloop. Nuwe wonings is gebou en Kleurlinge wat in ander dele van Pretoria gewoon het, is daarin gevestig. In Februarie 1962 is die eerste behuising-skema bestaande uit 200 ekonomiese wonings voltooi. Hierdie wonings is teen 'n koste van R1,500 per woning opgerig. Die tweede skema, waarin 'n verdere 50 ekonomiese wonings teen 'n koste van R1,875 per woning opgerig is, is in Mei 1965 afgehandel, en die derde behuising-skema in Mei 1966. In die laasgenoemde skema is 524 sub-ekonomiese wonings teen 'n koste van R1,045 per woning opgerig.

Daar is reeds twee laerskole in Eersterust. 'n Totaal van 1,073 kinders besoek hierdie skole. 'n Derde laerskool word in die vooruitsig gestel vir die nagenoeg 700 Kleurlingkinders wat nog in ander dele van Pretoria woon en skoolgaan, asook 'n hoërskool wat voorsiening sal maak vir sowat 400 leerlinge en 'n koshuis om huisvesting te bied aan skoliere uit die omliggende dele van Noord Transvaal (17, bl. 16).

Daar is in Eersterust Uitbreiding Nr. 2 voorsiening gemaak vir 15 besigheidspersone en 181 woonerwe vir eienaarsbouers. Van die laasgenoemde was 99 reeds op 1 Junie 1966 verkoop en op drie van dié erwe was die huise van eienaarsbouers tydens die veldwerk reeds in aanbou.

Verskeie van die Kleurlinge met wie onderhoude gevoer is, het met waardering verwys na die wyse waarop hul woonbuurt beplan en ontwikkel word. Hierdie Kleurlinge het die ondersoeker se aandag daarop gevestig dat die strate in die woonbuurt gemaak en die riolering eers aangelê word alvorens die wonings opgerig word. Gevolglik beskik die Kleurlinge reeds met hul intrek in die wonings oor al die noodsaaklike fasiliteite.

Interessantheidshalwe kan ook daarop gewys word dat daar in die ontwikkeling van Eersterust as woonbuurt, nie slegs fisiese vordering gemaak is nie. Op 25 September 1963 is die instelling van 'n Raadplegende Komitee, waardeur die inwoners van dié woonbuurt 'n aandeel verkry het in die ontwikkeling en die bestuur van Eersterust, ingevolge die voorskrifte van Ordonnansie Nr. 22 van 1962 in die Provinsiale Koerant aangekondig (26, bl. 14). Eersterust was die eerste afsonderlike woonbuurt vir 'n nie-blanke bevolkingsgroep in Transvaal waarin die bewoners van die woonbuurt deur die instelling van 'n Raadplegende Komitee 'n aandeel verkry het in die plaaslike bestuur van hul woonbuurt. ¹⁾

'n Verdere 74.58 morg van die geproklameerde groepsgebied vir die Pretoriase Kleurlinge wat aan die huidige Eersterust grens, is beplan as Eersterust Uitbreiding Nr. 3. In dié uitbreiding word 725 woonerwe voorsien. Daarop sal 116 ekonomiese huise (wat reeds in aanbou is en eersdaags voltooi behoort te wees), 268 tweevertrek sub-ekonomiese wonings, 74 drievertrek sub-ekonomiese wonings en 102 viervertrek sub-ekonomiese wonings opgerig word. Verder word 5.24 morg in hierdie uitbreiding uitgehou vir 'n skool en 'n ontspanningsterrein.

Volgens die woonbuurtowerhede was daar op 1 Junie 1966 nog sowat 916 Kleurlinggesinne elders as in Eersterust in die Pretoriase munisipale gebied woonagtig. Namate wonings in Eersterust beskikbaar word, sal hierdie gesinne in die betrokke woonbuurt hervestig word.

Die volgende paragrawe in hierdie afdeling toon aanhalings uit 'n onlangse artikel wat oor Eersterust handel, in die tydskrif „Alpha“. Dié tydskrif word deur die Departement van Inligting namens die Departement van Kleurlingsake uitgegee.

„Aan elke behoefte van die inwoners van Eersterust word deur die Prctoriase Stadsraad en ander betrokke owerhede voldoen. 'n Pragtige kleuterskool is tans in aanbou en sal binnekort voltooi wees. Langs die gemeenskapsaal, wat sitplek aan 500 mense bied, word 'n nuwe sakesentrum opgerig. Dit voorsien onder meer vir 'n slaghuis, 'n restaurant, 'n melkery en drie ander winkels.

1) 'n Mededeling deur 'n woordvoerder van die Dorperaad van die Provinsiale Administrasie van Transvaal.

„'n Groot sportterrein word verskaf en etlike tennis bane is reeds byna voltooi" (17, bl. 17).

„Gesondheidsdienste word gereeld by die munisipale kliniek in Eersterust verskaf en 'n voltydse Kleurling-verpleegster is onlangs aangestel. Die Kleurlingwelsyns-organisasie is tans besig om 'n perseel wat deur die Stadsraad aan hulle geskenk is as 'n ouetehuis in te rig. By die munisipale kantoor, waar etlike Kleurlingklerke werk-saam is, is ook 'n pragtige biblioteek wat 'n wye keuse van boeke aanbied. Die biblioteek is 'n tak van die Pretoriase Openbare Biblioteek.

„In Eersterust word alles in die werk gestel om 'n gesonde en gelukkige gemeenskap daar te vestig. Die 4,000 mense wat reeds daar gevestig is, is dankbaar om daar te wees en die ander 5,000 Kleurlinge wat tans in verspreide gebiede in Pretoria woon, sien verlangend uit na die dag wanneer hulle na Eersterust sal verhuis" (17,bls. 17, 18).

3. BEHUISINGSVOORSIENING IN EERSTERUST

In hierdie afdeling word daar kortliks verwys na die huisvesting wat in Eersterust aan die Kleurlinge voorsien word. Die ekonomiese en sub-ekonomiese wonings in Eersterust Uitbreiding Nr. 2, waarvan onderskeidelik 85 en 175 in die onderhawige ondersoek betrek is, word bespreek.


Die bouplanne van die onderskeie soorte wonings word eerstens bespreek. 'n Skets van die grondplan van elk van hierdie soorte wonings word aangetoon. Tweedens word aangetoon watter fasiliteite in die onderskeie wonings voorsien word en, derdens, hoe en op watter voorwaardes hierdie soorte huisvesting in Eersterust tot die beskikking van die Kleurlinge gestel word.

(a) Ekonomiese wonings.

Soos duidelik blyk uit die skets van die grondplan van hierdie wonings, bestaan die ekonomiese wonings in Eersterust uit vyf vertrekke, naamlik die woonkamer-kombuis, drie slaapkamers en 'n badkamer. Die eersgenoemde van hierdie vertrekke is die grootste. Dit beslaan 207.25 vierkante voet vloeroppervlakte en bevat 1,731 kubieke voet lugvolume. Die drie slaapkamers wat net soos alle ander vertrekke in die wonings betonvloere het, beslaan van die grootste tot die kleinste onderskeidelik 120.25, 100.5 en 100 vierkante voet vloeroppervlakte en bevat 1022.5, 905.7 en 900 kubieke voet lugvolume.

GRONDPLAN VAN DIE EKONOMIESE WONINGS

Slaapvertrek Nr.	Vloeroppervlakte	Lugvolume
1	100 vk.vt.	900 kub.vt.
2	100.5 vk.vt.	905.7 kub.vt.
3	120.25 vk.vt.	1022.6 kub.vt.
4	207.25 vk.vt.	1731 kub.vt.



Die ekonomiese wonings is van bakstene gebou en die wonings het sinkdakke. In al die wonings is plafonne in alle vertrekke aangebring en is die mure aan die binnekant van die woning afgepleister. Verder is die wonings van elektriese krag voorsien en is 'n elektriese stoof in die woonkamer-kombuis aangebring. In die badkamer is 'n bad aangebring, asook 'n spoellatrine.

Soos reeds uit die voorgaande hoofstuk geblyk het, word die ekonomiese wonings tot die beskikking gestel van Kleurlinge in die inkomstegroep R50 tot R180 per maand. Hierdie wonings waarop die Staat geen verlies ly nie, en waarop daar ook geen wins gemaak word nie, kan deur Kleurlinge wat vir dié soort huisvesting kwalifiseer, aangekoop word.

In gevalle waar die Kleurlinge wat hierdie wonings bewoon, nie oor die vereiste deposito beskik nie, word hulle daartoe in staat gestel om die deposito af te betaal. Na aankope van die woning word die eiendom op hulle naam oorgedra en verkry hulle ook volle besitreg.

Soos reeds gesê, word daar geen wins gemaak op die verkope van die ekonomiese wonings nie. Wanneer 'n Kleurling byvoorbeeld 'n ekonomiese woning aankoop wat drie jaar vantevore gebou is, word die huis en die woonef waarop dit opgerig is, nie teen die munisipale waardasie daarvan verkoop nie, maar wel teen die oorspronklike prys daarvan.

Wanneer wonings in Eersterust beskikbaar word, stel die woonbuurtowerhede die superintendent van die ou Kleurlingwoonbuurt, wat op daardie stadium opgeruim word, in kennis en dié wys dan 'n Kleurlinggesin wat in sy gebied woonagtig is, aan om na Eersterust te verhuis. Die betrokke Kleurling moet dan in Eersterust die nodige aansoekvorms voltooi en dan word die woning aan hom toegesê.

Die huurgeld of paalement kom, in die geval van die 200 ekonomiese wonings wat eerste in Eersterust opgerig is, te staan op R14.11 per maand en dié van die 50 wonings wat in die tweede behuisingskema in die woonbuurt gebou is, op R16.24 per maand. Hierdie verskil in die huurgeld of paalement van wonings wat in alle opsigte identies is, volg daarop dat die wonings wat laaste opgerig is, elk R375 duurder was as die wonings wat in Februarie 1962 voltooi is.

Na van die woonbuurtowerhede verneem word, gebeur dit nie dikwels dat Kleurlinge woonagtig in die duurder ekonomiese huise, ontevrede raak oor die feit dat hulle meer vir hul huisvesting moet betaal as diegene wat die eerste groep ekonomiese wonings bewoon nie.

Dit het die ondersoeker opgeval dat die bewoners van verskeie wonings wat in die ondersoek betrek is, baie moeite doen om hul wonings aantreklik te maak en in 'n goeie toestand te hou. Gevalle het egter ook voorgekom waar dit duidelik is dat die Kleurlinge nie omgee wat van die wonings word nie.

(b) Sub-ekonomiese wonings.

Die skets van die grondplan van die sub-ekonomiese wonings in Eersterust toon dat hierdie wonings, wat almal volgens dieselfde bouplan opgerig is, uit vyf vertrekke bestaan. Daar is 'n woonkamer, twee slaapkamers, 'n kombuis en 'n badkamer in die wonings.

Die twee slaapkamers beslaan onderskeidelik 126 en 94.25 vierkante voet vloeroppervlakte en bevat onderskeidelik 1,136.3 en 852.3 kubieke voet lugvolume. Die grootste van die twee slaapkamers is aan die voorkant van die woning geleë.

Anders as in die geval van die ekonomiese wonings waar sowel die voor- as die agterdeur van die woning in dieselfde vertrek is, is die voordeur van die sub-ekonomiese wonings in die woonvertrek en die agterdeur in die kombuis.


Wanneer die sub-ekonomiese wonings besigtig word, is dit duidelik dat hierdie wonings so goedkoop moontlik gebou word. Die mure is van sementstene en die dak van geriffelde asbestosplate. Die wonings is nie van plafonne voorsien nie, die mure is nie gepleister nie en, behalwe in die badkamer, word daar geen binnedeure in die woning voorsien nie.

Tydens die veldwerk in Junie 1966 is 'n begin gemaak om elektriese krag in die sub-ekonomiese wonings te installeer. In die badkamers van die sub-ekonomiese wonings word slegs 'n stortkraan en 'n spoellatrine voorsien.

Die sub-ekonomiese wonings word vir persone in die inkomstegroep minder as R50 per maand opgerig. Hierdie wonings word nie aan die Kleurlinge verkoop nie, maar teen R7.46 per maand verhuur. In gevalle waar gesinne met 'n hoër inkomste as R50 per maand, dit wil sê ekonomiese ge-

GRONDPLAN VAN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS

Slaapvertrek Nr.	Vloeroppervlakte	Lugvolume
1	94.25 vk.vt.	852.3 kub.vt.
2	126 vk.vt.	1136.3 kub.vt.
3	121 vk.vt.	1099 kub.vt.
4	92.5 vk.vt.	832 kub.vt.



sinne, hierdie wonings bewoon, styg die maandelikse huur met R0.30 per maand vir elke R1.00 wat die gesinsinkomste R50 oorskry. Die maksimum huur betaalbaar op die sub-ekonomiese wonings is volgens die woonbuurtowerhede, R12.63 per maand.

Tydens die veldwerk was die sub-ekonomiese wonings in Eersterust nog nie omhein nie. 'n Aanvang met die omheining van hierdie wonings is sedertdien gemaak.

Verskeie van die Kleurlinge wat sub-ekonomiese wonings in Eersterust bewoon, doen baie moeite om hul „halfklaar“ wonings, wat nooit hul eiendom kan word nie, aan te vul en te verbeter. Gevalle is teëgekome waar die Kleurlinge die binnemure van die wonings gepleister en geverf het en plafonne in die wonings aangebring het. Sommige het selfs binneure in die wonings aangebring en in enkele gevalle het hulle, hoewel die wonings nog nie omhein was nie, al begin tuinmaak. Daar is egter ook diegene wat absoluut geen moeite met die wonings doen nie en dit is duidelik dat die bewoners van sommige van die wonings daarop uit is om die wonings te verniel.

Kleurlinge woonagtig in gebiede in Pretoria wat opgeruim word, word ook, indien hulle vir sub-ekonomiese wonings kwalifiseer en wanneer sodanige wonings in Eersterust beskikbaar word, aangesê om na dié woonbuurt te gaan en aldaar die nodige aansoekvorms te voltooi waarna 'n woning aan hulle toegeken word.

Interne verskuiwings kom ook in die woonbuurt voor. 'n Gesin wat 'n ekonomiese woning bewoon en byvoorbeeld vanweë werkloosheid sub-ekonomies raak, word na sub-ekonomiese wonings oorgeplaas. Die omgekeerde kom ook voor.

Die woonbuurtowerhede in Eersterust het ook te kampe met die maatskaplike probleemgesinne onder die Kleurlingbevolking. Ten einde voorsiening te maak in die behoefte van hierdie onbehuisbare gesinne waarna reeds in die vorige hoofstuk verwys is, is 'n paar van die ou geboue wat met die proklamering van die woonbuurt in Eersterust was, nie gesloop nie. Kleurlinge wat nie hul huurgeld kan betaal nie, of nie wil betaal nie, word teen 'n nominale huur in kamers in dié geboue gehuisves. Na van die woonbuurtowerhede verneem word, is hierdie geboue altyd vol en word daar op die huidige glad nie eers gedink om ook hierdie geboue, wat onooglik vertoon en swak by die res van die geboue in die woonbuurt afsteek, te sloop nie.

BEHUISINGSTOESTANDE IN DIE EKONOMIESE WONINGS

1. INLEIDING

Die fisiese kenmerke van die ekonomiese wonings is reeds in die voorgaande hoofstuk bespreek. So ook die fasiliteite wat in dié wonings aan die bewoners voorsien word. Vervolgens word die wyse waarop die ekonomiese wonings bewoon word, aangetoon en bespreek.

Daar word eerstens gelet op die bewoners van die ekonomiese wonings. Die betrokke Kleurlinge se geslag en ouderdom, asook hul huwelikstaat word aangetoon. Verder word daar gelet op die getal woon- en slaapvertreke waaroor hierdie Kleurlinge in hul wonings beskik. Die gemiddelde getal persone per woon- en slaapvertrek in die wonings word aangetoon, asook die getal slaapvertreke wat die bewoners van die ekonomiese wonings in hul wonings benodig.

In 'n volgende afdeling word die wyse waarop die onderskeie slaapvertreke in die ekonomiese wonings bewoon word, in die besonder bespreek. Daar word in dié afdeling veral gelet op die voorkoms van sekere toestande in die slaapvertreke wat as „slumtoestande” beskou kan word. Dié toestande is 'n onwenslike vermenging tussen die twee geslagte in die slaapvertrek, 'n oorbewoning van die slaapvertrek en 'n gebrek in die slaapvertrek aan die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat ingevolge Slumswetvoorskrifte in 'n slaapvertrek beskikbaar moet wees.

Die onderskeie slaapvertreke in die wonings word afsonderlik bespreek. In die geval van elkeen word aangetoon in hoe 'n mate die hierbogenoemde „slumtoestande” voorkom, en hoeveel slaapvertreke die bewoners van die enkele slaapvertrek benodig om in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria gehuisves te wees.¹⁾ Die gegewens met betrekking tot die onderskeie slaapvertreke word hierna saamgevat en bespreek sodat 'n oorsigtelike beeld verkry kan word van hoedanig die toestande in die slaapvertreke van die betrokke ekonomiese wonings is.

1) Die kriteria ingevolge waarvan die slaapvertreke beoordeel is, is reeds in die eerste hoofstuk, afdeling 7, bespreek.

2. DIE BEWONERS

Tabel 3 toon 'n ontleding van die Kleurlinge woonagtig in die betrokke ekonomiese wonings. Die gegewens word volgens die Kleurlinge se huwelikstaat, geslag en ouderdom ingedeel.

TABEL 3

DIE KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE EKONOMIESE WONINGS VOLGENS HUL HUWELIKSTAAT, GESLAG EN OUDEERDOM INGEDEEL

Huwelikstaat en ouderdom	Geslag					
	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Getroud	82	27.7	82	24.8	164	26.1
Ander, 12 jaar en ouer	84	28.4	116	35.0	200	31.9
Ander, 10 tot 11 jaar	23	7.8	23	6.9	46	7.3
Ander, 2 tot 9 jaar	84	28.4	88	26.6	172	27.4
Ander, jonger as 2 jaar	23	7.8	22	6.6	45	7.2
TOTAAL	296	100.0	331	100.0	627	100.0

'n Totaal van 627 Kleurlinge waarvan onderskeidelik 296 (47.2%) en 331 (52.8%) manlike en vroulike persone is, bewoon die 85 ekonomiese wonings wat in Eersterust in die ondersoek betrek is.

Volgens die tabel is 26.1 persent van die betrokke Kleurlinge getroud. Een-en-dertig punt nege persent is nie getroud nie en is ten minste twaalf jaar oud, 7.3 persent is seuns en dogters tien tot elf jaar oud, 27.4 persent kinders twee tot nege jaar oud, en 7.2 persent kinders jonger as twee jaar.

Relatief gesproke, oorweeg die manlike persone onder die getroudes, die groepe tien tot elf jaar en twee tot nege jaar, en die groep jonger as twee jaar. Vroulike persone kom persentasiegewys meer voor onder die groep twaalf jaar en ouer.

Vervolgens word aangetoon hoeveel persone, afgesien van hul huwelikstaat, geslag en ouderdom, die onderskeie ekonomiese wonings bewoon.

TABEL 4

 DIE GETAL KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE
 EKONOMIESE WONINGS

Getal persone	G	%
Minder as 5	11	12.9
5	8	9.4
6	16	18.8
7	17	20.0
8	11	12.9
9	7	8.2
10	5	5.9
11	3	3.5
12	4	4.7
13 en meer	3	3.5
TOTAAL	85	100.0

Tabel 4 toon dat die grootste enkele persentasie van die betrokke ekonomiese wonings deur sewe Kleurlinge bewoon word (20.0%). In nagenoeg een uit elke agt van die wonings woon minder as vyf persone, in 9.4 persent vyf, en in 18.8 persent ses. Een-en-twintig punt een persent van die ekonomiese wonings huisves agt of nege Kleurlinge; 14.1 persent tien, elf of twaalf persone.

Die drie ekonomiese wonings wat elk ten minste dertien persone huisves (3.5%), word onderskeidelik bewoon deur vyftien, agtien en drie-en-twintig persone.

Die gegewens in die bostaande tabel toon duidelik dat 'n aansienlike persentasie van die ekonomiese wonings in Eersterust oorvol is. Die betrokke wonings huisves gemiddeld 7.4 persone elk. Benewens die feit dat die drie wonings waarin onderskeidelik vyftien, agtien en drie-en-twintig Kleurlinge aangetref is, baie oorvol is, word daar in dié wonings nie voldoen aan 'n vereiste wat in die Tweede Bylae tot die Slumswet vervat is nie, naamlik dat daar in 'n woning waarin mense woon, 'n afsonderlike latrine sal wees vir elke twaalf persone wat in die woning woon (22, bl. 593).

3. WOONVERTREKKE

In 'n voorgaande afdeling is aangetoon dat alle slaapvertrekke, behalwe dié waarin voedsel voorberei word, sit- en eetkamers vir die doeleindes van hierdie ondersoek as „woonvertrekke" beskou word. Kombuise, gange en badkamers word nie as woonvertrekke beskou nie.

Hierdie indeling en omskrywing van die woonvertrekke bring mee dat 'n vertrek in die ekonomiese wonings wat met die beplanning en oprigting van dié wonings as 'n woonvertrek bedoel is, en ook op die bouplanne van hierdie wonings as sodanig aangetoon word, nie as 'n woonvertrek ingedeel kan word nie. Dié vertrek is die woonkamer waarin voorsiening gemaak is vir die voorbereiding van voedsel en waarin die stoof geïnstalleer en die opwasbak aangebring is. Gevolglik is daar in elk van die ekonomiese wonings 'n maksimum van slegs drie woonvertrekke moontlik, naamlik die drie vertrekke wat in die beplanning van dié wonings as slaapvertrekke bedoel is en as sodanig op die bouplanne aangedui word. Aangesien dit in geeneen van die 85 ekonomiese wonings wat in die ondersoek betrek is, voorkom dat in een of meer van hierdie drie vertrekke voedsel voorberei word nie, is in die geval van al die betrokke ekonomiese wonings op die vraclyste aangetoon dat die Kleurlinge wat die woning bewoon, oor drie woonvertrekke beskik.

Tabel 5 toon die gemiddelde getal persone per woonvertrek in die ekonomiese wonings.

TABEL 5

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOON-
VERTREK IN DIE EKONOMIESE WONINGS

Gemiddelde getal persone per woonvertrek	G	%
Minder as 1	5	5.9
1.0 - 1.4	6	7.0
1.5 - 1.9	8	9.4
2.0 - 2.4	33	38.8
2.5 - 2.9	11	12.9
3.0 - 3.4	12	14.1
3.5 - 3.9	3	3.5
4.0 - 4.9	4	4.7
5 en meer	3	3.5
TOTAAL	85	100.0

Volgens die tabel huisves die grootste enkele persentasie van die betrokke ekonomiese wonings gemiddeld 2.0 tot 2.4 persone per woonvertrek (38.8%). In 5.9 persent van die wonings is daar gemiddeld minder as een persoon per woonvertrek; in onderskeidelik 7.0 en 9.4 persent 'n gemiddelde van 1.0 tot 1.4 en 1.5 tot 1.9 persone in elke woonvertrek.

Daar is reeds verwys na die minimum standaard van Calderwood en Connell waarvolgens 2.5 persone die maksimum toelaatbare getal persone in elke woonvertrek in die geval van Kleurlinge is. Anna F. Steyn wys daarop dat ook S.P. Cilliers die mening toegedaan is dat daar in elke woonvertrek van 'n woning wat deur Kleurlinge bewoon word, nie meer as 2.5 persone moct wees nie (8, bls. 149-153).

Geoordeel aan hierdie minimum standaard, is die woonvertreкке van soveel as 38.7 persent van die betrokke ekonomiese wonings in Eersterust oorvol.

Hierdie opvallend hoë persentasie ekonomiese wonings met oorvol woonvertreкке sou vanselfsprekend veel laer gewees het indien ook die vertrek wat in dié wonings as 'n woonkamer bedoel is, naamlik die woonkamer-kombuis, as 'n woonvertrek ingedeel is. Dit is egter nie gedoen nie omdat geglo word dat die voorsiening van voedsel-voorbereidingsfasiliteite in 'n woning op so 'n wyse moet geskied dat voedsel nie net soos vereis word, weg van die slaapvertreкке voorberei moet word nie (22, bl. 593), maar ook weg van die woonvertreкке. Die lede van die 1937-Kommissie van Onderzoek waarna reeds verwys is, is blykbaar dieselfde mening toegedaan, want hulle noem in hul verslag die kombuis en die woonkamer as afsonderlike eenhede (21, bl. 115). Soos later uit hierdie ontleding sal blyk, verkies ook die Kleurlinge wat die ekonomiese wonings bewoon, en ook dié woonagtig in die sub-ekonomiese wonings, hoewel die laasgenoemde van 'n sodanige vertrek in hul wonings voorsien is, 'n woonvertrek apart van die vertrek waarin hulle hul voedsel voorberei.

4. SLAAPVERTREKKE

Alle vertreкке in die wonings waarin iemand slaap, word as „slaapvertreкке" beskou, dus ook die woonkamer-kombuise in die ekonomiese wonings waarin dié vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word.

In tabel 6 word aangetoon hoeveel vertreкке die bewoners van die ekonomiese wonings in hul wonings as slaapvertreкке gebruik.

TABEL 6

 DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE
 EKONOMIESE WONINGS

Getal slaap- vertrekke	G	%
1	6	7.1
2	43	50.6
3	32	37.6
4	4	4.7
TOTAAL	85	100.0

Drie van die vyf vertrekke waaruit die ekonomiese wonings bestaan, is bedoel om as slaapvertrekke gebruik te word. Tabel 6 toon hierteenoor dat in 7.1 persent van die betrokke ekonomiese wonings slegs een vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, in 50.6 persent twee vertrekke, en in onderskeidelik 37.6 en 4.7 persent drie of vier vertrekke.

Die feit dat in so 'n groot persentasie van die betrokke ekonomiese wonings die bewoners minder as die beskikbare getal slaapvertrekke in die woning as slaapvertrekke gebruik (57.7%), is nie daaraan toe te skryf dat die betrokke wonings onderbewoon is nie. So ook nie die betreklik geringe persentasie wonings waarin ook die woonkamer-kombuis as 'n slaapvertrek gebruik word nie (4.7%). Hierdie bevindings hou verband daarmee dat die Kleurlinge baie graag 'n aparte vertrek in hul wonings wil hê waarin hulle hul gaste kan ontvang.

In verskeie van die betrokke wonings is gevind dat die Kleurlinge die muur tussen die woonkamer-kombuis en die kleinste van die drie slaapvertrekke wat in die wonings voorsien word, òf heeltemal verwyder het òf 'n deur daarin ingebou het en die laasgenoemde vertrek as 'n sitkamer gebruik. Gevalle kom ook voor waar hierdie vertrek as 'n sitkamer gebruik word sonder dat dit direk met die woonkamer-kombuis, en dus ook met die toegang tot die woning, verbind is. In dié gevalle moet die gaste, ten einde die sitkamer te kan bereik, deur die gang stap.

Die oorvolheid van 'n groot persentasie van die betrokke ekonomiese wonings blyk onder andere daaruit dat nieteenstaande dié algemene voorkoms van die begeerte om 'n aparte sitkamer te hê, die bewoners van onderskeidelik 37.6 en 4.7 persent van die betrokke ekonomiese wonings al drie

die beskikbare slaapvertrekke, of selfs ook die woonkamer-kombuis, as 'n slaapvertrek gebruik. Verskeie van die Kleurlinge wat in hierdie wonings woon, kan waarskynlik nie anders as om ook hierdie vertrekke as slaapvertrekke te gebruik nie.

Wanneer die getal slaapvertrekke in die woning later ontleed word volgens die getal slaapvertrekke wat die bewoners van die woning benodig, sal dit duidelik blyk of die afleiding hierbo geregverdig is.

Vervolgens toon tabel 7 'n ontleding van die gemiddelde getal persone per slaapvertrek in die ekonomiese wonings volgens die gemiddelde getal persone per woonvertrek in dié wonings.

In 5.9 persent van die betrokke ekonomiese wonings is daar gemiddeld minder as twee persone per slaapvertrek; in 23.3 persent 'n gemiddelde van 2.0 tot 2.4 persone in elke slaapvertrek. Geoordeel aan dieselfde maatstaf van 'n maksimum toelaatbare getal van 2.5 persone, is die slaapvertrekke in 70.5 persent van die wonings oorvol.

Die feit dat daar gemiddeld veel meer mense per slaapvertrek as per woonvertrek in die wonings is, volg daarop dat hoewel al die vertrekke wat as woonvertrekke ingedeel is, in die geval van die ekonomiese wonings bedoel is om as slaapvertrekke gebruik te word, dié vertrekke in meer as die helfte van die betrokke wonings nie almal as slaapvertrekke benut word nie.

Namate die gemiddelde getal persone per woonvertrek toeneem, is daar oor die algemeen in 'n groter persentasie wonings gemiddeld ten minste net soveel persone per slaapvertrek as die gemiddelde getal persone per woonvertrek. Ook hierdie bevinding dui daarop dat die wonings waarin die bewoners ten minste al drie die beskikbare slaapvertrekke as slaapvertrekke gebruik, oor die algemeen deur so 'n groot aantal persone bewoon word dat die Kleurlinge wat in dié wonings woon, net nie anders kan as om in al die beskikbare vertrekke te slaap nie.

Verdere gegewens met betrekking tot die mate waarin die Kleurlinge woonagtig in die ekonomiese wonings die slaapvertrekke tot hul beskikking as slaapvertrekke gebruik, verskyn in tabel 8.

Die drie vertrekke in die ekonomiese woning wat as slaapvertrekke bedoel is, is die drie vertrekke wat vir

TABEL 7.

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK IN DIE EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK IN DIE WONINGS INGEDEEL.

GEMIDDELDE GETAL PER- SONE PER SLAAPVER- TREK.	GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK.																		TOTAAL.		
	MINDER AS 1.		1.0 1.4		1.5 1.9		2.0 2.4		2.5 2.9		3.0 3.4		3.5 3.9		4.0 4.9		5 en meer		G	%	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%			
1.0 1.4	2	40.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	2.4
1.5 1.9	-	-	-	-	2	25.0	1	3.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3	3.5
2.0 2.4	3	60.0	4	66.7	-	-	12	36.4	-	-	1	8.3	-	-	-	-	-	-	-	20	23.3
2.5 2.9	-	-	-	-	5	62.5	-	-	6	54.5	2	16.7	-	-	-	-	-	-	-	13	15.3
3.0 3.4	-	-	1	16.7	-	-	10	30.3	-	-	4	33.3	-	-	-	-	-	-	-	15	17.6
3.5 3.9	-	-	-	-	-	-	10	30.3	-	-	-	-	2	66.7	-	-	-	-	-	12	14.1
4.0 4.9	-	-	1	16.7	-	-	-	-	5	45.5	3	25.0	-	-	3	75.0	-	-	-	12	14.1
5 en meer.	-	-	-	-	1	12.5	-	-	-	-	2	16.7	1	33.3	1	25.0	3	100.0	-	8	9.4
TOTAAL.	5	100.0	6	100.0	8	100.0	33	100.0	11	100.0	12	100.0	3	100.0	4	100.0	3	100.0	-	85	100.0

50

TABEL 8.

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK IN DIE EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER BESKIKBARE SLAAPVERTREK IN DIE WONINGS INGEDEEL.

GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER BESKIKBARE SLAAPVERTREK.	GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK.																TOTAAL.															
	1.0		1.4		1.5		1.9		2.0		2.4		2.5		2.9		3.0		3.4		3.5		3.9		4.0		4.9		5 en meer.			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
MINDER AS 1	2	100.0	-	-	3	15.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	5	5.9		
1.0	1.4	-	-	-	-	4	20.0	-	-	1	6.7	-	-	1	8.3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	6	7.1			
1.5	1.9	-	-	<u>2</u>	<u>66.7</u>	-	-	5	38.5	-	-	-	-	-	-	1	12.5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	8	9.4			
2.0	2.4	-	-	1	33.3	<u>12</u>	<u>60.0</u>	-	-	10	66.7	10	83.3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	33	38.8				
2.5	2.9	-	-	-	-	-	-	<u>6</u>	<u>46.1</u>	-	-	-	-	5	41.7	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	11	12.9				
3.0	3.4	-	-	-	-	1	5.0	2	15.4	<u>4</u>	<u>26.7</u>	-	-	-	-	3	25.0	2	25.0	-	-	-	-	-	-	12	14.1					
3.5	3.9	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	<u>2</u>	<u>16.7</u>	-	-	-	-	1	12.5	-	-	-	-	-	-	3	3.5					
4.0	4.9	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	<u>3</u>	<u>25.0</u>	-	-	<u>1</u>	<u>12.5</u>	-	-	-	-	-	-	4	4.7					
5 en meer.		-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	<u>3</u>	<u>37.5</u>	-	-	-	-	-	-	3	3.5					
TOTAAL.		2	100.0	3	100.0	20	100.0	13	100.0	15	100.0	12	100.0	12	100.0	8	100.0	85	100.0													

die doeleindes van hierdie ondersoek as woonvertrekke ingedeel is. Hierdie drie vertrekke is ook juis die vertrekke wat as slaapvertrekke gebruik kan word. Vandaar dat die persentasies in tabel 8 wat betrekking het op die gemiddelde getal persone per beskikbare slaapvertrek in die totale getal wonings, presies ooreenstem met dié in tabel 5.

Die getalle en persentasies tussen die dwarsstreepe in die tabel dui die ekonomiese wonings aan waarin die Kleurlinge al drie die vertrekke wat as slaapvertrekke bedoel is, as slaapvertrekke gebruik. Hierteenoor toon die getalle en persentasies bo en onder dié tussen die dwarsstreepe onderskeidelik die wonings aan waarin in minder as die beskikbare getal slaapvertrekke iemand slaap, of dié waarin ook die woonkamer-kombuis as 'n slaapvertrek gebruik word.

In die oorgrote meerderheid van die ekonomiese wonings met ten minste drie persone per slaapvertrek, is daar, relatief gesproke, gemiddeld veel minder persone per beskikbare slaapvertrek as per vertrek waarin iemand slaap. Hierdie patroon van bewoning dui weer eens op die behoefte aan 'n aparte sitkamer en toon dat by verskeie van die Kleurlinge wat in Eersterust in ekonomiese wonings woon, dié behoefte so sterk is dat hulle, ten einde 'n vertrek vir dié doel beskikbaar te kan stel, bereid is om die ongerief van oorbewoonde slaapvertrekke te verduur.

5. DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE EKONOMIESE WONINGS BENODIG

Aan die hand van die gegewens wat met betrekking tot hul geslag- en ouderdomsamestelling en ook hul huwelikstaatsaamstelling versamel is, is dit moontlik om te bereken hoeveel slaapvertrekke die bewoners van elk van die onderskeie ekonomiese wonings in hul wonings benodig om hulle bevredigend te huisves in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria vervat.

Waar byvoorbeeld 'n egpaar, 'n volwasse ongetroude man, 'n sestienjarige seun, 'n elfjarige dogter en vier kinders onder die ouderdom van twee jaar in 'n woning woon, benodig hierdie persone, volgens die vereistes in die kriteria, ten minste drie slaapvertrekke in hul woning, naamlik:

- Slaapvertrek nr. 1 : Die egpaar en drie kinders
jonger as twee jaar;
- Slaapvertrek nr. 2 : Die volwasse man, die seun en
een kind jonger as twee jaar;
- Slaapvertrek nr. 3 : Die dogter,

of byvoorbeeld

- Slaapvertrek nr. 1 : Die egpaar;
- Slaapvertrek nr. 2 : Die volwasse man en die seun;
- Slaapvertrek nr. 3 : Die dogter en die vier kinders
jonger as twee jaar.

Daar bestaan ook nog ander maniere waarop die betrokke persone „ingepas" kan word. Nietemin is dit duidelik dat hierdie persone nie op so 'n wyse ingedeel kan word dat hulle in slegs twee slaapvertrekke kan slaap en daar nog aan die vereistes in die kriteria voldoen sal word nie.

Tabel 9 toon die getal slaapvertrekke wat in die ekonomiese wonings benodig word. Die gegewens word ingedeel volgens die getal vertrekke wat in dié wonings as slaapvertrekke gebruik word.

TABEL 9

DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE EKONOMIESE WONINGS BENODIG,
INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS

Getal slaap- vertrekke benodig	Getal slaapvertrekke in die woning									
	1		2		3		4		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	3	50.0	2	4.7	-	-	-	-	5	5.9
2	2	33.3	15	34.9	2	6.3	-	-	19	22.4
3	1	16.7	19	44.2	18	56.3	2	50.0	40	47.1
4	-	-	7	16.3	8	25.0	1	25.0	16	18.8
5	-	-	-	-	3	9.4	-	-	3	3.5
6	-	-	-	-	1	3.1	-	-	1	1.2
7	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
8	-	-	-	-	-	-	1	25.0	1	1.2
TOTAAL	6	100.0	43	100.0	32	100.0	4	100.0	85	100.0

In die geval van nagenoeg driekwart van die betrokke ekonomiese wonings is die drie slaapvertrekke wat in dié wonings voorsien is, voldoende om, indien al drie dié vertrekke as slaapvertrekke gebruik sou word, die bewoners van die wonings in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria te huisves. Dit het egter reeds geblyk dat in minder as twee uit elke vyf van die betrokke wonings al drie dié vertrekke as slaapvertrekke gebruik word (tabel 6).

Die tabel toon dat in onderskeidelik 28.3, 47.1 en 24.7 persent van die wonings wat in die ondersoek betrek is, die Kleurlinge, volgens die kriteria, oor te veel, net genoeg, of te min slaapvertrekke in hul wonings beskik. Agt-en-twintig punt drie persent van die betrokke ekonomiese wonings is dus, wat die beskikbaarheid van die benodigde getal slaapvertrekke in die woning betref, onderbewoon en 24.7 persent is in dié opsig oorbewoon.

Die getalle en persentasies tussen die dwarsstrepo in die tabel dui op die wonings waarvan die bewoners net soveel slaapvertrekke in hul wonings benodig as wat hulle tans gebruik. Dié bokant die dwarsstrepo toon die wonings aan waarin die beskikbare getal slaapvertrekke nie ten volle benut word nie en waarvan die slaapvertrekke dus, ingevolge die kriteria, onderbewoon is.

Volgens die tabel is dit veral in die wonings waarin slegs een of twee vertrekke as slaapvertrekke gebruik word, waar meer slaapvertrekke benodig word as wat tans gebruik word. Dié verskynsel hou daarmee verband dat, soos uit tabel 5 blyk, in 57.7 persent van die betrokke ekonomiese wonings nie al die beskikbare slaapvertrekke as slaapvertrekke gebruik word nie. Voorts blyk dit dat in die geval van onderskeidelik 37.5 en 25.0 persent van die wonings waarin drie of vier vertrekke as slaapvertrekke gebruik word, die wonings op so 'n wyse en deur soveel mense bewoon word dat selfs dié getal slaapvertrekke nie voldoende is nie. Hierdie bevinding bevestig die afleiding hierbo dat verskeie van die Kleurlinge in wie se wonings een van die beskikbare slaapvertrekke nie as uitsluitlik 'n sitkamer gebruik word nie, nie 'n aparte vertrek vir dié doel ingerig het nie omdat hulle dit net nie kon doen nie.

6. DIE WYSE WAAROP DIE SLAAPVERTREKKE BEWOON WORD

In die voorgaande afdelings is aangetoon hoeveel Kleurlinge die ekonomiese wonings in Eersterust bewoon en wat hierdie Kleurlinge se kenmerke is, oor hoeveel woon- en slaapvertrekke hulle in hul wonings beskik, wat die gemiddelde getal persone per woon- en per slaapvertrek in die wonings is en hoeveel slaapvertrekke die betrokke Kleurlinge in hul wonings benodig.

Vervolgens word elkeen van die vertrekke wat in die ekonomiese wonings as slaapvertrekke gebruik word, in die besonder bespreek. Die betrokke slaapvertrekke word eensdens aangetoon, en tweedens word gelet op die voorkoms van 'n onwenslike geslagsvermenging in en/of 'n oorbewoning van die slaapvertrekke. In aansluiting hierby word dordens aangetoon hoeveel slaapvertrekke deur die bewoners van die enkele slaapvertrek benodig word. Vierdens word daar in die geval van elk van die betrokke vertrekke aangetoon oor hoeveel vloeroppervlakte en lugvolume die bewoners van die slaapvertrek beskik en hoeveel vloeroppervlakte en lugvolume deur die bewoners van die slaapvertrek benodig word.

Ten einde 'n oorsigtelike beeld met betrekking tot die bewoning van die slaapvertrekke te verkry, word die gegewens met betrekking tot elk van die onderskeie slaapvertrekke in 'n laaste afdeling saamgevat.

(a) Slaapvertrek nr. 1:

Die kleinste van die drie slaapvertrekke wat in die ekonomiese wonings voorsien word, is in die geval van al die betrokke wonings as slaapvertrek nr. 1 ingedeel. Hierdie vertrek is aan die voorkant van die woning geleë en grens aan die woonkamer-kombuis.¹⁾

Soos later sal blyk, word hierdie vertrek in 35 van die betrokke 85 ekonomiese wonings (41.2%) nie as 'n slaapvertrek nie, maar as 'n sitkamer gebruik. In die geval van 'n hele aantal van die wonings wat besoek is, is gevind dat die betrokke vertrek direk met die woonkamer-kombuis verbind is deurdat òf die muur wat die twee vertrekke van mekaar skei, geheel en al verwyder is, òf 'n deur in dié muur ingebou is.

Tabel 10 toon die voorkoms van 'n onwenslike geslagsvermenging in en/of 'n oorbewoning van die betrokke slaapvertrek, asook die getal slaapvertrekke wat benodig word om die bewoners van hierdie slaapvertrek in die ekonomiese wonings in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria te huisves.

1) Vergelyk die skets van die grondplan van die ekonomiese wonings op bladsy 38 van hierdie verhandeling.

TABEL 10

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG

Getal Slaapver- trekke benodig	Onwenslike geslagsvermenging en/of oorbewoning									
	Gunstig		Onwens- like ge- slags- vermeng- ing		Oorbewo- ning		Onwens- like ge- slags- vermeng- ing en oorbewo- ning		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	37	100.0	-	-	-	-	-	-	37	74.0
2	-	-	3	100.0	5	100.0	3	60.0	11	22.0
3	-	-	-	-	-	-	2	40.0	2	4.0
TOTAAL	37	100.0	3	100.0	5	100.0	5	100.0	50	100.0

Die tabel toon eerstens dat in 37 (74.0%) van die woning waarin die betrokke vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, dié vertrek op so 'n wyse bewoon word dat aan die vereistes in die kriteria voldoen word. In dié gevalle is die betrokke slaapvertrek as gunstig ingedeel. In die geval van onderskeidelik 3 (6.0%), vyf (10.0%) en weer eens vyf (10.0%) van die betrokke wonings kom daar in slaapvertrek nr. 1 'n onwenslike geslagsvermenging, 'n oorbewoning, of sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning voor.

In die 37 (74.0%) ekonomiese wonings waarin slaapvertrek nr. 1 as 'n slaapvertrek gebruik word en waarin dié slaapvertrek as gunstig ingedeel is, benodig die Kleurlinge wat in die betrokke vertrek slaap vanselfsprekend net een slaapvertrek. Hierteenoor word in die geval van onderskeidelik 22.0 en 4.0 persent van die betrokke wonings twee, of ten minste drie slaapvertrekke deur die bewoners van die enkele slaapvertrek benodig.

In al die wonings waarin daar in die betrokke slaapvertrek slegs 'n onwenslike geslagsvermenging of slegs 'n oorbewoning voorkom, benodig diegene wat in die betrokke vertrek slaap, twee slaapvertrekke. Hierteenoor word daar in 40.0 persent van die wonings waarin beide dié toestande in slaapvertrek nr. 1 voorkom, ten minste drie slaapvertrekke deur die Kleurlinge wat hierdie slaapvertrek gebruik, benodig.

Die betrokke slaapvertrek het 'n vloeroppervlakte van 100 vierkante voet en bevat 900 kubieke voet lugvolume. Tabel 11 toon vervolgens die vloeroppervlakte en lugvolume wat ingevolge Slumswetvoorskrifte benodig word deur die Kleurlinge wat slaapvertrek nr. 1 as slaapplek gebruik.

TABEL 11

DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE EKONOMIESE WONINGS

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	G	%
20 vk.vt./ 200 kub.vt.	3	6.0
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	10	20.0
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	4	8.0
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	12	24.0
100 vk.vt./1000 kub.vt.	5	10.0
120 vk.vt./1200 kub.vt.	11	22.0
160 vk.vt./1600 kub.vt.	2	4.0
200 vk.vt./2000 kub.vt.	1	2.0
240 vk.vt./2400 kub.vt. en meer	2	4.0
TOTAAL	50	100.0

Volgens die bestaande tabel voldoen slaapvertrek nr. 1 in die geval van onderskeidelik 32.0 en 42.0 persent van die ekonomiese wonings waarin dié vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, nie aan die minimum vereistes met betrekking tot die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume vir die bewoners daarvan nie. Die bewoners van hierdie slaapvertreke benodig ten minste 120 vierkante voet vloeroppervlakte en 1,000 kubieke voet lugvolume.

Die gegewens in tabel 11, en ook dié in die ander tabelle wat hierop volg en die benodigde vloeroppervlakte en lugvolume in die slaapvertreke aandui, maak interessante afleidings noontlik met betrekking tot die ouderdomsamenstelling van die Kleurlinge wat die slaapvertrek bewoon. Aan die hand van die wetlike voorskrifte met betrekking tot die vloeroppervlakte en lugvolume wat in 'n slaapvertrek vir persone in die onderskeie ouderdomsgroepe beskikbaar moet wees, is dit byvoorbeeld duidelik dat in die 6.0 persent van die betrokke wonings waarin die bewoners van die betrokke vertrek 20 vierkante voet vloeroppervlakte en 200 kubieke voet lugvolume benodig, dié vertrek in elkeen van hierdie wonings deur slegs 'n enkele persoon jonger as tien jaar as 'n slaapvertrek gebruik word. In die 24.0 persent van die betrokke wonings waarin die bewoners van slaapvertrek

nr. 1, 80 vierkante voet vloeroppervlakte en 800 kubieke voet lugvolume benodig, word die betrokke vertrek as 'n slaapvertrek gebruik deur òf vier persone jonger as tien jaar, òf twee persone jonger as tien jaar, en een persoon ten minste tien jaar oud, òf twee persone wat ten minste tien jaar oud is.

(b) Slaapvertrek nr. 2 :

Slaapvertrek nr. 2 grens aan slaapvertrek nr. 1 en is ook aan die voorkant van die woning geleë.

Die betrokke vertrek word in 70 (82.4%) van die betrokke ekonomiese wonings as 'n slaapvertrek gebruik.

TABEL 12

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG

Onwenslike geslagsvermenging en/of oorbewoning										
Getal slaapvertreкке benodig	Gunstig		Onwenslike geslagsvermenging		Oorbewoning		Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	43	100.0	-	-	-	-	-	-	43	61.4
2	-	-	5	100.0	16	94.1	3	60.0	24	34.3
3	-	-	-	-	1	5.9	2	40.0	3	4.3
TOTAAL	43	100.0	5	100.0	17	100.0	5	100.0	70	100.0

In 43 van die ekonomiese wonings waarin slaapvertrek nr. 2 as 'n slaapvertrek gebruik word (61.4%) is toestande in dié vertrek in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria. Hierteenoor kom in onderskeidelik 5 (7.1%), 17 (24.3%) en 5 (7.1%) van die betrokke wonings in slaapvertrek nr. 2 'n onwenslike vermenging tussen die twee geslagte, 'n oorbewoning, of sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning voor.

Tweedens toon die tabel dat in onderskeidelik 34.3 en 4.3 persent van die wonings waarin die betrokke vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, dié vertrek op so 'n wyse en deur soveel mense bewoon word dat die bewoners daarvan twee, of ten minste drie slaapvertreкке benodig.

Tabel 13 toon vervolgens die vloeroppervlakte en lugvolume wat die bewoners van slaapvertrek nr. 2 in hul slaapvertrek benodig. Die betrokke vertrek beslaan 100.5 vierkante voet vloeroppervlakte en bevat 905.7 kubieke voet lugvolume.

TABEL 13

DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE EKONOMIESE WONINGS

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	G	%
20 vk.vt./ 200 kub.vt.	2	2.9
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	10	14.3
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	10	14.3
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	19	27.1
100 vk.vt./1000 kub.vt.	9	12.9
120 vk.vt./1200 kub.vt.	9	12.9
160 vk.vt./1600 kub.vt.	5	7.1
200 vk.vt./2000 kub.vt.	5	7.1
240 vk.vt./2400 kub.vt. en meer	1	1.4
TOTAAL	70	100.0

In die geval van onderskeidelik 28.5 en 41.4 persent van die betrokke slaapvertreke ontbrek dit die bewoners daarvan aan die minimum vloeroppervlakte en lugvolume wat hulle benodig.

(c) Slaapvertrek nr. 3 :

Hierdie vertrek is aan die agterkant van die ekonomiese wonings geleë. Dit grens aan die een kant aan slaapvertrek nr. 2 en aan die anderkant aan die badkamer. Die betrokke vertrek beslaan 'n vloeroppervlakte van 120.55 vierkante voet en bevat 1,022.6 kubieke voet lugvolume en word in 80 (94.1%) van die betrokke ekonomiese wonings as 'n slaapvertrek gebruik.

Tabel 14 toon die voorkoms van 'n onwenslike geslagsvermenging in, en 'n oorbewoning van slaapvertrek nr. 3. Die gegewens word ontleed volgens die getal slaapvertreke wat die bewoners van die betrokke slaapvertrek benodig om in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria gehuisves te wees.

TABEL 14

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE SLAAPVERTREK BENODIG

Getal slaapver- trekke benodig	Onwenslike geslagsvermenging en/of oorbewoning											
	Gunstig		Onwens- like ge- slags- vermeng- ing				Oorbewo- ning		Onwens- like ge- slags- vermeng- ing en oorbewo- ning		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
1	44	100.0	-	-	-	-	-	-	44	55.0		
2	-	-	10	100.0	13	92.9	9	75.0	32	40.0		
3	-	-	-	-	1	7.1	3	25.0	4	5.0		
TOTAAL	44	100.0	10	100.0	14	100.0	12	100.0	80	100.0		

Volgens tabel 14 is die betrokke vertrek in die geval van 44 (55.0%) van die ekonomiese wonings waarin dié vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, as gunstig ingedeel. In onderskeidelik 12.5, 17.5 en 15.0 persent van die betrokke wonings kon daar in hierdie vertrek 'n onwenslike geslagsvermenging, 'n oorbewoning, of sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning voor.

Die Kleurlinge wat in hierdie vertrek slaap, benodig in onderskeidelik 40.0 en 5.0 persent van die wonings waarin dié vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, ten minste twee, of ten minste drie slaapvertreкке.

Tabel 15 toon die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat die Kleurlinge wat slaapvertrek nr. 3 in die ekonomiese wonings as 'n slaapvertrek gebruik, in hul slaapvertrek benodig.

TABEL 15
 DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE EKONOMIESE WONINGS

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	G	%
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	4	5.0
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	-	-
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	24	30.0
100 vk.vt./1000 kub.vt.	20	25.0
120 vk.vt./1200 kub.vt.	15	18.8
160 vk.vt./1600 kub.vt.	10	12.5
200 vk.vt./2000 kub.vt.	5	6.3
240 vk.vt./2400 kub.vt. en meer	2	2.5
TOTAAL	80	100.0

Onderskeidelik 21.3 en 40.1 persent van die betrokke slaapvertreкке word op so 'n wysc en deur soveel mense bewoon dat die bewoners daarvan nie oor die vereiste vloeroppervlakte en lugvolume beskik nie.

(a) Slaapvertrek nr. 4 :

Dit het reeds uit tabel 6 geblyk dat die woonkamer-kombuis wat as slaapvertrek nr. 4 ingedeel is, in slegs vier van die betrokke ekonomiese wonings (4.7%) as 'n slaapvertrek gebruik word. Aangesien dié vier gevalle te min is vir 'n ontleding, word daar nie tabelle ten opsigte van die toestande wat in dié slaapvertreкке voorkom en die getal slaapvertreкке deur die bewoners van die woonkamer-kombuis benodig, aangebied nie.

In die geval van al vier die betrokke wonings is die toestande in slaapvertrek nr. 4 ingevolge die kriteria as gunstig ingedeel. Benewens die feit dat in dié vier slaapvertreкке voedsel voorberei word, 'n toestand wat ingevolge die Slumswetvoorskrifte ongewens is (22, bl. 593), voldoen dié vertreкке ook in al vier die gevalle aan die vereistes met betrekking tot die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat diegene wat in 'n vertrek slaap, in hul slaapvertrek benodig.

(c) Gesamentlike beoordeling van die slaapvertreкке:

In tabel 6 is aangetoon hoeveel vertreкке die Kleurlinge wat die betrokke 85 ekonomiese wonings bewoon, in hul wonings as slaapvertreкке gebruik. Wanneer al die slaapvertreкке bynekaar getel word, blyk dit dat die Kleurlinge woonagtig in die ekonomiese wonings wat ondersoek is, in 'n totaal van 204 vertreкке slaap.

Die gegewens wat in die voorgaande vier onderafdelings ten opsigte van die onderskeie slaapvertrekke vervat is, word, ten einde 'n beeld te verkry van die wyse waarop die slaapvertrekke in die ekonomiese wonings in die geheel bewoon word, vervolgens saamgevat.

Tabel 16 toon die voorkoms van 'n onwenslike geslagsvermenging in, en 'n oorbewoning van slaapvertrekke in die betrokke ekonomiese wonings. Dié gegewens word volgens die voorkoms van dié toestande in die onderskeie slaapvertrekke in die wonings ingedeel.

TABEL 16

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREKKE IN DIE BETROKKE EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE VOORKOMS VAN DIÉ TOESTANDE IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS

Onwenslike geslagsvermenging en/of oorbewoning	Slaapvertrek Nr.									
	1		2		3		4		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gunstig	37	74.0	43	61.4	44	55.0	4	100.0	128	62.7
Onwenslike geslagsvermenging	3	6.0	5	7.1	10	12.5	-	-	18	8.8
Oorbewoning	5	10.0	17	24.3	14	17.5	-	-	36	17.6
Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning	5	10.0	5	7.1	12	15.0	-	-	22	10.8
TOTAAL	50	100.0	70	100.0	80	100.0	4	100.0	204	100.0

Uit die tabel blyk dat 62.7 persent van die totale getal slaapvertrekke in die ekonomiese wonings as gunstig ingedeel is. In 8.8 persent kom 'n onwenslike geslagsvermenging voor en in 17.6 persent 'n oorbewoning van die slaapvertrek. In 10.8 persent van die totale getal slaapvertrekke in die ekonomiese wonings kom sowel 'n onwenslike vermenging tussen die geslagte voor as 'n oorbewoning van die slaapvertrek.

'n Groter persentasie van die Kleurlinge wat slaapvertrek nr. 1 bewoon as van dié wat in slaapvertrekke nrs. 2 en 3 slaap, slaap in gunstige slaapvertrekke. In slaapvertrek nr. 3 kom slegs 'n onwenslike geslagsvermenging relatief die meeste voor, en in slaapvertrek nr. 2 slegs 'n oorbewoning. „Slumtoestande" kom persentasiegewys die meeste in slaapvertrek nr. 3 voor, want in 15.0 persent van dié slaapvertrekke teenoor 10.0 en 7.1 persent van onderskeidelik slaapvertrek nr. 1 en slaapvertrek nr. 2, kom sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning voor.

TABEL 17

DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE EKONOMIESE WONINGS BENODIG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ONDERSKIE SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS BENODIG.

Getal slaapver- trekke benodig	Slaapvertrek Nr.									
	1		2		3		4			
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	37	74.0	43	61.4	44	55.0	4	100.0	128	62.7
2	11	22.0	24	34.3	32	40.0	-	-	67	32.8
3	2	4.0	3	4.3	4	5.0	-	-	9	4.4
TOTAAL	50	100.0	70	100.0	80	100.0	4	100.0	204	100.0

Tabel 17 toon dat in die geval van 62.7 persent van die totale getal slaapvertreke in die ekonomiese wonings die bewoners van die enkele slaapvertrek slegs die slaapvertrek benodig wat hulle tans gebruik. Die bewoners van onderskeidelik 32.8 en 4.4 persent van die totale getal slaapvertreke in die betrokke wonings benodig ten minste twee of ten minste drie slaapvertreke.

Die Kleurlinge wat in die betrokke 204 slaapvertreke slaap, benodig dus 'n minimum van 289 slaapvertreke - 'n gemiddelde van een ekstra slaapvertrek per woning.

Die feit dat 'n groter persentasie van die bewoners van slaapvertrek nr. 3 as van dié van slaapvertreke nrs. 1 en 2, ten minste twee slaapvertreke benodig, volg daarop dat, soos uit die voorgaande tabel geblyk het, „slumtoestande" die meeste in dié slaapvertrek voorkom.

TABEL 18

DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE INGEDEEL VOLGENS DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	Slaapvertrek Nr.									
	1		2		3		4		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
20 vk.vt./ 200 kub.vt.	3	6.0	2	2.9	-	-	-	-	5	2.5
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	10	20.0	10	14.3	4	5.0	2	50.0	26	12.7
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	4	8.0	10	14.3	-	-	-	-	14	6.9
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	12	24.0	19	27.1	24	30.0	2	50.0	57	27.9
100 vk.vt./1000 kub.vt.	5	10.0	9	12.9	20	25.0	-	-	34	16.7
120 vk.vt./1200 kub.vt.	11	22.0	9	12.9	15	18.8	-	-	35	17.2
160 vk.vt./1600 kub.vt.	2	4.0	5	7.1	10	12.5	-	-	17	8.3
200 vk.vt./2000 kub.vt.	1	2.0	5	7.1	5	6.3	-	-	11	5.4
240 vk.vt./2400 kub.vt. en meer	2	4.0	1	1.4	2	2.5	-	-	5	2.5
TOTAAL	50	100.0	70	100.0	80	100.0	4	100.0	204	100.0

Uit tabel 18 blyk dat in die grootste enkele persentasie van die slaapvertrekke in die ekonomiese wonings, ten minste 30 vierkante voet vloeroppervlakte en 800 kubieke voet lugvolume benodig word (27.9%). In onderskeidelik 22.1 en 50.1 persent van alle slaapvertrekke in die betrokke wonings word 'n kleiner of 'n groter vloeroppervlakte en lugvolume benodig.

Die gegewens in die tabel toon dat die grootste enkele groep van die totale getal slaapvertrekke in die ekonomiese wonings bewoon word deur òf vier persone jonger as tien jaar, òf twee persone jonger as tien jaar en een persoon ten minste tien jaar oud, òf twee persone tien jaar en ouer.

Ten slotte word in tabel 19 aangetoon watter slaapvertrekke in die onderskeie ekonomiese wonings gebruik word en wat die beskikbare vloeroppervlakte en lugvolume in al die slaapvertrekke in elke woning is. Die gegewens word ingedeel volgens die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat die Kleurlinge woonagtig in die onderskeie wonings, in al hul slaapvertrekke benodig.

TABEL 19.

DIE SLAAPVERTREKKE WAT IN DIE EKONOMIESE WONINGS GEBRUIK WORD EN DIE BESKIKBARE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAPVERTREKKE VOLGENS DIE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAPVERTREKKE BENODIG, INGEDEEL.

BENODIGDE VLOEROPPER- VLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAPVERTREKKE.	DIE SLAAPVERTREKKE EN DIE BESKIKBARE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME DAARIN.													
	:Nr. 3		:Nrs. 1,2		:Nrs. 1,3		:Nrs. 2,3		:Nrs. 1,2,3		:Nrs. 1,2,3,4		: TOTAAL.	
	:120 vk.vt.	:200 vk.vt.	:220.3 vk.vt.	:220.8 vk.vt.	:320 vk.vt.	:528 vk.vt.	:1022 kub.vt.	:1805 kub.vt.	:1922 kub.vt.	:1928 kub.vt.	:2827 kub.vt.	:4559 kub.vt.		
	: G	%	: G	%	: G	%	: G	%	: G	%	: G	%	: G	%
80 vk.vt./800 kub.vt.	3	50.0	-	-	-	-	2	6.9	-	-	-	-	5	5.9
100 vk.vt./1000 kub.vt.	1	16.3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1.2
120 vk.vt./1200 kub.vt.	1	16.3	-	-	1	11.1	1	3.4	-	-	-	-	3	3.5
140 vk.vt./1400 kub.vt.	-	-	1	20.0	-	-	4	13.8	-	-	-	-	5	5.9
160 vk.vt./1600 kub.vt.	-	-	1	20.0	1	11.1	3	10.3	-	-	-	-	5	5.9
180 vk.vt./1800 kub.vt.	-	-	-	-	1	11.1	2	6.9	3	9.4	-	-	6	7.1
200 vk.vt./2000 kub.vt.	1	16.3	1	20.0	2	22.2	4	13.8	3	9.4	-	-	11	12.9
220 vk.vt./2200 kub.vt.	-	-	-	-	1	11.1	6	20.7	3	9.4	-	-	10	11.8
240 vk.vt./2400 kub.vt.	-	-	-	-	1	11.1	3	10.3	3	9.4	-	-	7	8.2
260 vk.vt./2600 kub.vt.	-	-	1	20.0	-	-	-	-	1	3.1	-	-	2	2.4
280 vk.vt./2800 kub.vt.	-	-	-	-	-	-	-	-	5	15.6	-	-	5	5.9
300 vk.vt./3000 kub.vt.	-	-	-	-	1	11.1	2	6.9	2	6.3	-	-	5	5.9
320 vk.vt./3200 kub.vt.	-	-	1	20.0	-	-	-	-	2	6.3	1	25.0	4	4.7
340 vk.vt./3400 kub.vt.	-	-	-	-	-	-	2	6.9	3	9.4	1	25.0	6	7.1
360 vk.vt./3600 kub.vt.	-	-	-	-	-	-	-	-	2	6.3	1	25.0	3	3.5
380 vk.vt./3800 kub.vt.	-	-	-	-	1	11.1	-	-	1	3.1	-	-	2	2.4
400 vk.vt./4000 kub.vt.	-	-	-	-	-	-	-	-	4	12.5	1	25.0	5	5.9
en meer./ en meer.														
TOTAAL.	6	100.0	5	100.0	9	100.0	29	100.0	32	100.0	4	100.0	85	100.0

65

Die tabel toon eerstens dat in 6 (7.1%) van die betrokke ekonomiese wonings slegs slaapvertrek nr. 3 as 'n slaapvertrek gebruik word. In onderskeidelik 5 (5.9%) en 9 (10.6%) word slaapvertrekke nrs. 1 en 2 of slaapvertrekke nrs. 1 en 3 as slaapvertrekke gebruik, terwyl in 29 (34.1%) in slaapvertrekke nrs. 2 en 3 geslaap word. Die bewoners van 32 (37.6%) van die wonings gebruik al drie die beskikbare slaapvertrekke as slaapvertrekke (slaapvertrekke nrs. 1, 2 en 3); dié van 4 (4.7%) wonings al drie hierdie vertrekke en ook die woonkamer-kombuis (slaapvertrekke nrs. 1, 2, 3 en 4).

Verder toon die tabel dat die bewoners van 5.9 persent van die betrokke wonings in al hul slaapvertrekke minder as 100 vierkante voet vloeroppervlakte en 1,000 kubieke voet lugvolume benodig. In 23.6 persent word 100 vierkante voet vloeroppervlakte en van 1,000 kubieke voet lugvolume in die slaapvertrekke benodig en in 41.2 persent ten minste 200 vierkante voet vloeroppervlakte en 2,000 kubieke voet lugvolume. Die Kleurlinge wat 'n verdere 23.6 persent van die ekonomiese wonings bewoon, het 'n behoefte aan minstens 300 vierkante voet vloeroppervlakte en 3,000 kubieke voet lugvolume in hul slaapvertrekke. Vyf punt nege persent van die wonings word op so 'n wyse bewoon dat 'n minimum van 400 vierkante voet vloeroppervlakte en 4,000 kubieke voet lugvolume in die slaapvertrekke benodig word.

Die tabel toon duidelik dat in 'n aansienlike persentasie van die betrokke ekonomiese wonings dit die bewoners ontbreek aan die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat hulle in hul slaapvertrekke benodig. So ontbreek dit byvoorbeeld die bewoners van die wonings waarin in slaapvertrekke nrs. 1, 2 en 3 geslaap word, in die geval van onderskeidelik 31.3 en 43.9 persent van dié wonings, aan die minimum hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat hulle volgens wetlike voorskrifte in hul slaapvertrekke benodig.

HOOFSTUK V

BEHUISINGSTOESTANDE IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die behuisingstoestande van die Kleurlinge woonagtig in die 175 sub-ekonomiese wonings wat in Eersterust in die ondersoek betrek is, ontleed. Die ontleding volg dieselfde patroon as dié in die voorgaande hoofstuk waarin gelet is op die behuisingstoestande van die Kleurlinge wat in die betrokke woonbuurt in ekonomiese wonings woon. Daar word ook gelet op, eerstens, die bewoners van die betrokke wonings, tweedens, die behuisingstoestande van die bewoners van die sub-ekonomiese wonings in die algemeen, en derdens, die wyse waarop hulle hul slaapvertrekke bewoon.

2. DIE BEWONERS

Tabel 20 toon 'n ontleding van die Kleurlinge woonagtig in die sub-ekonomiese wonings volgens hul huwelikstaat, hul geslag en hul ouderdom.

TABEL 20

DIE KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS VOLGENS HUL HUWELIKSTAAT, GESLAG EN OUDERDOM INGEDEEL

Huwelikstaat en ouderdom	Geslag					
	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Getroud	133	25.2	133	23.9	266	24.5
Ander, 12 jaar en ouer	167	31.7	218	39.1	385	35.5
Ander, 10 tot 11 jaar	38	7.2	31	5.6	69	6.4
Ander, 2 tot 9 jaar	155	29.4	138	24.8	293	27.0
Ander, jonger as 2 jaar	34	6.5	37	6.6	71	6.6
TOTAAL	527	100.0	557	100.0	1084	100.0

Nageneeg 'n kwart van die Kleurlinge wat die sub-ekonomiese wonings bewoon, is getroud (24.5%). Vyf-en-dertig punt vyf persent is ongetroude persone twaalf jaar en ouer, en onderskeidelik 6.4, 27.0 en 6.6 persent seuns en dogters tien tot elf jaar oud, twee tot nege jaar oud, of jonger as twee jaar.

Die huwelikstaat en die ouderdom- en geslagsamestelling van die Kleurlinge wat die sub-ekonomiese wonings bewoon, vertoon naastenby dieselfde patroon of verspreiding as dié

van die Kleurlinge woonagtig in die ekonomiese wonings (tabel 3). Ook in die sub-ekonomiese wonings is daar relatief meer mans as vroue onder die getroudes en kom manlike persone persentasiegewys meer as vroulike persone voor onder die groepe tien tot elf jaar oud, twee tot nege jaar oud, en jonger as twee jaar. Vroulike persone ooreweg ook in die sub-ekonomiese wonings onder slegs die ongetroude persone wat ten minste twaalf jaar oud is.

'n Totaal van 1,084 Kleurlinge, waarvan onderskeidelik 527 (48.6%) en 557 (51.4%) manlike en vroulike persone is, bewoon die betrokke sub-ekonomiese wonings - 'n gemiddelde van 6.2 persone per woning.

Vervolgens toon tabel 21 die getal Kleurlinge wat die onderskeie sub-ekonomiese wonings bewoon.

TABEL 21
DIE GETAL KLEURLINGE WOONAGTIG IN DIE
SUB-EKONOMIESE WONINGS

Getal persone	G	%
Minder as 5	46	26.3
5	27	15.4
6	33	18.9
7	22	12.6
8	15	8.6
9	12	6.9
10	9	5.1
11	7	4.0
12	1	0.6
13 en meer	3	1.7
TOTAAL	175	100.0

In meer as 'n kwart van die betrokke sub-ekonomiese wonings woon daar minder as vyf persone (26.3%), terwyl in onderskeidelik 15.4 en 18.9 persent, vyf of ses, en in onderskeidelik 12.6, 8.6 en 6.9 persent, sewe, agt of nege persone woon. Vyf punt een persent van die sub-ekonomiese wonings huisves tien persone, 4.0 persent elf persone, en 0.6 persent twaalf persone.

In die 1.7 persent van die sub-ekonomiese wonings wat deur ten minste dertien Kleurlinge bewoon word, word daar nie aan die reeds genoemde Slumswetvoorskrif dat daar in 'n woning 'n latrine moet wees vir elke twaalf persone wat die woning bewoon, voldoen nie.

Wanneer die gegewens in tabel 21 met dié in tabel 4 vergelyk word, blyk dit dat die sub-ekonomiese wonings oor die algemeen minder Kleurlinge huisves as die ekonomiese wonings. Hierdie bevinding kom, veral in die lig daarvan dat die laasgenoemde wonings deur persone in 'n hoër inkomstegroep as die sub-ekonomiese wonings bewoon word, as ongerynd voor. Dit is immers algemeen bekend dat gesinne in die laer inkomstegroep gewoonlik groter is as die gesinne van diegene wat in 'n beter ekonomiese posisie verkeer. Die feit dat die huurgeld van die ekonomiese wonings hoër is as dié van die sub-ekonomiese wonings, is waarskynlik juis die rede waarom gemiddeld meer mense in die ekonomiese wonings as in die sub-ekonomiese wonings woon. Dit is waarskynlik dat die Kleurlinge wat in die ekonomiese wonings woon, persone wat nie tot hul huishoudings behoort nie in hul huise innoem en 'n deel van hul wonings aan hierdie mense onderverhuur ten einde die relatief hoë huurgeld makliker te kan bykom.

3. WOONVERTREKKE

In die geval van die sub-ekonomiese wonings is ook alle slaapvertrekke behalwe dié waarin voedsel voorberei word, as woonvertrekke ingedeel, asook sit- en eetkamers. In geen een van die betrokke sub-ekonomiese wonings word voedsel in 'n ander vertrek as die kombuis voorberei nie. Gevolglik is in die geval van al die betrokke ekonomiese wonings aangeteken dat die bewoners oor drie woonvertrekke beskik, naamlik die twee vertrekke wat op die bouplanne van dié wonings as slaapkamers aangedui word en die een vertrek wat daarop as 'n woonvertrek aangedui word.

Die gemiddelde getal persone per woonvertrek in die sub-ekonomiese wonings word in tabel 22 aangetoon.

TABEL 22

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOON-
 VERTREK IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS

Gemiddelde getal persone per woonvertrek	G	%
Minder as 1	10	5.7
1.0-1.4	36	20.6
1.5-1.9	28	16.0
2.0-2.4	54	30.9
2.5-2.9	15	8.6
3.0-3.4	21	12.0
3.5-3.9	7	4.0
4.0-4.9	2	1.1
5 en meer	2	1.1
TOTAAL	175	100.0

Net soos die ekonomiese wonings, huisves die sub-ekonomiese wonings in die meerderheid gevalle gemiddeld 2.0 tot 2.4 persone per woonvertrek (30.9%). In 'n veel groter persentasie van die sub-ekonomiese as die ekonomiese wonings is daar egter gemiddeld minder as twee persone per woonvertrek (42.3 teenoor 22.3%), terwyl dit in relatief veel minder van die sub-ekonomiese as van die ekonomiese wonings voorkom dat die minimum standaard van 'n maksimum toelaatbare getal van 2.5 persone per woonvertrek oorskry word (26.8 teenoor 38.7%).

4. SLAAPVERTREKKE

Tabel 23 toon die getal vertrekke wat as slaapvertrekke gebruik word in die sub-ekonomiese wonings wat ondersoek is.

TABEL 23

DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE
 SUB-EKONOMIESE WONINGS

Getal slaapvertrekke	G	%
1	23	13.1
2	117	66.9
3	34	19.4
4	1	0.6
TOTAAL	175	100.0

In 13.1 persent van die betrokke sub-ekonomiese wonings word slegs een vertrek as 'n slaapvertrek gebruik, in nagenoeg twee derdes twee vertrekke (69.1%) en in ongeveer 'n vyfde drie vertrekke (19.4%). Slegs in een van die sub-ekonomiese wonings waarin behuisingstoestande ondersoek is, word vier vertrekke, dus ook die kombuis, as slaapvertrekke gebruik.

Die feit dat daar in 80.0 persent van die sub-ekonomiese wonings, teenoor slegs 57.7 persent van die ekonomiese wonings (tabel 6), benewens die kombuis ten minste een vertrek is wat nie as 'n slaapvertrek gebruik word nie, volg nie slegs daarop dat die sub-ekonomiese huise oor die algemeen minder persone as die ekonomiese wonings huisves nie. Dit hou waarskynlik eerstens verband met die Kleurlinge se begeerte om 'n vertrek in hul wonings te hê waarin hulle hul gaste kan ontvang en tweedens daarmee dat die bewoners van die sub-ekonomiese wonings veel moeiliker as die van die ekonomiese wonings die derde woonvertrek in hul wonings as 'n slaapvertrek kan gebruik (die voorkeur van die

sub-ekonomiese wonings is in dié vertrek). Die feit dat in soveel as 'n vyfde van die betrokke wonings ook hierdie vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, dui daarop dat 'n aansienlike persentasie van hierdie wonings oorvol is.

Vervolgens word in tabel 24 die gemiddelde getal persone per slaapvertrek in die sub-ekonomiese wonings volgens die gemiddelde getal persone per woonvertrek in dié wonings ontleed.

Volgens die tabel huisves 10.4 persent van die sub-ekonomiese wonings gemiddeld minder as twee persone per slaapvertrek. In 17.7 persent van die wonings is daar gemiddeld 2.0 tot 2.4 persone per slaapvertrek, en in 70.9 persent gemiddeld ten minste 2.5 persone in elke slaapvertrek.

'n Vergelyking van die gegewens in tabel 24 met dié in tabel 7 toon dat hoewel die sub-ekonomiese wonings gemiddeld minder persone as die ekonomiese wonings huisves, 'n oorbewoning van slaapvertreкке, ingevolge die maksimum van 2.5 persone minimum standaard, in ongeveer dieselfde mate in die twee soorte wonings voorkom. Die rede hiervoor is die feit dat in 'n veel groter persentasie van die sub-ekonomiese as van die ekonomiese wonings 'n maksimum van twee vertreкке as slaapvertreкке gebruik word (80.0 teenoor 57.7%). Dit kan gevolglik verwag word dat die sub-ekonomiese wonings nie ten opsigte van die voorkoms van „slumtoestande“, soos 'n onwenslike geslagsvermenging in en/of 'n oorbewoning van die slaapvertreкке, 'n gunstiger beeld as die ekonomiese wonings sal vertoon nie.

Die ontleding in tabel 25 toon dat in die geval van onderskeidelik 16.0, 10.3 en 73.5 persent van die sub-ekonomiese wonings, die wonings op so 'n wyse bewoon word dat daar vir elke slaapvertrek in die woning voorsien, gemiddeld minder as twee, van 2.0 tot 2.4, of ten minste 2.5 Kleurlinge in die wonings woon.

Die feit dat die sub-ekonomiese wonings in hierdie opsig 'n veel swakker beeld as die ekonomiese wonings vertoon (in die geval van die laasgenoemde wonings kom die ooreenstemmende persentasies op onderskeidelik 22.4, 38.8 en 38.7 te staan), volg daarop dat in die sub-ekonomiese wonings slegs twee slaapvertreкке voorsien is (met die voordeur in die woonvertrek kan nie verwag word dat hier-

TABEL 24.

 DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE
 GETAL PERSONE PER WOONVERTREK IN DIE WONINGS INGEDEEL.

GEMIDDELDE GETAL PER- SONE PER SLAAPVER- TREK.	GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK.																		TOTAAL.									
	MINDER		1.0	1.4	1.5		1.9	2.0		2.4	2.5		2.9	3.0		3.4	3.5		3.9	4.0		4.9	5 en meer		TOTAAL.			
	AS	1																							G	%		
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
1.0 1.4	1	10.0	2	5.6	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3	1.7	
1.5 1.9	-	-	12	33.3	5	17.9	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	17	9.7	
2.0 2.4	9	90.0	14	38.9	-	-	8	14.8	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	31	17.7	
2.5 2.9	-	-	-	-	23	82.1	4	7.4	7	46.7	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	34	19.4	
3.0 3.4	-	-	3	8.3	-	-	25	46.3	-	-	9	42.9	-	-	-	-	1	50.0	-	-	-	-	-	-	-	38	21.7	
3.5 3.9	-	-	-	-	-	-	15	27.8	-	-	-	-	4	57.1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	19	10.9	
4.0 4.9	-	-	5	13.9	-	-	-	-	8	53.3	6	28.6	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	19	10.9	
5 en meer.	-	-	-	-	-	-	2	3.7	-	-	6	28.6	3	42.9	1	50.0	2	100.0	-	-	-	-	-	-	-	14	8.0	
TOTAAL.	10	100.0	36	100.0	28	100.0	54	100.0	15	100.0	21	100.0	7	100.0	2	100.0	2	100.0	175	100.0								

72

TABEL 25.

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS VOLGENS DIE GEMIDDELDE
GETAL PERSONE PER BESKIKBARE SLAAPVERTREK IN DIE WONINGS INGEDEEL.

GEMIDDELDE GETAL PER- SONE PER BESKIKBARE SLAAPVER- TREK.	GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK.																TOTAAL.		
	1.0	1.4	1.5	1.9	2.0	2.4	2.5	2.9	3.0	3.4	3.5	3.9	4.0	4.9	5 en meer				
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	
1.0	1.4	<u>1</u>	<u>33.3</u>	-	-	9	29.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	10	5.7
1.5	1.9	2	66.7	<u>12</u>	<u>70.6</u>	1	3.2	-	-	3	7.9	-	-	-	-	-	-	18	10.3
2.0	2.4	-	-	-	-	<u>13</u>	<u>41.9</u>	-	-	-	-	-	-	5	26.3	-	-	18	10.3
2.5	2.9	-	-	5	29.4	-	-	<u>27</u>	<u>79.4</u>	-	-	-	-	-	-	-	-	32	18.3
3.0	3.4	-	-	-	-	5	16.1	-	-	<u>25</u>	<u>65.8</u>	-	-	-	-	1	7.1	31	17.1
3.5	3.9	-	-	-	-	3	9.7	-	-	-	-	<u>16</u>	<u>84.2</u>	-	-	-	-	19	10.6
4.0	4.9	-	-	-	-	-	-	7	20.6	5	13.2	-	-	<u>14</u>	<u>73.7</u>	-	-	26	14.9
5 en meer.		-	-	-	-	-	-	-	-	5	13.2	3	15.8	-	-	<u>13</u>	<u>92.9</u>	20	12.0
TOTAAL.		3	100.0	17	100.0	31	100.0	34	100.0	38	100.0	19	100.0	19	100.0	14	100.0	175	100.0

73

die vertrek as 'n slaapvertrek gebruik moet word nie), terwyl daar in die ekonomiese wonings drie vertrekke voorsien is wat as slaapvertrekke gebruik kan word.

Die getalle en persentasies tussen die dwarsstreepe in die tabel dui op die wonings waarin die twee beskikbare slaapvertrekke as slaapvertrekke gebruik word, terwyl die bokant en onderkant die dwarsstreepe onderskeidelik die wonings aantoon waarin die bewoners in minder, of in meer vertrekke as wat as slaapvertrekke bedoel is, slaap.

5. DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS BENODIG

Vervolgens word aangetoon hoeveel slaapvertrekke die Kleurlinge, woonagtig in die sub-ekonomiese wonings, in hul wonings benodig.

TABEL 26

DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS BENODIG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS

Getal slaapvertrekke benodig	Getal slaapvertrekke in die woning									
	1		2		3		4		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	16	69.6	-	-	-	-	-	-	16	9.1
2	7	30.4	60	51.3	6	17.6	-	-	73	41.7
3	-	-	46	39.3	17	50.0	-	-	63	36.0
4	-	-	9	7.1	10	29.4	1	100.0	20	11.4
5	-	-	2	1.7	-	-	-	-	2	1.1
6	-	-	-	-	1	2.9	-	-	1	0.6
TOTAAL	23	100.0	117	100.0	34	100.0	1	100.0	175	100.0

Uit tabel 26 blyk dat 9.1 persent van die betrokke sub-ekonomiese wonings op so 'n wyse bewoon word dat een slaapvertrek voldoende is om die bewoners daarvan bevredigend te huisves. In 47.1 persent van die wonings is die twee slaapvertrekke in die wonings voldoende om in die behoeftes van die Kleurlingbewoners daarvan te voorsien, terwyl in onderskeidelik 36.0, 11.4, 1.1 en 0.6 persent die Kleurlinge wat die wonings bewoon, ten minste drie, vier, vyf of ses slaapvertrekke benodig.

Die tabel toon voorts dat veral die wonings waarin twee of drie vertrekke as slaapvertrekke gebruik word, oorvol is. Onderskeidelik 38.0, 7.4 en 1.7 persent van die eersgenoemde wonings word op so 'n wyse bewoon dat hul bewoners 'n behoefte het aan ten minste drie, vier of vyf slaapvertrekke, terwyl

in onderskeidelik 29.4 en 2.9 persent van die wonings waarin in drie vertrekke geslaap word, die bewoners vier of ses slaapvertrekke benodig.

6. DIE WYSE WAAROP DIE SLAAPVERTREKKE BEWOON WORD

In hierdie afdeling word die onderskeie slaapvertrekke in die besonder bespreek. Daar word in die geval van elk van die onderskeie slaapvertrekke aangetoon watter vertrek in die woning bespreek word, in hoe 'n mate 'n onwenslike geslagsvermenging in en/of 'n oorbewoning van die besondere slaapvertrek voorkom, en hoeveel slaapvertrekke die bewoners van die enkele slaapvertrek benodig. Verder word die beskikbare vloeroppervlakte en lugvolume in die onderskeie slaapvertrekke aangedui en word aangetoon in watter mate die slaapvertrekke in dié opsig in die behoeftes van hul bewoners voorsien.

Dieselfde patroon as dié in afdeling 6 van die vorige hoofstuk word in hierdie afdeling gevolg. Nadat die onderskeie slaapvertrekke in die besonder bespreek is, word die gegewens ten opsigte van al die vertrekke wat as slaapvertrekke gebruik word, in 'n laaste onderafdeling saamgevat.

(a) Slaapvertrek nr. 1 :

In die geval van alle sub-ekonomiese wonings wat in die ondersoek betrek is, is die kleinste van die twee slaapvertrekke wat in dié wonings voorsien word, as slaapvertrek nr. 1 op die vraelys aangedui. Dié vertrek is aan die agterkant van die woning geleë en grens aan die een kant aan die badkamer en aan die ander kant aan die slaapvertrek in die voorste gedeelte van die woning. ¹⁾

Soos uit tabel 27 sal blyk, word slaapvertrek nr. 1 in 157 (89.7%) van die betrokke sub-ekonomiese wonings as 'n slaapvertrek gebruik.

1) Vergelyk die skets van die grondplan van die sub-ekonomiese wonings op bladsy 41 van hierdie verhandeling.

TABEL 27

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG

Onwenslike geslagsvermenging en/of oorbewoning											
Getal slaapvertreke benodig	Gunstig	Onwenslike geslagsvermenging				Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning				Totaal	
		G	%	G	%	G	%	G	%		G
1	103	100.0	-	-	-	-	-	-	-	103	65.6
2	-	-	16	100.0	25	96.1	8	66.7	49	31.2	
3	-	-	-	-	1	3.9	4	33.3	5	3.2	
TOTAAL	103	100.0	16	100.0	26	100.0	12	100.0	157	100.0	

Tabel 27 toon eerstens dat in 103 (65.6%) van die wonings waarin die betrokke vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, dié vertrek in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria bewoon word. In 10.2 persent van die wonings kom in slaapvertrek nr. 1 'n onwenslike geslagsvermenging voor. In 16.6 persent is slaapvertrek nr. 1 oorbewoon en in 7.6 persent kom sowel 'n onwenslike geslagsvermenging in, as 'n oorbewoning van hierdie slaapvertrek voor.

Dit is vanselfsprekend dat in die 65.6 persent van die betrokke sub-ekonomiese wonings waarin slaapvertrek nr. 1 as gunstig ingedeel is, die bewoners van dié vertrek slegs een slaapvertrek benodig. In al die gevalle waarin in slaapvertrek nr. 1 slegs 'n onwenslike geslagsvermenging voorkom, benodig die bewoners van dié slaapvertrek twee slaapvertreke, terwyl in die geval van onderskeidelik 96.1 en 3.9 persent van die wonings waarin die betrokke slaapvertrek slegs oorbewoon word, twee of drie slaapvertreke deur die bewoners van hierdie vertrek benodig word. In 'n derde van die wonings waarin sowel 'n onwenslike geslagsvermenging in, as 'n oorbewoning van die slaapvertrek onder bespreking voorkom, het die bewoners van die enkele slaapvertrek ten minste drie slaapvertreke nodig.

Slaapvertrek nr. 1 in die sub-ekonomiese wonings beslaan 'n vloeroppervlakte van 94.25 vierkante voet en bevat 852.3 kubieke voet lugvolume. Tabel 28 toon die vloeroppervlakte en lugvolume wat die bewoners van dié slaapvertrek benodig.

TABEL 28

DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 1 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	G	%
20 vk.vt./ 200 kub.vt.	1	0.6
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	27	17.2
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	20	12.7
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	48	30.6
100 vk.vt./1000 kub.vt.	19	12.1
120 vk.vt./1200 kub.vt.	25	15.9
160 vk.vt./1600 kub.vt.	10	6.4
200 vk.vt./2000 kub.vt.	5	3.2
240 vk.vt./2400 kub.vt.	2	1.3
TOTAAL	157	100.0

Die tabel toon dat in 38.9 persent van die wonings waarin slaapvertrek nr. 1 as 'n slaapvertrek gebruik word, dié vertrek nie voldoende vloeroppervlakte en lugvolume aan die Kleurlinge wat daarin slaap, bied nie.

 (b) Slaapvertrek nr. 2 :

Die slaapvertrek aan die voorkant van die woning is in die geval van al die sub-ekonomiese wonings as slaapvertrek nr. 2 ingedeel. Hierdie vertrek beslaan 'n vloeroppervlakte van 126 vierkante voet en bevat 1,136.3 kubieke voet lugvolume.

TABEL 29

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG

Getal slaapvertreke benodig	Onwenslike geslagsvermenging en/of oorbewoning									
	Gunstig		Onwenslike geslagsvermenging		Oorbewoning		Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	80	100.0	-	-	-	-	-	-	80	47.1
2	-	-	34	100.0	19	95.0	30	83.3	83	48.8
3	-	-	-	-	1	5.0	6	16.7	7	4.1
TOTAAL	80	100.0	34	100.0	20	100.0	36	100.0	170	100.0

Slaapvertrek nr. 2 is in die geval van 80 (47.1%) van die 170 sub-ekonomiese wonings waarin dié vertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, as gunstig ingedeel. In onderskeidelik 34 (20.0%), 20 (11.8%) en 37 (21.2%) van die wonings waarin iemand in die betrokke vertrek slaap, kom daar in dié vertrek slegs 'n onwenslike geslagsvermenging, slegs 'n oorbewoning, of sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning voor.

Tweedens blyk dit uit die tabel dat die Kleurlinge wat in die betrokke vertrek slaap, in die geval van onderskeidelik 47.1, 48.8 en 4.1 persent van die wonings waarin iemand in dié vertrek slaap, een, twee, of ten minste drie slaapvertreke benodig. In alle wonings waar slegs 'n onwenslike geslagsvermenging in slaapvertrek nr. 2 voorkom, word twee slaapvertreke benodig. In 5.0 persent van die wonings waar slegs 'n oorbewoning in die betrokke vertrek voorkom en in 16.7 persent van die wonings waarin in slaapvertrek nr. 2 sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning voorkom, benodig die bewoners van die enkele slaapvertrek, ingevolge die kriteria, ten minste drie slaapvertreke.

Tabel 30 toon die benodigde vloeroppervlakte en lugvolume in slaapvertrek nr. 2.

TABEL 30

DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 2 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	G	%
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	9	5.3
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	7	4.1
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	41	24.1
100 vk.vt./1000 kub.vt.	40	23.5
120 vk.vt./1200 kub.vt.	47	27.6
160 vk.vt./1600 kub.vt.	19	11.2
200 vk.vt./2000 kub.vt.	3	1.8
240 vk.vt./2400 kub.vt.	4	2.3
TOTAAL	170	100.0

Onderskeidelik 15.3 en 42.9 persent van die wonings waarin slaapvertrek nr. 2 as 'n slaapvertrek gebruik word, bied nie voldoende vloeroppervlakte en lugvolume aan die Kleurlinge wat in dié slaapvertrek slaap nie.

Slaapvertrek nr. 3 :

Die woonkamer in die sub-ekonomiese wonings wat as slaapvertrek nr. 3 ingedeel is, word in 35 (20.0%) van dié wonings as 'n slaapvertrek gebruik. Vervolgens word toestande in dié slaapvertrek bespreek.

TABEL 31

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIÉ SLAAPVERTREK BENODIG

Getal slaapvertreкке benodig	Onwenslike geslagsvermenging en/of oorbewoning									
	Gunstig		Onwenslike geslagsvermenging		Oorbewoning		Onwenslike geslagsvermenging en oorbewoning		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	32	100.0	-	-	-	-	-	-	32	91.4
2	-	-	-	-	3	100.0	-	-	3	8.6
3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	32	100.0	-	-	3	100.0	-	-	35	100.0

Tabel 31 toon eerstens dat in 32 (91.4%) van die wonings waarin ook die woonvertrek as 'n slaapvertrek gebruik word, die wyse waarop dié vertrek bewoon word, in ooreenstemming is met die vereistes in die kriteria. In drie van die betrokke wonings (8.6%) kon daar 'n oorbewoning van die betrokke vertrek voor.

Tweedens blyk dit uit die tabel dat slegs in die geval van die drie wonings waarin die betrokke vertrek oorbewoon word, die bewoners van die enkele slaapvertrek 'n verdere slaapvertrek benodig as die een waarin hulle tans slaap.

Tabel 32 toon vervolgens die mate waarin die 121 vierkante voet vloeroppervlakte en die 1,099 kubieke voet lugvolume in die betrokke vertrek voldoende is om in die behoeftes te voorsien van diegene wat daarin slaap.

TABEL 32

DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN SLAAPVERTREK NR. 3 IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	G	%
20 vk.vt./ 200 kub.vt.	1	2.9
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	22	62.9
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	1	2.9
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	4	11.4
100 vk.vt./1000 kub.vt.	2	5.7
120 vk.vt./1200 kub.vt.	4	11.4
160 vk.vt./1600 kub.vt.	1	2.9
TOTAAL	35	100.0

Volgens die tabel word in onderskeidelik 2.9 en 14.3 persent van die betrokke sub-ekonomiese wonings nie aan die vloeroppervlakte- en lugvolumebehoefte van die bewoners van slaapvertrek nr. 3 voldoen nie.

(d) Slaapvertrek nr. 4 :

In slegs een van die sub-ekonomiese wonings waarin behuisingstoestande ondersoek is, word ook die kombuis (wat as slaapvertrek nr. 4 ingedeel is) as 'n slaapvertrek gebruik.

Sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning kom in die betrokke slaapvertrek voor. Die Kleurlinge wat in dié vertrek slaap, benodig ten minste twee slaapvertreke.

Teenoor die beskikbare 92.5 vierkante voet vloeroppervlakte en 832 kubieke voet lugvolume in die slaapvertrek, word 'n minimum van 140 vierkante voet vloeroppervlakte en 1,400 kubieke voet lugvolume deur die bewoners van dié slaapvertrek benodig.

(e) Gesamentlike beoordeling van die slaapvertreke :

Dit het uit die voorgaande geblyk dat die Kleurlinge wat die 175 sub-ekonomiese wonings in die ondersoekgroep bewoon, in 'n totaal van 363 vertreke slaap. In die volgende drie tabelle word die gegewens ten opsigte van die wyse waar al hierdie vertreke bewoon word, saangevat.

Tabel 33 toon eerstens die voorkoms van 'n onwenslike geslagsvermenging in en/of 'n oorbewoning van die totale getal vertreke in die sub-ekonomiese wonings wat as slaapvertreke gebruik word. Die gegewens word volgens die voorkoms van dié toestande in die onderskeie slaapvertreke ingedeel.

TABEL 33

DIE VOORKOMS VAN 'N ONWENSLIKE GESLAGSVERMENGING IN EN/OF 'N OORBEWONING VAN SLAAPVERTREKKE IN DIE BETROKKE SUB-EKONOMIESE WONINGS INGEDEEL VOLGENS DIE VOORKOMS VAN DIÉ TOESTANDE IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE IN DIE WONINGS

Onwenslike geslagsver- menging en/ of oorbewo- ning	Slaapvertrek Nr.									
	1		2		3		4		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gunstig	103	65.6	80	47.1	32	91.4	-	-	215	59.2
Onwenslike geslagsver- menging	16	10.2	34	20.0	3	8.6	-	-	53	14.6
Oorbewoning	26	16.6	20	11.8	-	-	-	-	46	12.6
Onwenslike geslagsver- menging en oorbewoning	12	7.6	36	21.2	-	-	1	100.0	49	13.5
TOTAAL	157	100.0	170	100.0	35	100.0	1	100.0	363	100.0

Nege-en-vyftig punt twee persent van die totale getal vertrekke wat in die sub-ekonomiese wonings as slaapvertrekke gebruik word, is as gunstig ingedeel. In 14.6 persent van die slaapvertrekke in hierdie wonings kon slegs 'n onwenslike geslagsvermenging voor, in 12.6 persent slegs 'n oorbewoning en in 13.5 persent sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning. In die geval van die ekonomiese wonings kon die ooreenstemmende persentasies te staan op onderskeidelik 62.7, 8.8, 17.6 en 10.8 (tabel 16).

'n Groter persentasie van die Kleurlinge wat in slaapvertrek nr. 3 slaap as van dié in slaapvertrekke nrs. 1 en 2, slaap in vertrekke wat in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria bewoon word. Slegs 'n onwenslike geslagsvermenging kom relatief die meeste in slaapvertrek nr. 2 voor, en slegs 'n oorbewoning die meeste in slaapvertrek nr. 1.

TABEL 34

DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS BENODIG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE IN DIÉ WONINGS BENODIG

Getal slaapver- trekke benodig	Slaapvertrek Nr.									
	1		2		3		4		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
1	103	65.6	80	47.1	32	91.4	-	-	215	59.2
2	49	31.2	83	48.8	3	8.6	-	-	135	37.2
3	5	3.2	7	4.1	-	-	1	100.0	13	3.6
TOTAAL	157	100.0	170	100.0	35	100.0	1	100.0	363	100.0

Uit tabel 34 blyk dat in die geval van 59.2 persent van die totale getal vertrekke waarin nense in die sub-ekonomiese wonings slaap, die enkele slaapvertrek voldoende is om in die behoeftes van die bewoners daarvan te voldoen. Die Kleurlinge wat in onderskeidelik 37.2 en 3.6 persent van die slaapvertreke in die sub-ekonomiese wonings slaap, benodig twee, of drie slaapvertreke.

Die feit dat in 'n aansienlike groter persentasie van slaapvertrek nr. 2 as van slaapvertreke nrs. 1 en 3 die enkele slaapvertrek onvoldoende is, volg daarop dat, soos uit tabel 33 blyk, 'n onwenslike geslagsvermenging en/of 'n oorbewoning die meeste in dié slaapvertrek voorkom. Die enkele woning waarin in vier vertreke geslaap word en waarin in al vier dié vertreke sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning voorkom, moet as uitsonderlik gesien word.

In die 175 betrokke sub-ekonomiese wonings is 'n totaal van 350 slaapvertreke voorsien en word 363 vertreke as slaapvertreke gebruik. Tabel 34 toon dat die Kleurlinge wat in hierdie 363 vertreke slaap, 'n minimum van 524 slaapvertreke benodig. In elk van die betrokke sub-ekonomiese wonings word daar dus gemiddeld een ekstra slaapvertrek benodig.

TABEL 35

DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE TOTALE GETAL SLAAPVERTREKKE INGEDEEL VOLGENS DIE BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE ONDERSKEIE SLAAPVERTREKKE

Benodigde vloeroppervlakte en lugvolume	Slaapvertrek Nr.									
	1		2		3		4		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
20 vk.vt./ 200 kub.vt.	1	0.6	-	-	1	2.9	-	-	2	0.6
40 vk.vt./ 400 kub.vt.	27	17.2	9	5.3	22	62.9	-	-	58	16.0
60 vk.vt./ 600 kub.vt.	20	12.7	7	4.1	1	2.9	-	-	28	7.7
80 vk.vt./ 800 kub.vt.	48	30.6	41	24.1	4	11.4	-	-	93	25.6
100 vk.vt./ 1000 kub.vt.	19	12.1	40	23.5	2	5.7	-	-	61	16.8
120 vk.vt./ 1200 kub.vt.	25	15.9	47	27.6	4	11.4	-	-	76	20.9
160 vk.vt./ 1600 kub.vt.	10	6.4	19	11.2	1	2.9	1	100.0	31	8.5
200 vk.vt./ 2000 kub.vt.	5	3.2	3	1.8	-	-	-	-	8	2.2
240 vk.vt./ 2400 kub.vt.	2	1.3	4	2.3	-	-	-	-	6	1.7
TOTAAL	157	100.0	170	100.0	35	100.0	1	100.0	363	100.0

Volgens tabel 35 word die grootste enkele persentasie van die totale getal slaapvertrekke in die sub-ekonomiese wonings só bewoon dat die bewoners daarvan 'n minimum van 80 vierkante voet vloeroppervlakte en 800 kubieke voet lugvolume benodig (25.6%). In 24.3 persent van die totale getal slaapvertrekke in dié wonings word minder as 80 vierkante voet vloeroppervlakte en 800 kubieke voet lugvolume benodig, terwyl in 50.2 persent ten minste 100 vierkante voet vloeroppervlakte en 1,000 kubieke voet lugvolume benodig word.

Dit blyk uit die tabel dat, net soos in die geval van die ekonomiese wonings (tabel 18), die grootste enkele groep van die slaapvertrekke in die sub-ekonomiese wonings gedeel word deur òf vier Kleurlinge jonger as tien jaar, òf twee Kleurlinge jonger as tien jaar en een ten minste tien jaar oud, òf twee Kleurlinge tien jaar en ouer.

Tabel 36 toon ten slotte die slaapvertrekke in die sub-ekonomiese wonings aan, asook die beskikbare en benodigde vloeroppervlakte en lugvolume in die onderskeie slaapvertrekke.

Die tabel toon eerstens dat in 5 (2.9%) van die betrokke sub-ekonomiese wonings slegs slaapvertrek nr. 1 as 'n slaapvertrek gebruik word, en in 18 (10.3%) slegs slaapvertrek nr. 2. Hierteenoor word in onderskeidelik 117 (66.9%), 34 (19.4%) en in een (0.6%) van die wonings, slaapvertrekke nrs. 1 en 2, slaapvertrekke nrs. 1, 2 en 3, of slaapvertrekke nrs. 1, 2, 3 en 4 as slaapvertrekke gebruik.

Die Kleurlinge wat 5.7 persent van die betrokke sub-ekonomiese wonings bewoon, benodig minder as 100 vierkante voet vloeroppervlakte en 1,000 kubieke voet lugvolume in hul slaapvertrekke; dié in 40.0 persent van die betrokke wonings van 100 vierkante voet vloeroppervlakte en 1,000 kubieke voet lugvolume. In 32.1 persent van die wonings word ten minste 200 vierkante voet vloeroppervlakte en 2,000 kubieke voet lugvolume in die slaapvertrekke benodig en in 14.9 persent minstens 300 vierkante voet vloeroppervlakte en 3,000 kubieke voet lugvolume. Drie punt vier persent van die sub-ekonomiese wonings word op so 'n wyse bewoon dat in dié wonings ten minste 400 kubieke voet vloeroppervlakte en 4,000 kubieke voet lugvolume in die slaapvertrekke benodig word.

In die geval van die ekonomiese wonings kom die ooreenstemmende persentasies te staan op onderskeidelik 5.9, 23.6, 41.2, 23.6 en 5.9.

TABEL 36.

DIE SLAAPVERTREKKE WAT IN DIE SUB-EKONOMIESE WONINGS GEBRUIK WORD EN DIE BESKIKBARE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAPVERTREKKE VOLGENS DIE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAPVERTREKKE BENODIG, INGEDEEL.

DIE SLAAPVERTREKKE EN DIE BESKIKBARE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME DAARIN.

BENODIGDE VLOEROPPERVLAKTE EN LUGVOLUME IN DIE SLAAP- VERTREKKE.	: Nr. 1		: Nr. 2		: Nrs. 1,2		: Nrs. 1,2,3		: Nrs. 1,2,3,4:		: TOTAAL.	
	: 94 vk.vt.	: 852 kub.vt.	: 126 vk.vt.	: 1136 kub.vt.	: 220 vk.vt.	: 1988 kub.vt.	: 341 vk.vt.	: 3087 kub.vt.	: 433 vk.vt.	: 3919 kub.vt.		
	: G	: %	: G	: %	: G	: %	: G	: %	: G	: %	: G	: %
60 vk.vt./600 kub.vt.	-	-	1	5.6	-	-	-	-	-	-	1	0.6
80 vk.vt./800 kub.vt.	1	20.0	7	38.9	1	0.9	-	-	-	-	9	5.1
100 vk.vt./1000 kub.vt.	1	20.0	2	11.1	4	3.4	-	-	-	-	7	4.0
120 vk.vt./1200 kub.vt.	1	20.0	3	16.7	12	10.3	1	2.9	-	-	17	9.7
140 vk.vt./1400 kub.vt.	2	40.0	3	16.7	8	6.8	-	-	-	-	13	7.4
160 vk.vt./1600 kub.vt.	-	-	2	11.1	16	13.8	1	2.9	-	-	19	10.9
180 vk.vt./1800 kub.vt.	-	-	-	-	18	15.4	3	8.8	-	-	21	12.0
200 vk.vt./2000 kub.vt.	-	-	-	-	10	8.5	2	5.9	-	-	12	6.9
220 vk.vt./2200 kub.vt.	-	-	-	-	14	12.0	5	14.7	-	-	19	10.9
240 vk.vt./2400 kub.vt.	-	-	-	-	10	8.5	1	2.9	-	-	11	6.3
260 vk.vt./2600 kub.vt.	-	-	-	-	6	5.1	1	2.9	-	-	7	4.0
280 vk.vt./2800 kub.vt.	-	-	-	-	4	3.4	3	8.8	-	-	7	4.0
300 vk.vt./3000 kub.vt.	-	-	-	-	2	1.7	5	14.7	-	-	7	4.0
320 vk.vt./3200 kub.vt.	-	-	-	-	5	4.3	3	8.8	-	-	8	4.6
340 vk.vt./3400 kub.vt.	-	-	-	-	4	3.4	3	8.8	-	-	7	4.0
360 vk.vt./3600 kub.vt.	-	-	-	-	1	0.9	3	8.8	-	-	4	2.3
380 vk.vt./3800 kub.vt.	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
400 vk.vt./4000 kub.vt. en meer. en meer.	-	-	-	-	2	1.7	3	8.8	1	100.0	6	3.4
TOTAAL.	5	100.0	18	100.0	117	100.0	34	100.0	1	100.0	175	100.0

Dit blyk duidelik dat dit ook 'n aansienlike persentasie van die Kleurlinge wat in die sub-ekonomiese wonings woon, ontbrek aan die vloeroppervlakte en lugvolume wat hulle in hul slaapvertreke benodig. Onderskeidelik 27.8 en 43.5 persent van die Kleurlinge woonagtig in wonings waarin in slegs slaapvertrek nr. 2 geslaap word, beskik byvoorbeeld nie in hul slaapvertrek oor die minimum hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat hulle volgens Slumswetvoorskrifte benodig nie.

HOOFSTUK VI

DIE HOUDING GEOPENBAAR TEN OPSIGTE VAN DIE BEHUISING WAT IN EERSTERUST VOORSIEN WORD

1. INLEIDING

Die fisiese omgewing waarin mense hulle bevind en waarvan die behuisingsomstandighede waaronder die betrokke mense verkeer, 'n integrerende deel vorm, het definitiewe maatskaplike implikasies. Dit kan òf bydra tot die ontwikkeling van 'n tevrede en gelukkige gemeenskap òf 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid in die hand werk.

Om hierdie rede, en omdat 'n ondersoek na die behuisingsomstandighede van 'n groep mense nooit volledig kan wees sonder dat daar aandag geskenk is aan die mense wat onder die besondere omstandighede verkeer en daar gelet is op die wyse waarop hul fisiese omgewing hul houdings en gevolglik hul optrede teenoor mekaar en teenoor andere beïnvloed nie, word vervolgens gelet op die houding wat die Kleurlinge in die ondersoekgroep openbaar ten opsigte van die huisvesting wat in Eersterust aan hulle voorsien is.

In die geval van die onderhawige ondersoek is 'n ontleding van die houding wat die betrokke Kleurlinge in hierdie verband openbaar, beslis noodsaaklik. Dié ontleding sal, eerstens, die lig laat val op die mense wat die 260 wonings wat in die ondersoek betrek is, bewoon. Tweedens sal dit aantoon in hoe 'n mate hierdie Kleurlinge hulle aanpas in 'n fisiese omgewing en onder behuisingsomstandighede wat hulle nie self kon kies nie. Derdens sal uit hierdie ontleding blyk of daar, vanweë die behuisingsomstandighede wat in die betrokke woonbuurt voorkom, 'n gevaar bestaan dat die hervestiging van 'n groot aantal mense in Eersterust kan lei tot 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid van die betrokke mense in die besonder. In aansluiting hierby sal hierdie ontleding vierdens ook aantoon waaraan die Kleurlinge in Eersterust, sover dit hul behuising aangaan, waarde heg.

Daar word in hierdie hoofstuk eerstens gelet op die mate waarin die betrokke Kleurlinge in die algemeen tevrede is met die huisvesting wat in Eersterust aan hulle voorsien is. Verder word aangetoon hoe die Kleurlinge, wie se behuisingsomstandighede ondersoek is, hul huidige huisvesting sien in vergelyking met die huisvesting waaroor hulle beskik het net voordat hulle na Eersterust getrek het. 'n Laaste afdeling toon

die besondere klagtes wat die Kleurlinge van Eersterust ten opsigte van hul huisvesting openbaar.

2. TEVREDENHEID MET HUISVESTING

In hierdie afdeling word eerstens aangetoon in watter mate die Kleurlinge met wie onderhoude gevoer is, aanvanklik met hul koms na Eersterust teleurgesteld was in die huisvesting wat hulle in dié woonbuurt aangebied is en in watter mate hulle tans tevrede is met hul huisvesting en behuisingsomstandighede.

Tabel 37 toon die persentasie Kleurlinge wat aanvanklik ontevrede was met die huisvesting wat hulle in Eersterust ontvang het. Die gegewens is volgens die soort woning ingedeel.

TABEL 37

AANVANKLIKE TELEURSTELLING MET HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS SOORT WONING

Aanvanklik teleurgesteld?	Soort woning					
	Ekonomies		Sub-ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Ja	40	47.1	51	29.1	91	35.0
Nee	45	52.9	124	70.9	169	65.0
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Meer as 'n derde van die Kleurlinge in die ondergroep was met hul koms na Eersterust ontevrede met, en teleurgesteld in die woning wat hulle in Eersterust aangebied is (35.0%). 'n Veel groter persentasie van die Kleurlinge wat ekonomiese wonings bewoon as van dié wat in sub-ekonomiese wonings aangetref is, was aanvanklik teleurgesteld (47.1 teenoor 29.1%).

Die groter voorkoms van 'n aanvanklike teleurstelling onder die ekonomiese groep volg waarskynlik daarop dat verskeie van diegene in dié groep vóór hul verskuiwing na Eersterust òf in hul eie wonings gewoon het òf dit kon bekostig om onder bevredigende omstandighede te woon. Hierteenoor dui die groter persentasie van die sub-ekonomiese groep wat met hul koms na Eersterust met hul behuising tevrede was, daarop dat diegene in hierdie groep in Eersterust beter huisvesting bekom het as dié waarvoor hulle voor hul verskuiwing beskik het.

TABEL 38

HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS SOORT WONING

Huidige houding	Soort woning					
	Ekonomies		Sub-ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Tevrede	75	88.2	153	87.4	228	87.7
Ontevrede	10	11.8	22	12.6	32	12.3
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Uit tabel 38 blyk dat 87.7 persent van alle Kleurlinge wat ondervra is, en onderskeidelik 88.2 en 87.4 persent van dié wat in ekonomiese en in sub-ekonomiese wonings woon, tans tevrede is met die huisvesting wat hulle in Eersterust bekou het.

Vervolgens word die betrokke Kleurlinge se aanvanklike tevredenheid met hul huisvesting volgens hul huidige tevredenheid daarmee ontleed.

TABEL 39

AANVANKLIKE TEVREDENHEID MET HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS HUIDIGE TEVREDENHEID DAARMEE

Aanvanklike tevredenheid	Huidige houding					
	Tevrede		Ontevrede		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Tevrede	166	72.8	3	9.4	169	65.0
Ontevrede	62	27.2	29	90.6	91	35.0
TOTAAL	228	100.0	32	100.0	260	100.0

'n Vergelyking van die gegewens in tabelle 37 en 38 toon dat soveel as 22.1 persent van die totale groep Kleurlinge, en onderskeidelik 35.3 en 16.5 persent van dié wat ekonomiese en sub-ekonomiese wonings bewoon, tans 'n meer positiewe houding ten opsigte van hul behuising in Eersterust openbaar as wat hulle met hul verskuiwing na dié woonbuurt in hierdie verband geopenbaar het. Die bostaande tabel toon dat meer as 'n kwart van diegene wat tans met hul huisvesting tevrede is, aanvanklik ontevrede was. Die oorgrote meerderheid van diegene wat tans met hul huisvesting ontevrede is, was ook met hul koms na dié woonbuurt nie met hul behuising tevrede nie (90.6%).

In Hoofstuk 1 is van die voorveronderstellings uitgegaan dat daar 'n verskil sal wees in die houding ten opsigte van hul behuising geopenbaar tussen:

eerstens Kleurlinge wat aansoek gedoen het om verblyfplek in Eersterust te bekom en Kleurlinge wat „aangesê” is om na dié woonbuurt te verhuis; en

twedens Kleurlinge wie se behuisingsomstandighede as bevredigend bevind word en diegene wie se behuisingsomstandighede ongunstig is.

Die houdbaarheid van die bogenoemde hipoteses word vervolgens bepaal. Met betrekking tot die laasgenoemde hipotese word die Kleurlinge se huidige tevredenheid of ontevredenheid met hul huisvesting in tabelle 41, 42 en 43 ontleed volgens onderskeidelik die getal persone wat die woning bewoon, die gemiddelde getal persone per woonvertrek in die woning, en die gemiddelde getal persone per slaapvertrek in die woning. Die voorgaande twee hoofstukke het duidelik getoon dat gegewens aangaande die getal persone wat die woning bewoon en die gemiddelde getal persone per woon- en per slaapvertrek in die woning 'n baie goeie aanduiding is van die wyse waarop die woning bewoon word, en gevolglik ook van bepaalde toestande wat in die woning voorkom.

TABEL 40

VRYWILLIGE OF GEDWONGE VERHUISING NA EERSTERUST INGEDEEL VOLGENS HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN DIE WOONBUURT

Huidige houding	Kons na Eersterust					
	Vrywillig		Gedwonge		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Tevrede	81	93.1	147	85.0	228	87.7
Ontevrede	6	6.9	26	15.0	32	12.3
TOTAAL	87	100.0	173	100.0	260	100.0

Uit tabel 40 blyk eerstens dat onderskeidelik 87 (33.4%) en 173 (66.5%) van die Kleurlinge met wie onderhoude gevoer is, vrywillig na Eersterust verhuis het, of eers nadat hulle aangesê is om dit te doen, daarheen getrek het.

Die tabel toon dat relatief meer van diegene wat aangesê is om na Eersterust te verhuis as van dié wat aansoek gedoen het om daar te gaan woon, nie tevrede is met die huisvesting wat in dié woonbuurt aan hulle voorsien is nie (15.0 teenoor 6.9%).

Vervolgens toon tabel 41 'n ontleding van die Kleurlinge in Eersterust se huidige houding ten opsigte van hul wonings, volgens die getal persone wat in die woning woon.

TABEL 41

HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE WONING

Huidige houding	Getal persone in die woning									
	Minder as 5		5 - 9		10-12		13 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Tevrede	51	86.4	148	89.7	24	80.0	5	83.3	228	87.7
Ontevrede	8	13.6	17	10.3	6	20.0	1	16.7	32	12.3
TOTAAL	59	100.0	165	100.0	30	100.0	6	100.0	260	100.0

Uit die ontleding in tabel 41 blyk dat ontevredenheid met die huisvesting wat in Eersterust aan hulle voorsien is, relatief die meeste voorkom onder diegene in wie se wonings tien tot twaalf persone woon.

TABEL 42

HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE GEMIDDELTE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK IN DIE WONING

Huidige houding	Gemiddelde getal persone per woonvertrek									
	Minder as 1		1.0-2.4		2.5-3.9		4 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Tevrede	14	93.3	146	88.5	60	87.0	8	72.7	228	87.7
Ontevrede	1	6.7	19	11.5	9	13.0	3	27.3	32	12.3
TOTAAL	15	100.0	165	100.0	69	100.0	11	100.0	260	100.0

Die gegewens in tabel 42 toon duidelik dat die gemiddelde getal persone per woonvertrek in die woning 'n beslissende invloed uitoefen op die houding wat ten opsigte van die huisvesting geopenbaar word. Namate die gemiddelde getal persone per woonvertrek in die woning toeneem, is daar 'n daling in die persentasie Kleurlinge wat met hul huisvesting tevrede is en 'n styging in die persentasie persone wat ontevrede is met die huisvesting wat in Eersterust aan hulle voorsien is.

TABEL 43

 HUIDIGE HOUDING TEN OPSIGTE VAN HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAP-
 VERTREK IN DIE WONING

Huidige houding	Gemiddelde getal persone per slaapvertrek							
	1.0-2.4		2.5-3.9		4 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Tevrede	67	88.2	120	91.6	41	77.4	228	87.7
Ontevrede	9	11.8	11	8.4	12	22.6	32	12.3
TOTAAL	76	100.0	131	100.0	53	100.0	260	100.0

Tabel 43 toon nie so 'n duidelike tendens as die vorige tabel nie. Dit is nietemin duidelik uit die tabel dat die gemiddelde getal persone per slaapvertrek in die woning 'n invloed uitoefen op die houding wat die bewoners daarvan daar teenoor openbaar. Teenoor 91.6 persent van diegene in wie se wonings daar van 2.5 tot 3.9 persone per slaapvertrek is en 88.2 persent van diegene wie se wonings gemiddeld 1.0 tot 2. persone per slaapvertrek huisves, is slegs 77.4 persent van die Kleurlinge in wie se wonings daar gemiddeld ten minste vier persone in elke slaapvertrek is, tevrede met hul huisvesting en behuisingsomstandighede in Eersterust.

Ter afsluiting van hierdie afdeling wat oor die Kleurling se tevredenheid, al dan nie, met hul huisvesting in Eersterust handel, word daar kortliks gelet op die Kleurlinge se reaksie op die vraag of hulle meer tevrede as tans met hul wonings sou gewees het indien hul woning nie in alle opsigte identies met dié van hul bure was nie. Hierdie gegewens verskyn in tabel 44 en is volgens die soort woning ingedeel.

TABEL 44

 HOUDING TEN OPSIGTE VAN ENERSE FISIESE VOORKOMS VAN WONINGS
 INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING

Houding	Soort woning					
	Ekonomies		Sub- ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Sou meer tevrede gewees het	76	89.4	156	89.1	232	89.2
Sou nie meer tevrede gewees het nie	9	10.6	19	10.9	28	10.8
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Dit blyk dat die oorgrote meerderheid van die Kleurlinge wat in die ondersoek betrek is, meer tevrede met hul huisvesting in Eersterust sou gewees het indien hul wonings nie ten opsigte van voorkoms en uitleg (die plan waarvolgens die woning gebou is, die grootte van die erf, en so meer) presies met dié van hul bure ooreengestem het nie. In hierdie verband bestaan daar feitlik geen verskil in die houding wat die Kleurlinge in die ekonomiese en die sub-ekonomiese groep openbaar nie.

Die feit dat so 'n groot persentasie van die Kleurlinge meer tevrede as tans met hul wonings sou gewees het indien hul wonings nie identies met dié van hul bure was nie, beteken nie dat die eenderse fisiese voorkoms van die wonings noodwendig 'n algemene gevoel van ontevredenheid in die woonbuurt meebring nie. Ondersoeker het die indruk gekry dat die oorgrote meerderheid, hoewel hulle dit anders sou verkies het, beslis nie ongelukkig is oor dié toestand nie. Hulle is bereid om dit as sodanig te aanvaar.

Aan die anderkant was daar diegene wat beslis ontevrede is daaraan dat die wonings almal dieselfde lyk. Hierdie persone se reaksie was dikwels: „Eersterust lyk soos 'n lokasie" en „Hulle (waarskynlik die Stadsraad) dink mos ons is Kaffers". Verskeie van hierdie ontevrede proefpersone het dan ook nie nagelaat om die ondersoeker daarop te wys dat die wonings in die nabygeleë Riverside, waar 'n behuisingskema vir Blankes ontwikkel is, volgens 'n verskeidenheid bouplanne opgerig is nie.

Dit was baie interessant om die redes aan te hoor waarom sommige Kleurlinge nie van die eenderse fisiese voorkoms van die wonings hou nie. Verskeie persone het verklaar dat hulle nie daarvan hou dat die wonings dieselfde vertoon nie, omdat hulle, veral in die aand, maklik in hul woonbuurt verdwaal.

3. DIE HUIDIGE WONING IN VERGELYKING MET DIE WONING WAT BEWOON IS NET VOOR KOMS NA EERSTERUST

In hierdie afdeling word aangetoon wat die proefpersone se reaksie was op enkele vrae wat aan hulle gestel is om te bepaal hoe hulle hul huidige woning, ten opsigte van sekere aspekte daarvan, sien in vergelyking met die woning wat hulle bewoon het net voordat hulle na Eersterust getrek het. Die proefpersone moes aantoon of hulle hul huidige woning, wat betref die besondere aspekte daarvan, as 'n beter, 'n ongeveer gelykwaardige, of 'n swakker woning beskou as die een

Daar word in hierdie afdeling gelet op die Kleurlinge se vergelyking van hul huidige woning met hul vorige woning ten opsigte van die boumateriaal gebruik en die afwerking van die woning, die algemene voorkoms van die woning, die beskikbaarheid van sekere fasiliteite in die woning, die beskikbare getal slaapvertrekke in die woning en die grootte van die erf of standplaas. Hierdie gegewens verskyn in onderskeidelik tabelle 45, 46, 47, 48 en 49 en is telkens volgens die soort woning ingedeel.

TABEL 45

'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN BOUMATERIAAL GEBRUIK EN AFWERKING, INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING

Huidige woning is:	Soort woning					
	Ekonomies		Sub-ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Beter	46	54.1	79	45.1	125	48.1
Gelykwaardig	6	7.1	18	10.3	24	9.2
Swakker	33	38.8	78	44.6	111	42.7
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Nagenoeg die helfte van die Kleurlinge verklaar dat die wonings wat hulle tans bewoon, van beter materiaal vervaardig is en beter afgewerk is as die wonings wat hulle voorheen bewoon het (48.1%). Onderskeidelik 9.2 en 42.7 persent beskou hul huidige wonings in dié opsig as gelykwaardig met of swakker as die wonings wat hulle moes verlaat om na Eersterust te kom.

Die tabel toon dat 'n groter persentasie van die bewoners van ekonomiese wonings as van dié van sub-ekonomiese wonings hul huidige woning as beter vervaardig en beter afgewerk as hul vorige woning beskou.

TABEL 46

'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN ALGEMEENE VOORKOMS, INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING

Huidige woning is:	Soort woning					
	Ekonomies		Sub-ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Beter	52	61.2	129	73.7	181	69.6
Gelykwaardig	5	5.9	17	9.7	22	8.5
Swakker	28	32.9	29	16.6	57	21.9
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Onderskeidelik 69.6, 8.5 en 21.9 persent van die Kleurlinge verklaar dat hul huidige woning beter, ongeveer gelykwaardig, of swakker vertoon as die woning waarin hulle voor hul verskuiwing na Eersterust gewoon het.

Die feit dat betreklik veel meer van die sub-ekonomiese as van die ekonomiese groep hul huidige woning in hierdie opsig beter as hul vorige woning beskou (73.7 teenoor 61.2%), is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die meerderheid van diene in die sub-ekonomiese groep, voor hul verskuiwing na Eersterust, in bouvallige wonings, dikwels in agterplase, gewoon het.

TABEL 47

'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN DIE BESKIKBAARHEID VAN MODERNE FASILITEITE IN DIE WONING INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING

Huidige woning is:	Soort woning					
	Ekonomies		Sub-ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Beter	84	98.8	150	85.7	234	90.0
Gelykwaardig	1	1.2	8	4.6	9	3.5
Swakker	-	-	17	9.7	17	6.5
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Nege uit elke tien Kleurlinge wat ondervra is, verklaar dat hul huidige woning beter as hul vorige woning toegeerus is met moderne fasiliteite soos elektriese krag, water in die woning en riolering. Drie punt vyf persent verklaar dat hulle in hul vorige woning ook oor al hierdie fasiliteite beskik het en 6.5 persent (almal sub-ekonomiese gevalle in wie se wonings daar ten tye van die veldwerk nog nie elektriese krag aangebring was nie) verklaar dat hul huidige wonings in hierdie opsig swakker toegeerus is.

Relatief veel meer van die ekonomiese as van die sub-ekonomiese groep beskou hul huidige woning as beter toegeerus as hul vorige woning (98.8 teenoor 85.7%).

Vervolgens teon tabel 48 'n vergelyking van die huidige met die vorige woning ten opsigte van die beskikbare getal slaapvertrekke in die woning.

TABEL 48

'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN DIE BESKIKBARE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WONING, INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING

Huidige woning is:	Soort woning					
	Ekonomies		Sub-ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Beter	47	55.3	122	69.7	169	65.0
Gelykwaardig	25	29.4	31	17.7	56	21.5
Swakker	13	15.3	22	12.6	35	13.5
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Nagenoeg twee derdes van die Kleurlinge in die ondersoekgroep beskik in hul huidige woning oor meer slaapvertrekke as wat hulle in hul vorige woning gehad het (65.0%), terwyl 21.5 persent oor net soveel slaapvertrekke as voorheen beskik. Dertien punt vyf persent verklaar dat hulle tans oor minder slaapvertrekke as voorheen beskik.

In die voorgaande hoofstukke waarin die behuisingsomstandighede van die Kleurlinge in Eersterust as sodanig bespreek is, is aangetoon dat in die geval van sowel die ekonomiese as die sub-ekonomiese groep, die huisbewoners gemiddeld ten minste een verdere vertrek, wat as 'n slaapvertrek gebruik kan word, in hul woning benodig (tabelle 17 en 34). Wanneer hierdie gegewens met dié in die bostaande tabel in verband gebring word, is dit duidelik dat „sluntoestande" soos 'n onwenslike geslagsvermenging in, en 'n oorbewoning van slaapvertrekke veel meer voorgeken het in die wonings waarin die Kleurlinge voor hulle hervestiging in Eersterust woonagtig was as wat tans in Eersterust die geval is. Dit is verder ook duidelik dat sodanige sluntoestande in 'n meerder mate voorgeken het in die wonings wat deur die sub-ekonomiese groep bewoon was as in die waarin Kleurlinge, wat tans ekonomiese wonings bewoon, gewoon het.

Hierdie afdeling word afgesluit met 'n ontleding van 'n vergelyking tussen die huidige en die vorige woning ten opsigte van die grootte van die erf of standplaas. Die gegewens verskyn in tabel 49 en is weer eens volgens die soort woning ingedeel.

TABEL 49

'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE MET DIE VORIGE WONING TEN OPSIGTE VAN DIE GROOTTE VAN DIE ERF OF STANDPLAAS, INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING

Huidige woning is:	Soort woning					
	Ekonomies		Sub- ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Beter	41	48.2	93	53.1	134	51.5
Gelykwaardig	8	9.4	50	28.6	58	22.3
Swakker	36	42.4	32	18.3	68	26.2
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Nagenoeg die helfte van die Kleurlinge wie se behuisings-toestande ondersoek is, verklaar dat hulle tans oor groter woenerwe as in die verlede beskik. Twee-en-twintig punt drie persent se huidige woenerwe is omtrent net so groot as hul vorige woenerwe, terwyl 26.2 persent tans op kleiner woenerwe as voorheen woonagtig is.

Ietwat meer van die sub-ekonomiese as van die ekonomiese groep se huidige wonings is op groter grond opgerig as hul vorige wonings (onderskeidelik 53.1 en 48.2%), terwyl relatief veel meer van die laasgenoemde as van die eersgenoemde groep se huidige wonings op kleiner woenerwe as hul vorige wonings opgerig is.

Sommige van die ekonomiese wonings in Eersterust is gebou op woenerwe wat 4,000 vierkante voet groot is, en andere op woenerwe wat 5,000 vierkante voet beslaan. Die meerderheid van die sub-ekonomiese wonings staan op woenerwe wat 3,188 vierkante voet groot is, en die res op woenerwe wat 4,000 vierkante voet groot is.

Die indruk is tydens die veldwerk verkry dat die Kleurlinge hulle in werklikheid nie veel oor die grootte van die woenerwe bekommer nie. Nie een het byvoorbeeld gekla dat die huise te na aan mekaar is nie.

4. BESONDERE BESWARE TEN OPSIGTE VAN BEHUISING ONTVANG

Ter afsluiting van die onderhoud, het die ondersoeker die proefpersone gevra om aan te dui wat hul grootste enkele beswaar is teen die huisvesting wat hulle in Eersterust ontvang het. Hierdie vraag is aan alle proefpersone gestel, dus ook aan diegene wat in antwoord op vorige vrae aangedui het dat hulle net hul huisvesting ontvang het en aan diegene wat ver-

klaar het dat hul huidige woning, ten opsigte van al die voorgenoemde aspekte, beter is as die woning wat hulle net voor hul hervestiging in Eersterust bewoon het.

Tabel 50 toon die besondere besware van die Kleurlinge woonagtig in Eersterust. Die gegewens is volgens die soort woning ingedeel.

TABEL 50

BESONDERE KLAGTES MET BETREKKING TOT HUISVESTING IN EERSTERUST ONTVANG, INGEDEEL VOLGENS DIE SOORT WONING

Besondere klagtes	Soort woning					
	Ekonomies		Sub-ekonomies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Geen klagtes nie	41	48.2	27	15.5	68	26.2
Openinge tussen dak en mure en vloere en deure, vensters ondig	-	-	64	36.6	64	24.6
Omheining ontbreek	-	-	22	12.8	22	8.5
Huur te hoog	15	17.6	7	4.0	22	8.5
Swak afwerking	3	3.5	9	5.1	12	4.6
Openinge tussen dakplate, dak lek	-	-	12	6.9	12	4.6
Huis te klein	8	9.4	3	1.7	11	4.2
Mure bars	3	3.5	7	4.0	10	3.8
Water en ligte te duur	4	4.7	3	1.7	7	2.7
Sitkamer nie apart nie	7	8.2	-	-	7	2.7
Buitestoepe ontbreek	2	2.4	4	2.3	6	2.3
Klammigheid slaan deur mure en/of dak	-	-	6	3.4	6	2.3
Plafonne ontbreek	-	-	5	2.9	5	1.9
Geen binneure	-	-	3	1.7	3	1.2
Elektriese krag ontbreek	-	-	1	0.6	1	0.4
Bad ontbreek	-	-	1	0.6	1	0.4
Geute ontbreek	1	1.2	-	-	1	0.4
Trekkorig - deure in woonkamer reg oor mekaar	1	1.2	-	-	1	0.4
Fout met skoorsteen, huis word vol rook	-	-	1	0.6	1	0.4
TOTAAL	85	100.0	175	100.0	260	100.0

Dit blyk dat 26,2 persent van die Kleurlinge wie se behuisingstoestand ondersoek is, geen klagtes oor hul huisvesting in Eersterust het nie. Verder toon die tabel 'n hele aantal klagtes waarvan die oorgrote meerderheid verband hou met die afwerking van die wonings. Slegs 4,2 persent van die total groep, en onderskeidelik 9,4 en 1,7 persent van die ekonomiese en die sub-ekonomiese groepe, het as besondere klagte dat die wonings te klein is. In die lig van die gegewens in die voorgaande hoofstukke vervat, kom dié persentasies as besonder gering voor.

Nagenoeg die helfte van diegene wat ekonomiese wonings bewoon, het nie enige klagtes oor hul behuising nie (48.2%). Klagtes oor 'n te hoë huurgeld (17.6%), dat die huis te klein is (9.4%), dat die sitkamer nie apart van die kombuis is nie (8.2%) en dat die water en ligte te duur is (4.7%), kom relatief die meeste voor onder die bewoners van ekonomiese wonings.

'n Veel geringer persentasie van die bewoners van sub-ekonomiese wonings het geen klagtes oor hul huisvesting nie (15.5%). Bykans twee vyfdes van diegene wat sub-ekonomiese wonings bewoon, het as vernaamste klagte die feit dat die openinge tussen die mure en die dak (die wonings het geen plafonne nie en gevolglik waai die wind direk in die huis tussen die mure en die dak, wat uit geriffelde asbesplate bestaan), die openinge tussen die vloere en die deure en die vensters wat nie dig is nie, meebring dat die wonings baie koud is. Ondersoeker het gevind dat verskeie Kleurlinge die openinge tussen die mure en die dak met koerantpapier toegestop het. Hulle kla egter nog steeds dat die wind so deur hierdie openinge waai dat 'n kers nie in die huis wil bly brand nie.

'n Verdere belangrike klagte wat deur bewoners van sub-ekonomiese wonings genoem is, is dat die wonings nie omhein is nie (12.8%). Sedert die veldonderzoek is daar egter, na van die woonbuurtowerhede verneem word, 'n aanvang met die omheining van die sub-ekonomiese wonings gemaak en gevolglik sal hierdie beswaar binnekort heeltemal wegval.

Ten slotte word daar gewys op die besondere klagte van 6.9 persent van die bewoners van sub-ekonomiese wonings, naamlik dat daar openinge tussen die dakplate is en dat die dak gevolglik lek. Ondersoeker kan bevestig dat hierdie klagte gegronde is, want in sommige van hierdie wonings is dit moontlik om tussen die dakplate deur die blou lug te sien.

Daar is reeds daarop gewys dat die oorgrote meerderheid van die besondere klagtes aangaande die wonings verband hou met die wyse waarop die wonings afgewerk is. Hierdie verskynsel dui nie slegs daarop dat die Kleurlinge goed afgewerkte en toegeruste wonings verkies nie, maar weerspieël ook die feit dat die wonings in Eersterust, en veral die sub-ekonomiese wonings, wat hul afwerking betref, sodanig is dat dit 'n betreklik algemene gevoel van ontevredenheid ten opsigte van die behuising wat deur die Staat voorsien word, tot gevolg het.

HOOFSTUK VII

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

In die voorgaande hoofstukke is die bevindings aange-
toon van 'n ondersoek na, eerstens, behuisingsvoorsiening
aan Kleurlinge deur die Staat, tweedens die behuisingsom-
standighede van 'n groep Kleurlinge aan wie van owerheids-
weë huisvesting voorsien is en, derdens, die houding wat
hierdie Kleurlinge openbaar ten opsigte van die behuising
wat tot hulle beskikking gestel is.

Vervolgens word in hierdie laaste hoofstuk eerstens
die bevindinge van die ondersoek saamgevat en, tweedens,
op grond van dié bevindinge, tot enkele gevolgtrekkings
aangaande behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge, geraak.

1. SAMEVATTING

Ondersoek is gedoen na die behuisingsomstandighede
van 1,711 Kleurlinge wat in 260 wonings in die Kleurling-
woonbuurt, Eersterust, Pretoria woonagtig is. Hierdie Kleur-
linge, waarvan onderskeidelik 627 (36.6%) en 1,084 (63.4%)
ekonomiese en sub-ekonomiese wonings in die betrokke woon-
buurt bewoon, wyk nie ten opsigte van sekere van hul ken-
merke opsigtelik van die Kleurlingbevolking (in 1960) in
Pretoria af nie. Gevolglik kan aanvaar word dat die Kleur-
linge betrokke by hierdie ondersoek 'n verteenwoordigende
steekproef is van, eerstens, die Pretoriase Kleurlinge en,
tweedens, die Kleurlinge woonagtig in Eersterust, wat almal
vanuit ander woonbuurtes in Pretoria afkomstig is. Die
wyse waarop die lede van die ondersoekgroep hul wonings be-
woon en die houding wat hulle ten opsigte van hul huisvesting
openbaar, kan dus ook beskou word as verteenwoordigend van
onderskeidelik die wyse waarop Kleurlinge in Eersterust hul
woningen in die algemeen bewoon en die algemene houding wat
in die betrokke woonbuurt ten opsigte van behuising heers.

Die gegewens wat in die voorgaande hoofstukke vervat
is, is versamel tydens onderhoude met eerstens, die woon-
buurtowerhede, tweedens, persone wat goed bekend is met die
ontstaan en ontwikkeling van Eersterust, derdens, vooraan-
staande Kleurlinge woonagtig in Eersterust en vierdens, die
bewoners van nagenoeg een derde van die wonings wat in
Eersterust opgerig is. Vraelyste is voltooi en die gegewens

wat in die tabelle vervat is, is verkry deur die proefpersone se antwoorde op die onderskeie vrae met mekaar in verband te bring. Verder is, waar aangetoon, sekere van die gegewens uit bestaande literatuur verkry.

In die tweede hoofstuk is gelet op die bevindinge en uitsprake van ondersoekers en deskundiges met betrekking tot die behuisingsposisie van die Kleurlingbevolking. Aandag is geskenk aan behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge deur die Staat, asook aan probleme waarvoor daar te staan gekom word in die formulering en implementering van 'n behuisingsbeleid ten aansien van die Kleurlingbevolking.

Die uitsprake en bevindinge met betrekking tot die behuisingsposisie van die Kleurlingbevolking toon dat, nieteenstaande die feit dat binne die bestek van sowat 15 jaar nagenoeg 40,000 wonings deur die Staat vir die Kleurlingbevolking opgerig is, daar nog 'n tekort bestaan van ten minste 45,000 wonings vir die lede van dié bevolkingsgroep. Hierdie geweldige agterstand, wat meebring dat 'n groot persentasie van die Kleurlingbevolking hulle in ongunstige behuisingstoestande bevind, hou verband met die ekonomiese posisie van die betrokke bevolkingsgroep, asook met hul hoë gemiddelde gesinsyfer. Die laasgenoemde gee op sy beurt weer, in sameshang met die swak behuisings- en ekonomiese posisie, aanleiding tot die betreklik algemene voorkoms van vele maatskaplike probleme onder die Kleurlingbevolking.

Wat betref die voorsiening van behuising aan Kleurlinge deur die Staat as sodanig, is veral aandag geskenk aan twee skemas ingevolge waarvan Kleurlinge huisvesting kan bekom, naamlik die ekonomiese en die sub-ekonomiese skemas. Hierdie skemas bring huisvesting binne die bereik van 'n groot deel van die Kleurlingbevolking.

Die belangrikste van die probleme waarvoor daar in die formulering en implementering van 'n behuisingsbeleid ten opsigte van die Kleurlingbevolking te staan gekom word, staan in 'n direkte verband met die bevolkingsgroep se ekonomiese posisie en hul hoë gemiddelde gesinsyfer. Die probleem is die noodwendige keuse tussen twee ewels, naamlik of die voorsiening van klein wonings wat die Kleurlinge kan bekostig, maar wat vanweë die hoë gemiddelde gesinsyfer 'n oorvolheid van die wonings in die hand werk, of die voorsiening van die grootte wonings wat die Kleurlinge met hul hoë gemiddelde gesinsyfer benodig, maar vanweë hul ekonomiese posisie nie kan bekostig nie.

Die ontstaan en ontwikkeling van Eersterust as Kleurlingwoonbuurt, asook die behuising wat in dié woonbuurt tot die beskikking van Kleurlinge gestel word en die wyse waarop en voorwaardes waaronder hulle in die betrokke woonbuurt huisvesting kan bekom, is in die derde hoofstuk bespreek. Eersterust het ontwikkel vanaf 'n onbeplande woonbuurt wat deur hoofsaaklik Bantoes bewoon was en waarin toestande voorgekom het wat, volgens deskundiges, 'n gevaar vir die openbare gesondheid ingehou het. Tans is Eersterust 'n goed beplande woonbuurt wat deur uitsluitlik lede van die Kleurlingbevolking bewoon word. Die woonbuurt staan onder die direkte beheer van die Pretoriase Stadsraad en die uitbreidingsplanne van dié plaaslike owerheid toon dat, sover moontlik alles in die werk gestel sal word om 'n gelukkige en tevrede gemeenskap aldaar te vestig.

In Junie 1966, toe die veldondersoek gedoen is, was daar reeds 774 wonings in Eersterust waarvan onderskeidelik 250 en 524 ekonomiese en sub-ekonomiese wonings is. Daar was twee laerskole in die woonbuurt, asook 'n aantal besigheidspersone, 'n biblioteek en 'n sport- en ontspanningsterrein. Voorsiening word ook gemaak vir 'n derde laerskool en 'n hoërskool. 'n Ouetehuis is in aanbou en gesondheidsdienste word aan die inwoners van Eersterust gelewer.

Hoofstukke IV en V toon 'n ontleding van die behuisings-toestande van die bewoners van onderskeidelik die ekonomiese en die sub-ekonomiese wonings wat ondersoek is. Die ekonomiese wonings huisves gemiddeld 7,4 persone elk en in die sub-ekonomiese wonings is daar gemiddeld 6,2 persone per woning. Geoordeel aan 'n minimum standaard van 'n maksimum toelaatbare getal van 2,5 persone per woonvertrek, is die woonvertreke en slaapvertreke (wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek ook as woonvertreke ingedeel is) van onderskeidelik 38,7 en 70,5 persent van die ekonomiese wonings oorvol. In die geval van die sub-ekonomiese wonings kom die ooreenstemmende persentasies op onderskeidelik 26,8 en 70,9 te staan.

In die geval van onderskeidelik 75,4 en 50,8 persent van die ekonomiese en die sub-ekonomiese wonings is gevind dat die getal vertreke wat met die aanbou van dié wonings as slaapvertreke bedoel is, voldoende is om die huisbewoners, in ooreenstemming met die vereistes in die kriteria wat op wetlike voorskrifte gegrond is, te huisves. 'n Ontleding van die wyse waarop die wonings bewoon word, toon dat, hoewel dit wil voorkom asof die ekonomiese wonings in dié opsig 'n gunstiger beeld as die sub-ekonomiese wonings vertoon, dit in

werklikheid nie die geval is nie. Die rede hiervoor is die feit dat vanweë 'n baie sterk begeerte om 'n aparte vertrek te hê waarin hulle hul gaste kan ontvang (in die ekonomiese wonings vorm die kombuis en die woonkamer een vertrek), die bewoners van ekonomiese wonings in minder as twee uit elke vyf betrokke ekonomiese wonings al drie die vertreke wat in dié wonings as slaapvertreke bedoel is, as slaapvertreke gebruik. Dit is duidelik dat die bewoners van dié wonings bereid is om, ten einde 'n vertrek as sitkamer te kan afsonder, die ongerief van oorvol slaapvertreke te verduur.

In die geval van sowel die ekonomiese as sub-ekonomiese wonings is gevind dat „slumtoestande" in so 'n mate in die slaapvertreke voorkom dat daar gemiddeld in elkeen van die wonings wat ondersoek is, benewens die vertreke waarin tans geslaap word, een verdere vertrek benodig word wat as 'n slaapvertrek gebruik kan word. Die 627 Kleurlinge woonagtig in die 85 betrokke ekonomiese wonings, slaap in 'n totaal van 204 vertreke, beskik oor 255 vertreke wat as slaapvertreke gebruik kan word, en benodig ten minste 289 slaapvertreke, terwyl die 1,084 Kleurlinge wat in die 175 betrokke sub-ekonomiese wonings woon, in 363 vertreke slaap, hoewel in hul wonings in totaal slegs 350 slaapvertreke voorsien is, en ten minste 524 slaapvertreke benodig.

Twee-en-sestig punt sewe persent van die 204 vertreke wat in die ekonomiese wonings as slaapvertreke gebruik word, word op so 'n wyse bewoon dat aan die vereistes in die kriteria voldoen word. Dié slaapvertreke is as gunstig ingedeel, terwyl in onderskeidelik 8.8, 17.6 en 10.8 persent van dié 204 slaapvertreke slegs 'n onwenslike geslagsvermenging, slegs 'n oorbewoning, of sowel 'n onwenslike geslagsvermenging in as 'n oorbewoning van die slaapvertrek voorkom. In die geval van die 363 slaapvertreke in die sub-ekonomiese wonings is 59.2 persent as gunstig ingedeel, kom in 14.6 persent slegs 'n onwenslike geslagsvermenging voor, in 12.6 persent slegs 'n oorbewoning en in 13.5 persent sowel 'n onwenslike geslagsvermenging as 'n oorbewoning.

Dit het ook uit die ondersoek geblyk dat dit die bewoners van 'n aansienlike persentasie van sowel die ekonomiese as die sub-ekonomiese wonings in hul slaapvertreke ontbreek aan die hoeveelheid vloeroppervlakte en lugvolume wat hulle volgens Slumswetvoorskrifte in hul slaapvertreke benodig.

Die ontleding in Hoofstuk VI van die houding wat die Kleurlinge ten opsigte van hul behuising openbaar, toon dat 35.0 persent van die totale getal Kleurlinge wat in die onder-

sock betrek is, en onderskeidelik 47.1 en 29.1 persent van diegene woonagtig in ekonomiese en in sub-ekonomiese wonings, aanvanklik nie met die huisvesting wat in Eersterust aan hulle voorsien is, tevrede was nie. Tans is slegs 12.3 persent van die totale groep, en onderskeidelik 11.8 en 12.6 persent van die bewoners van ekonomiese en sub-ekonomiese wonings, nie met hul behuising in Eersterust tevrede nie. 'n Ontleding van die proefpersone se aanvanklike houding ten opsigte van hul behuising, volgens hul huidige houding in dié verband, toon dat 27.2 persent van diegene wat tans met hul huisvesting tevrede is, aanvanklik nie daarmee tevrede was nie. Die oorgrote meerderheid van diegene wat op die huidige met hul behuising ontevrede is, was met hul aankoms in Eersterust ook nie met hul huisvesting in dié woonbuurt tevrede nie.

Die ondersoek toon voorts dat die aanvanklike voorveronderstelling dat daar 'n verband sal wees tussen die feit of die proefpersone vrywillig na Eersterust gegaan het of aangese is om daarheen te trek, en hul houding ten opsigte van hul behuising in die woonbuurt, korrek blyk te wees. So ook die hipotese dat die proefpersoon se behuisingstoestand as sodanig, met ander woorde die oorvolheid van sy woning (en daaruit voortvloeiende verskynsels soos 'n onwenslike geslagsvermenging in en 'n oorbewoning van slaapvertrekke) al dan nie, sy houding ten opsigte van sy behuising sal bepaal.

'n Belangrike bevinding is die feit dat soveel as 89.2 persent van die Kleurlinge meer tevrede met hul behuising in Eersterust sou gewees het as wat hulle tans is indien hul woning nie wat uitleg en voorkoms betref, identies met dié van hul bure was nie.

Agt-en-veertig punt een persent van die Kleurlinge wat in die ondersoek betrek is, beskou hul woning in Eersterust as van 'n beter materiaal vervaardig en beter afgewerk as die woning wat hulle net voor hul verskuiwing na Eersterust bewoon het. Onderskeidelik 69.6, 90.0, 65.0 en 51.5 persent het verklaar dat hul woning in Eersterust beter as hul vorige woning is ten opsigte van die algemene voorkoms van die woning, die beskikbaarheid van moderne fasiliteite in die woning, die beskikbare getal slaapvertrekke in die woning, en die grootte van die erf of standplaas. Hierteenoor het onderskeidelik 42.7, 21.9, 6.5, 13.5 en 26.2 persent verklaar dat hul woning in Eersterust ongunstig met hul vorige woning vergelyk ten op-

sigte van die materiaal waarvan dit vervaardig is en afwerking daarvan, die algemene voorkoms van die woning, die beskikbaarheid van moderne fasiliteite in die woning, die getal slaapvertrekke in die woning en die grootte van die erf of standplaas.

Die proefpersone is versoek om, ongeag of hulle met hul behuising tevrede is, al dan nie, hul grootste enkele beswaar met betrekking tot die behuising wat in Eersterust aan hulle voorsien is, te vermeld. Dit het geblyk dat 26.2 persent van die totale groep Kleurlinge wat ondervra is, en onderskeidelik 48.2 en 15.5 persent van die bewoners van ekonomiese en sub-ekonomiese wonings in die ondersoekgroep, glad nie enige klagtes of besware ten opsigte van hul behuising het nie. Drie-en-sewentig punt agt persent het wel die een of die ander klagte. Dit blyk dat dié klagtes in hoofsaak in verband staan met die afwerking van die wonings. Hierdie verskynsel verklaar waarom soveel meer van die bewoners van sub-ekonomiese wonings as van dié van ekonomiese wonings (84.5 teenoor 51.2%), klagtes in verband met hul behuising gehad het — die sub-ekonomiese wonings is veel swakker afgewerk as die ekonomiese wonings.

2. GEVOLGTREKKING

Die onderhawige ondersoek is onderneem om, onder andere, behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge deur die Staat te ondersoek. Voorts het die ondersoeker hom dit ten doel gestel om te bepaal of daar nie 'n moontlikheid bestaan dat daar in die huisvesting wat aan die Kleurlinge voorsien word, en in die wyse waarop dié behuisingsvoorsiening geskied, opvallende leentes bestaan wat sodanig is dat dit tot 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid aanleiding kan gee nie. Ondersoek is gedoen na die behuisingsomstandighede van 'n groep Kleurlinge woonagtig in Eersterust, Pretoria.

Hierdie „negatiewe" benadering vloei daaruit voort dat die ondersoeker 'n ondersoek gedoen het na die behuisingsomstandighede van 'n groep Kleurlinge wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede in die betrokke woonbuurt hervestig is, en veral daaruit dat die hervestiging van Nie-Blankes in die Republiek dikwels nie sonder teenstryding deur diegene wat deur dié wet geraak word, geskied nie. Die ondersoeker het verwag dat, indien die betrokke Kleurlinge teen hul sin in die betrokke woonbuurt gehuisves is, hul teensin teen hul hervestiging ook uit hul houding ten opsigte van die huisvesting wat aan hulle voorsien is, sou blyk. Dié verwagting het dan ook korrek geblyk te wees.

Alvorens daar oorgegaan kan word tot die gevolgtrekkings waartoe die ondersoeker geraak het, dien dit vermeld te word dat die gegewens wat in die voorgaande hoofstukke oor behuisingstoestande as sodanig, en oor die houding ten opsigte van die behuisingstoestande aangebied is, slegs vir 'n enkele woonbuurt, naamlik Eersterust geld. Daar kan dus nie veralgemeen word en verklaar word dat, veral die houding ten opsigte van die behuising wat voorsien word, vir die Kleurlingbevolking as geheel geld nie. Die ondersoek was in sy omvang te beperk vir sodanige veralgemenings en die Kleurlinge wat in die ondersoek betrek is, kan slegs as 'n verteenwoordigende steekproef beskou word van Kleurlinge wat in Pretoria, en in die besonder, in Eersterust woon.

Wat betref behuisingsvoorsiening deur die Staat aan die Kleurlingbevolking, het die ondersoek getoon dat daar veral in die jare na 1948 veel van owerheidsweë gedoen is om die Kleurlingbevolking van huisvesting te voorsien. Groot bedrag geld is deur die Staat aan Kleurlingbehuising bestee en talle wonings is vir lede van dié bevolkingsgroep opgerig. Desnieteenstaande is daar nog baie Kleurlinge wat 'n behoefte aan huisvesting het. In 1962 was daar 'n onmiddellike behoefte van ten minste 45,000 verdere woon-eenhede vir die betrokke bevolkingsgroep en wanneer die snelle aanwas van dié bevolkingsgroep in ag geneem word, blyk dit duidelik dat alleenlik skouspelagtige vordering met behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge die agterstand wat daar nog bestaan, sal kan uitwis. Die Kleurlingbevolking van die Republiek sal na raming in die jaar 2,000, dit wil se binne die bestek van 'n verdere 34 jaar, sowat 5,831,000 mense tel (14, bl. A-13). Dié syfer toon duidelik watter taak ten opsigte van behuisingsvoorsiening aan Kleurlinge vir die owerheid wag. Dit kan geensins verwag word dat die Kleurlingbevolking binne die afsienbare toekoms op sosio-ekonomiese gebied sodanig opgehef sal wees dat ten minste nie 'n aansienlike persentasie van dié bevolkingsgroep nie vir hul huisvesting op hulp van die landswerheid aangewese sal wees nie.

Die ontleding van die behuisingstoestande van die groep Kleurlinge wat in Eersterust in die ondersoek betrek is, toon duidelik dat die behuising wat in hierdie woonbuurt aan die Kleurlinge voorsien word, beslis nie in ooreenstemming is met behuisingsvoorskrifte en -vereistes wat dieselfde owerheid as dié wat die behuising aan die Kleurlinge voorsien, in sy wetgewing vervat het nie. Behuisingstoestande wat as „sluimtoestande" beskryf kan word, kon algemeen voor. Die

ondersoek het duidelik getoon dat in Eersterust toegelaat word dat omstandighede ontwikkel wat (omdat die fisiese omgewing waarin mense hulle bevind definitiewe maatskaplike implikasies het) tot 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid van die bewoners van die betrokke woonbuurt aanleiding kan gee.

Dit het uit die voorgaande hoofstukke geblyk dat die voorkoms van hierdie sluntoestande in hoofsaak te wyte is daaraan dat die gemiddelde gesinsyfer van die Kleurlingbevolking so hoog is. Die hoë gemiddelde gesinsyfer werk noodwendig 'n oorvolheid van die wonings wat die Kleurlinge vanweë hul ekonomiese posisie kan bekostig, in die hand. Die hoë gemiddelde gesinsyfer en die algemene ekonomiese posisie van die Kleurlingbevolking is albei algemeen bekende feite. Juis omdat dié twee feite so algemeen bekend is, ontstaan die vraag of die owerheid wat die behuising aan die Kleurlinge voorsien, in hierdie geval die Pretoriase Stadsraad in die besonder, nie deels daarvoor verantwoordelik is dat ongewenste sluntoestande in 'n nuutontwikkelde woonbuurt vir Kleurlinge voorkom nie.

Sover aan die ondersoeker bekend, is daar nie voordat daar met die aanbou van wonings in Eersterust begin is, 'n omvattende opname onder die Kleurlinge van Pretoria gedoen om byvoorbeeld hul gemiddelde gesinsgrootte en hul behuisingsbehoefte te bepaal nie. 'n Dergelike opname was beslis nie onmoontlik nie en kon maklik gedoen gewees het, eerstens, aan die hand van dieselfde wetlike voorskrifte in gevolge waarvan behuisingstoestande tydens die onderhawige ondersoek beoordeel is en, tweedens, indien die nodige opgeleide personeel ontbreek het, met die hulp van Sosiologie-studente van die Universiteit van Pretoria.

Dit word geredelik toegegee dat die Pretoriase Stadsraad 'n plaaslike owerheid met slegs beperkte magte is, wat vir die geld waarmee behuisingskemas aangepak word van owerhede met meer magte afhanklik is, en in dié verband ook onder beheer van hierdie owerhede staan. Indien die Pretoriase Stadsraad egter op grond van die bevindinge van 'n wetenskaplike ondersoek sou kon aantoon dat die Kleurlinge van dié stad in 'n woonbuurt wat volgens standaardbouplanne opgerig staan te word, ingevolge wetlike voorskrifte van die landsowerheid onbevredigend gehuisves sou wees, kan tog sekerlik verwag word dat byvoorbeeld die Departement van Gemeenskapsbou, wat verklaar dat met Kleurlingbehuising

op slumopruinings en die algemene opheffing van die Kleurlingbevolking gekonsentreer word (16, bl. 3), nie sou wou toelaat dat 'n nuwe woonbuurt waarin slumtoestande sou voorkom, ontstaan nie en beslis van die bevindinge van 'n sodanige ondersoek kennis sou neem.

Die hervestiging van mense in nuwe woonbuurtes, en daarmee ook die voorsiening van huisvesting aan dié mense, kan nie sonder grondige voorafgaande navorsing op 'n gesonde basis geskied nie en na die mening van die ondersoeker kan in hierdie verband net vrag gebruik gemaak word van universiteitstudente in die Sosiologie. Ondersoeker is daarvan oortuig dat die universiteite die geleentheid om studente op dié wyse praktiese ervaring van sosiologiese navorsing te laat opdoen, sal verwelkom. Sodanige navorsingsprojekte behoort die plaaslike owerhede wat hervestigings- en behuisingsskemas wil aandurf, dus nie te veel te kos nie.

Wat betref die moontlikheid van 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid van die Kleurlinge vanweë die voorkoms van slumtoestande in die woonbuurt, is dit uit die ondersoek duidelik dat in die geval van die Kleurlinge in Eersterust, dié toestande skynbaar nie op die huidige tot 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid sal lei nie. Hierdie afleiding word daarop gegrond dat slegs 4.2 persent van die proefpersone aangedui het dat die huise wat voorsien word, te klein is en dus aanleiding gee tot toestande soos 'n onwenslike geslagsvermenging in en 'n oorbewoning van slaapvertrekke. Tans konsentreer die Kleurlinge in hul kritiek op die behuising wat aan hulle voorsien word, nog op klagtes oor die fisiese afwerking van die wonings, maar dit kan verwag word dat namate hulle ontwikkel, hulle ook bewus sal raak van die nadele wat oorvol wonings inhou. Hoewel dit nie tans die geval is nie, is dit dus heeltemal moontlik dat die voorkoms van slumtoestande in hul woonbuurt later mag lei tot 'n versteuring in die maatskaplike ordelikheid van Eersterust se Kleurlinge.

BRONNELYS

- A. Gepubliseerde werke en proefskrifte
1. Calderwood, D.M. : Native Housing in South Africa, Doktorale proefskrif in die Arhitektuur, Universiteit van die Witwatersrand, 1953.
 2. Cilliers, S.P. : The Coloureds of South Africa : A Factual Survey, Banier Publishers (Pty.) Ltd., Cape Town, 1963.
 3. Cilliers, S.P. en Joubert, D.D. : Sosiologie : 'n Sistematiese Inleiding, Kosmo-Uitgewery Edms. Bpk., Stellenbosch, 1966.
 4. Du Plessis, I.D. : "Die Kleurling in die Raamwerk van ons Rasseverhoudings", Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 8, No. 3, April 1957.
 5. Du Plessis, I.D. : The Coloured People of South Africa : Some Aspects of the Present Position, Referate Gelewer op die Sosde Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede, Van Schaickse Boekhandel, Pretoria, 1955.
 6. Jooste C.J. : "Die Maatskaplike en Ekonomiese Posisie van die Kleurlinge en die Indiërs", Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol 13, No. 2, Januarie 1962.
 7. Steenkamp, W.L. : Sosio-Ekonomiese Agtergrond as Faktor by die Skolastiese-vertraging van die Plattelandse Kleurling, Ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1961.
 8. Steyn, Anna F. : Die Rolle van die Man en die Vrou in die Kaapse Kleurling-gesin, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1961.
 9. Theron, E. en Swart, M.J. : Die Kleurlingebevolking van Suid-Afrika, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, Stellenbosch/Grahamstad, 1964.
 10. Venter H.J. : Ontspoorde Jeugdige, N.G. Kerkuitgewers, Pretoria/Kaapstad, 1960
 11. Yeld, R.W.A. : "Housing", Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol. 14, No. 3, Junie 1963.

B. Aanptelike publikasies

 1 Sentraal

12. Buro vir Sensus en Statistiek : Bevolkingsensus 1960: Steekproef-tabellasië, No. 2: Nywerheidsafdelings, Ouderdomsgroepe, Huistale - Kleurlinge en Asiats, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1962.
13. Buro vir Sensus en Statistiek : Uniestatistieke oor Vyftig Jaar 1910-1960: Jubileumuitgawe, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1960-1961.
14. Buro vir Statistiek : Statistiese Jaarboek: 1965, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1965.
15. Departement van Gemeenskapsbou : Behuisingskode, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1964.
16. Departement van Gemeenskapsbou : My huis, my trots, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1966.
17. Departement van Inligting namens Departement van Kleurlingsake : "Leuse vir Eersterust se Kinders" Alpha, Vol. 1V, No. 8, Augustus 1966.
18. Unie van Suid-Afrika : Architectural Research, National Building Research Institute, Exhibition 1960, C.S.I.R., Cape Times Ltd., Johannesburg, 1960.
19. Unie van Suid-Afrika : Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 30 van 1960, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1960-1961.
20. Unie van Suid-Afrika : Verslag van die Komitee van Ondersoek in sake die Administrasie van Gebiede wat Verstedelik word maar wat nog nie onder die Beheer van Plaaslike Bestuur staan nie - 1938-1939, U.G. 8/1940 Die Staatsdrukker, Pretoria, 1939.
21. Unie van Suid-Afrika : Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie - 1937, U.G. 54/1937, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1938.
22. Unie van Suid-Afrika : Wette van die Unie van Suid-Afrika 1934, Die Staatsdrukker, Kaapstad, 1935.
23. Unie van Suid-Afrika : Debatte van die Volksraad, Doel 107 vir die tydperk 13/3/1961 tot 28/4/1961, Cape Times Ltd., Kaapstad vir die Staatsdrukker, Kaapstad, 1961.

24. Watts, H.L. : Survey of the Housing Requirements of Coloureds in Towns of the Western Cape Province, S.A., C.S.I.R., January 1962.
25. Webb, T.L. en Richards, S.J. : Data on Housing Conditions in South Africa, National Building Research Institute, S.A., C.S.I.R., Pretoria 1961.

11 Provinsiaal

26. Provinsiale Administrasie Transvaal : Provinsiale Koerant vir die Provinsie Transvaal, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, 25 September 1963.